

**DIE VROU SE SEKSUELE
DISFUNKSIE IN DIE HUWELIK AS
UITVLOEISEL VAN VROEËRE
SEKSUELE MOLESTERING**

‘n Pastorale studie

Monnette Fourie

BA (MBK), NHOD, HONS (Teologie)

Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike verwerwing van die

M.A. graad in Pastoraal

(Fakulteit Teologie)

aan die

Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Studieleier: Prof. Dr. W. C. Coetzer

Potchefstroom

Mei 2005

BEDANKINGS

Dit is met dankbaarheid en diepe nederigheid aan die Almagtige God dat ek die studie kon aanpak en voltooi. Aan Hom kom toe al die eer en lof.

My innige dank aan my man Christo vir sy volgehoue emosionele en finansiële ondersteuning asook hulp en wysheid in die taal en tegniese versorging. Ook dat hy ingestaan het as enkelouer as die studie te veel tyd in beslag geneem het, om daar te wees vir my gesin. Dank gaan ook aan my twee seuns Jaco en Ivan wat dikwels teruggestaan het vir die studie. Ek is jammer oor die kosbare tyd wat ons verloor het.

Dank aan my vriendin Carlien, en haar man Andre Voster, wat dikwels gehelp het met die taalversorging. Dankie vir al die voorbidding en instaan by die gesin as die studie al my tyd opgeëis het.

Dankie aan my studieleier, Prof. Wentzel Coetzer wat my met deernis en baie geduld gelei het met die skrywe van die verhandeling. Dankie vir sy toewyding en vinnige terugvoer met die deurwerk van die verhandeling.

Dankie aan die respondente in die verhandeling wat my toestemming gegee het om te deel in hulle wêreld van moed en vegkuns, soos ek selde nog ervaar het. Dankie vir julle tyd en die eerlike antwoorde op die intieme vrae van die vraelyste.

Dankie vir die personeel van die twee biblioteke, Ferdinand Postma en Jan Lion Cachet, vir hulle vriendelike hulp. In die besonder, dank aan mev. Gerda van Rooyen en mev. Malie Smit vir hulle vriendelikheid en hulp.

OPSOMMING

Seksuele geweld is aan die orde van die dag in Suid-Afrika. Bloot die stygende statistieke ten opsigte van die verkragting van kinders en babas is reeds 'n pertinente aanduiding van die geweldige behoefte aan toerus en begeleiding en uiteindelik ook voorkoming op hierdie gebied. Die voorkoms van seksuele disfunksie by vroue wat as kind gemolesteer is, is dan ook baie hoog, en binne die huwelik word 'n hoë tol dikwels geëis.

Die navorsingsvraag wat in hierdie studie aan die orde was, is die volgende: Watter pastorale riglyne kan gebied word om die gemolesteerde vrou wat probleme met die seksuele aanpassing in die huwelik ondervind, te begelei tot 'n normale seksuele huwelikslewe? Om hierdie vraag te kan beantwoord, is die volgende werkswyse gevolg:

In Hoofstuk 2 is basis-teoretiese beginsels ten opsigte van die begrippe van die beeld van die gemolesteerde, die plan van God met betrekking tot seksualiteit asook die beeld van die liggaam ondersoek. Eksegese van 'n aantal toepaslike Skrifgedeeltes is gedoen en toepaslike Bybelse beginsels is geïdentifiseer.

In Hoofstuk 3 handel oor 'n aantal waardevolle bydraes deur sommige van die hulpwetenskappe met betrekking tot die tema van hierdie studie. 'n Geskiedkundige oorsig van die wyse waarop die kerk in die verlede die gemolesteerde vrou hanteer het, het waardevolle insigte meegebring. Verder is gefokus op die emosionele en fisieke kenmerke van die sogenaamde verkrachtingsindroom, tipiese verdedigingsmeganismes en reaksies van die gemolesteerde persoon aggressie, selfbeeld en liggaamsbeeld van die gemolesteerde.

In Hoofstuk 4 is 'n empiriese ondersoek met 'n aantal respondente gedoen aan die hand van 'n uitgebreide vraelys en onderhoude. Die inhoud van die vrae was veral toegespits op die rol van die kerk, wanneer molestering plaasgevind het, herinneringe/geheuehiate (geheuegapings) ten opsigte van die molestering, funksionering binne die huwelik, seksuele probleme, plekke waar om hulp aangeklop is en ontvang is en ook die persoon se belewenis van God. Uit die respondente se reaksie het onder andere geblyk dat die kerk in die algemeen veel meer kan doen

ten opsigte van die pastorale begeleiding van die gemolesteerde dogter/vrou.

As resultaat van die voorafgaande hoofstukke kon in Hoofstuk 5 uiteindelik sekere praktykteoretiese riglyne geformuleer word waarvolgens pastorale berading die gemolesteerde vrou gedoen kan word vir. Hierdie riglyne kan van waarde wees in die begeleiding van die spesifieke individu sowel as met betrekking tot die huweliks-paar wat betrokke is. In hierdie verband word besondere klem gelê op aspekte soos skuldgevoelens, vergifnis, die heelwordproses asook die kragtige rol wat gebed kan speel as deel van die terapeutiese proses. Innerlike genesing van emosies en herinneringe het ook geblyk volkome noodsaaklik te wees vir so 'n persoon om uiteindelik seksueel gesond en normaal binne haar huweliksituasie te kan funksioneer.

Sleutelterme

Trauma

Molestering

Verkragting

Seksualiteit

ABSTRACT

Sexual violence is an unfortunate everyday occurrence in South Africa. The rising statistics in relation to the rape of children and infants is a strong indication of the desperate need for the counseling mechanisms, counseling and ultimately the prevention in this field. The occurrence of sexual dysfunction in women that were molested as children is as a result very high and within marriages there is often a very high price to be paid.

The research question that was applicable in this study is the following: What pastoral guidelines can be offered for the guidance of the molested woman, that is experiencing problems with sexual adjustment within her marriage, to guide her towards a normal sexual relationship within the marriage. The following research procedures were followed in order to answer this question:

Chapter 2 investigates the basic concepts of the self esteem of the molested as well as God's plan concerning sexuality and body image. Excerpts of a number of relevant Scriptures were made and the appropriate principles identified.

Chapter 3 covers a number of valuable contributions made by some of the supportive sciences in this field of study. A historical overview of the manner in which the church handles the molested woman gives valuable insight. There is a focus placed upon the emotional and physical characteristics of the so-called rape syndrome, typical defence mechanisms and reactions of the victim, aggression, self esteem as well as the body image of the molested person. An in depth look is taken at the emotional and physical characteristics of the so-called rape syndrome, covering issues such as aggression.

Chapter 4 is an empirical investigation based on an extensive questionnaire and interviews with a number of respondents. The content of the questions was particularly concentrated on the role of the church, when the molestation took place, memories and/or memory lapses regarding the molestation, functioning within the marriage, sexual dysfunction, where help was sought and found as well as the person's experience of God. From the responses it was deduced that there is much room for improvement in the counselling that the Church offers to the molested

woman or child.

From the information in the preceding chapters certain practice theoretical guidelines, which can be applied when counselling the molested woman or child, could be formulated in **Chapter 5**. These guidelines can be very useful when counselling the individual as well as when counselling a married couple. In this regard much emphasis is placed on aspects such as guilt, forgiveness, the healing process as well as the powerful medium of prayer as part of the therapeutic process. Inner healing of emotions and memories was also identified as absolutely crucial for such a person to ultimately achieve sexual wellbeing and normal functionality within her marriage

Keywords

Trauma

Molestation

Rape

Sexuality and spirituality

INHOUDSOPGAWE

Bedankings	i
Opsomming.....	ii
Abstract.....	iv
Inhoudsopgawe	vi
HOOFSTUK 1 INLEIDING.....	1
1.1 Sleutelbegrippe gedefinieer.....	1
1.1.1 Molestering.....	1
1.1.2 Molesteringslagoffer.....	1
1.1.3 Seksuele disfunksie	2
1.2 Oriëntering en probleemstelling.....	2
1.2.1 Voorkoms van molestering en seksuele geweld teen kinders	2
1.2.2 Trauma rakende seksuele molestering, asook die gepaardgaande spirituele krisis.....	3
1.2.3 Seksuele heling en herstel	5
1.2.4 Die boosheid van molestering en die blootlegging van die waarheid.....	5
1.2.5 Besikikbaarheid van literatuur	7
1.3 Oorkoepelende navorsingsvraag	8
1.3.1 Verdere vrae wat hieruit voortspruit	8
1.4 Doelstellings en doelwitte met die studie.....	9
1.4.1 Doelstelling.....	9
1.4.2 Doelwitte	9
1.5 Die sentrale teoretiese argument	9

2.5	1 Korintiërs 6:12-22.....	23
2.5.1	Algemene agtergrond.....	23
2.5.2	Perikoopkeuse	24
2.5.3	Makrovlak van 1 Korintiërs	25
2.5.4	1 Kor. 6:12-20 – Vyf waarhede oor die liggaam	25
2.5.5	Mikrovlak van 1 Kor. 6:12-20.....	26
2.5.6	Belangrike perspektiewe rakende die openbaring van God se karakter	30
2.5.7	Appél van die perikoop.....	31
2.5.8	Voorlopige basis-teoretiese perspektiewe	31
2.6	1 Kor. 7:1-5	32
2.6.1	Algemene agtergrond.....	32
2.6.2	Perikoopkeuse	32
2.6.3	Makrovlak van 1 Kor. 7: 1-5	33
2.6.4	Mikrovlak van 1 Kor. 7: 1-5.....	33
2.6.5	Belangrike perspektiewe rakende die openbaring van God se karakter	36
2.6.6	Appél van die perikoop.....	37
2.6.7	Voorlopige basis-teoretiese perspektiewe.....	38

HOOFSTUK 3	META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE GEMOLESTEERDE VROU EN HAAR AANPASSING IN DIE HUWELIK.....	39
3.1	Begripsverklaring	39
3.2	Inleiding.....	40
3.2.1	In die tyd van Athene	41
3.2.2	Die Babiloniërs en Hebreërs	41

3.2.3	Die Romeinse tyd.....	41
3.2.4	In die Middeleeue.....	41
3.2.5	Tydens die Franse revolusie	42
3.2.6	Die vrou gesien as persoon.....	42
3.2.7	Die geestelike sy van seksualiteit.....	42
3.2.7.1	Hellenisme en dualisme.....	42
3.2.7.2	Die Rooms-Katolieke Kerk se rol in die definiëring van die vrou se seksualiteit	42
3.3	Emosionele, fisieke en geestelike komplikasies van trauma.....	44
3.3.1	Die narratief van die slagoffer van seksuele geweld	44
3.3.2	Die Verkragtingstrauma-sindroom.....	44
3.3.3	Psigologiese trauma.....	45
3.3.3.1	Die slagoffer beleef 'n geloofskrisis	45
3.3.3.2	Die slagoffer se geestelike en emosionele ontwikkeling word beïnvloed	46
3.3.3.3	Skuldgevoelens en selfverwyte.....	46
3.3.3.4	Die rol van angs.....	46
3.3.3.5	Woede en aggressie	47
3.3.3.6	Dit gaan eintlik oor 'sielemoord'	48
3.3.3.7	Vier geestelike dimensies wat deur die krisis geraak word	49
3.3.4	Verdedigingsmeganismes.....	49
3.4	Die liggaamsbeeld van die vrou wat as kind gemolesteer is	54
3.5	Seksuele probleme by vroue wat as kind gemolesteer is	55
3.6	Die stem van die gemolesteerde	59
3.7	Samevattende opmerkings	59

HOOFSTUK 4	EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N	
	EMPIRIESE ONDERSOEK DEUR MIDDEL VAN VRAELYTE	
	EN ONDERHOUDE.....	64
4.1	Inleiding	64
4.2	Metode	64
4.3	Respondente	65
4.4	Prosedure	65
4.5	Data-analise.....	66
4.6	Resultate.....	67
4.6.1	Respondent 1	67
4.6.1.1	Algemene inligting	67
4.6.1.2	Huwelik	67
4.6.1.3	Seksuele probleme in die huwelik	68
4.6.1.4	Waar het sy om hulp gaan aanklop?	68
4.6.1.5	Kerk.....	69
4.6.1.6	Belewing van God	69
4.6.1.7	Haar behoeftes	69
4.6.2	Respondent 2.....	70
4.6.2.1	Algemene inligting	70
4.6.2.2	Huwelik	70
4.6.2.3	Seksuele probleme in die huwelik	70
4.6.2.4	Waar het sy om hulp gaan aanklop	71
4.6.2.5	Kerk.....	71
4.6.2.6	Belewing van God	71
4.6.2.7	Haar behoeftes	71
4.6.3	Respondent 3.....	72

4.6.3.1	Algemene inligting	72
4.6.3.2	Huwelik	72
4.6.3.3	Seksuele probleme in die huwelik	73
4.6.3.4	Waar het sy gaan om hulp aanklop	73
4.6.3.5	Kerk.....	74
4.6.3.6	Belewing van God	74
4.6.3.7	Haar behoeftes	74
4.6.4	Respondent 4.....	75
4.6.4.1	Algemene inligting	75
4.6.4.2	Huwelik	75
4.6.4.3	Seksuele probleme in die huwelik	76
4.6.4.4	Waar het sy om hulp gaan aanklop	76
4.6.4.5	Kerk.....	76
4.6.4.6	Belewing van God	77
4.6.4.7	Haar behoeftes	77
4.7	Voorlopige gevolgtrekkings.....	77
4.7.1	Skuldgevoelens.....	77
4.7.2	Pastorale berading	78
4.7.3	Ouerhuis van die gemolesteerde	78
4.7.4	Die tydsduur en intensiteit van die molestering	78
4.7.5	Buite-egtelike verhoudings	79
4.7.6	Godsbeeld.....	79
4.7.7	Die kompleksiteit van molestering.....	79

HOOFSTUK 5 PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE BERADING VAN DIE GETROUDE VROU WAT AS KIND GEMOLESTEER IS.....	81
5.1 Inleiding	81
5.2 Die verhaal van die gemolesteerde	81
5.2.1 Die eerste afspraak	81
5.2.2 Erken en aanvaar dat molestering plaasgevind het	83
5.2.2.1 Bewuswording van molestering	83
5.2.2.2 Die treurproses	85
5.2.2.3 Beleving van God	86
5.2.2.4 Die waarom-vraag	87
5.2.2.5 Aggressie	88
5.2.2.6 Angs	89
5.2.2.7 Skuldgevoelens	90
5.2.2.8 Skaamte	92
5.2.3 Seksterapie	92
5.2.3.1 Herdefiniëring van seksuele probleme	92
5.2.3.2 Identifiseer die impak van molestering	92
5.2.3.3 Besef dat daar 'n seksuele probleem is	93
5.2.4 Stel die leuen aan die kaak	100
5.2.5 Verkeerde standpunte rakende persoonlike waarde	102
5.2.6 Liggaamsbeeld van die gemolesteerde.....	104
5.2.6.1 Leuens met betrekking tot haar liggaam	104
5.2.6.2 Om in haar liggaam te bly.....	105
5.2.7 Spontane reaksies	106
5.3 Beweeg na gesonde seksuele gedrag	109

5.3.1	Maak 'n einde aan nadelige seksuele gedrag	109
5.3.2	Vakansie vry van seks.....	110
5.4	Gebedssessie.....	111
5.4.1	Vergifnis	112
5.4.2	Heelword	113
5.4.3	Die rol van gebed	113
5.5	Huweliksterapie : aanvaarding en verbintenis	115
5.6	Samevattende opmerkings	116

HOOFSTUK 6 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING EN VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING..... 120

6.1	Basis-teoretiese perspektiewe met betrekking tot die gemolesteerde vrou.....	120
6.1.1	Bybelse kenmerke van 'n seksueel misbruikte vrou (2 Sam 13:1-22).....	120
6.1.2	Basis-teoretiese konklusies met betrekking tot die liggaam (1 Kor 6:12-22).....	121
6.1.3	Basis-teoretiese konklusies met betrekking tot seksualiteit (1 Kor. 7: 1-5)	122
6.2	Meta-teoretiese perspektiewe met betrekking tot die gemolesteerde vrou.....	123
6.3	Resultate van 'n empiriese ondersoek deur middel van vraelyste..	126
6.3.1	Skuldgevoelens.....	126
6.3.2	Pastorale berading	127
6.3.3	Ouerhuis van die gemolesteerde	127
6.3.4	Die tydsduur en intensiteit van die molestering	127
6.3.5	Buite-egtelike verhoudings	128
6.3.6	Godsbeeld.....	128

6.3.7	Die kompleksiteit van molestering.....	128
6.4	Praktyk-teoretiese perspektiewe met betrekking tot die gemolesteerde vrou.....	129
6.5	Finale gevolgtrekking	132
6.6	Voorgestelde temas vir verdere navorsing	133
	BRONNELYS	134
7	BYVOEGSEL 1 - VRAELYTE	141

HOOFSTUK 1.

INLEIDING

1.1 SLEUTELBEGRIPE GEDEFINIEER

1.1.1 Molestering

Volgens Langberg (1999:43) vind seksuele misbruik of molestering plaas wanneer 'n persoon seksueel misbruik, seksueel geëksploiteer of uitgebuit word deur 'n ouer of sterker persoon vir die bevrediging van sy of haar eie behoeftes. Seksuele misbruik kan op visueel, verbaal of motoriese wyses plaasvind en dit word gedoen sonder die minderjarige se toestemming. Langberg se fokus in haar boek is dan ook op die persoon wat as kind gemolesteer is.

Die kliniese definisie van molestering of seksuele misbruik van kinders sal steeds meer uitgebrei word namate die samelewing begin erken watter aktiwiteite deur die oortreder uitgevoer word. Aspekte soos die volgende is byvoorbeeld hier ter sprake: misbruik van kinders op seksuele vlak, bloedskanie, molestering, seksuele geweld, verkragting van kinders, ontbloting en ekshibisionisme, sadistiese seksuele misbruik, seksuele eksplorاسie, seksuele oproepe (Maltz, 1991:32).

1.1.2 Molesteringslagoffer

In hierdie studie word op die volwasse vrou gefokus wat probleme in haar seksuele verhouding in die huwelik ondervind. Dit gaan oor probleme wat die gevolg is van molestering gedurende haar kinderjare. Die berading wat sy ontvang sal dan geskied deur die "bril" van die molestering wat sy as kind beleef het.

Vir die doel van die studie word hoofsaaklik op die vrou as gemolesteerde gefokus. Afrikaans druk die begrip "*survivor*" nie so goed uit nie. Kritzinger *et al.* (1986:1284) druk dit dan uit as 'langslewende, oorlewende, agtergeblewene, agterblywende.' 'n Afrikaanse term wat werklik reg laat geskied aan persone wat seksuele molestering deurmaan en oorleef het, ontbreek egter. Om hierdie rede word dikwels verwys na

slagoffers van molestering of verkragting. Alhoewel die saak waaroor dit hier gaan eintlik veel weier strek, sal by gebrek aan 'n beter term volstaan word met *slagoffer*.

Kinders wat seksuele molestering deurgemaak het, het iets buitengewoons en skrikwekkends beleef en het te midde daarvan aanhou voortbestaan. Hulle het ten alle koste dit oorleef. Dit maak hulle "survivors" (Langberg, 1999:17).

1.1.3 Seksuele disfunksie

Volgens Theron (1989:326) is seksuele disfunksie 'n versteuring van die behoefte aan seksuele bevrediging en/of die onvermoë om seksuele bevrediging te verkry.

1.2 ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.2.1 Voorkoms van molestering en seksuele geweld teen kinders

Volgens Tessier (1992:2) is die kriminele oortreding van bloedsbande en seksuele misbruik van kinders een van die oortredinge wat baie selde aangemeld word. 'n Geraamde vier uit elke vyf van die gevalle word nie aan die gereg oorgegee nie. As daar na die beskikbare data gekyk word, is dit duidelik dat die seksuele misbruik van kinders oral in die gemeenskap plaasvind. Hierdie statistieke en die persoonlike vertelling van vroue, laat 'n mens besef dat ten minste 'n derde, maar eerder nader aan die helfte van alle vroue in die een of ander stadium in hulle kinderlewe seksueel gemolesteer is.

Statisties gesien, kan dan gesê word dat daar êrens 'n bekende is wat al verkrag of gemolesteer is. Slagoffers en persone wat hierdie tipe geweld oorleef het, kom oral in die gemeenskap voor, al weet die samelewing dikwels nie daarvan nie. Dit is dus veilig om van die standpunt uit te gaan dat 'n pastorale berader beslis êrens in sy/haar loopbaan met sulke slagoffers te doen sal kry (Stinson-Wesley, 1996:222).

Volgens die Suid-Afrikaanse Polisie is 41% van alle verkrachtingsgevalle wat aangemeld word, kinders. Meer as 15% van die gevalle is kinders onder die ouderdom van 11 en 26% tussen die ouderdom van 12 tot 17 jaar. In die jaar 2000 was 58 kinders daaglik in Suid-Afrika verkrag (LoBaido, 2001:1).

Die statistiek is egter besig om vinnig toe te neem, en babas van slegs `n paar maande oud word deur hulle familieledes en ander verkrag. Die toename word aangevuur deur die bygeloof, veral onder swart mans, dat wanneer jy seks met `n maagd het – selfs `n kind of `n baba - sal jy van VIGS genees word (LoBaido, 2002:1).

1.2.2 Trauma rakende seksuele molestering, asook die gepaardgaande spirituele krisis

Seksuele molestering en die seksuele misbruik is `n traumatiese belewenis vir die persoon wat gemolesteer word.

Geweld is `n teologiese probleem, want in die teenwoordigheid van geweld word die basiese natuur van die mens aangetas, asook die teenwoordigheid van God in die wêreld (Ackerman, 1996:145).

Trauma het `n impak op die liggaam, persoonlikheid, selfstruktuur, en diepste innerlike emosies (siel) van die slagoffer. Trauma bring dikwels `n gevoel van moedeloosheid mee wat die slagoffer die betekenis van die lewe en die bestaan van God en Sy soewereiniteit laat bevraagteken (Wilson & Morgan, 1998:168). Psigologiese trauma infiltreer selfs die geestelike terrein van die individu en dwing die individu in `n staat van verwarring, verontrusting, ontsteltenis en tye van diepe ongeloof in (Wilson & Morgan, 1998:172).

Volgens Coetzer (2004:87) is die soeke na sin en betekenis een van die mees fundamentele reaksies gedurende die posttraumatiese fase. Dit is gevolglik uiters belangrik om toe te sien dat hierdie soeke na sin enersyds êrens koppel aan 'n "tydelike" sin wat dan vir die betrokke persoon kan help om te oorleef; andersyds het hierdie persoon egter ook 'n langtermynbetekenis (*an ultimate meaning*) nodig om die krisis te bowe te kom.

Seksuele misbruik en geweld vermoor die diepste menswees (siel) van die slagoffer. Hierdie persoon bly die 'besitting' van die molesteerder in so `n mate dat hy of sy die slagoffer se innerlike wese gevange hou. Die molesteerder vervang in 'n sekere sin die kind se identiteit met sy eie. Die kind is maar net 'n voorwerp vir die molesteerder; iemand wat hom moet dien en gehoorsaam. As gevolg van hierdie proses vind daar eintlik 'n reflektoring plaas van die mag van die molesteerder deur

die angs van die slagoffer (Tessier, 1992:6).

Volgens 1 Kor 6:15 -18 (Die Lewende Bybel, 1983) word die mens se liggaam een met die persoon waarmee hy/sy omgang het. *“Besef julle nie dat julle liggame so aan Christus verbind is asof dit Sy eie liggaamsdele geword het nie? Sal ek dan ‘n deel van Christus se liggaam neem en dit met die liggaam van n prostituut verbind? Nooit! Kan julle nie sien dat iemand wat met ‘n prostituut omgang het, aan haar verbind word nie? Want God het gesê dat ‘n man en ‘n vrou soos een mens word. Maar ‘n mens wat hom aan die Here verbind, word geestelik een met Hom. Dit is daarom dat ek sê julle moet wegbly van seksuele sonde. Ander soorte sonde benadeel nie noodwendig ‘n mens se liggaam nie, maar as iemand hierdie soort sonde doen, dan is dit ook teen sy eie liggaam wat hy sonde doen.”*

Volgens Pellauer (1994:250) is seksuele geweld traumaties, en daar is ten minste vier geestelike dimensies by seksuele geweld betrokke:

- ‘n Fundamentele ondervinding wat ‘n lewensbedreiging inhou;
- ‘n Gevoel van skaamte en vernedering wat somtyds uitgebeeld word as ‘n behoefte aan suiwering/reiniging;
- Knelpunte rakende vertroue en verraad, veral waar dit kom by die verhouding met God;
- Die aanvaarding van hulp wanneer ander persone dit aanbied.

Dit is gevolglik noodsaaklik dat die pastorale berader hierdie dimensies hanteer, juis omdat net God genesing bring. God gee dan ook sy Woord om op te rig en te genees. Volgens 2 Tim 3:16-17 (Die Lewende Bybel, 1983), is die Skrif genoegsaam om die gemolesteerde slagoffer te bedien. *“Die hele Skrif kom van God af en dit help ons om te weet wat die waarheid is en wys ons hoe om ‘n verkeerde leer teë te gaan. Die Skrif wys ons ook as daar iets in ons lewe verkeerd is, en leer ons om so te lewe soos God wil hê. Op die manier kan ‘n mens wat aan God behoort, bekwaam en voorbereid wees om vir die Here te werk.”*

Volgens Sandford (1988:72) is voorbidding en intersessie vir die gemolesteerde vrou ‘n belangrike faset van pastorale begeleiding. Dit is slegs God deur Sy Heilige Gees wat hierdie negatiewe verbintenis tussen die molesteerder en die gemolesteerde vrou finaal kan verbreek. Hy alleen kan ware vryheid bewerkstellig in die gees en

denke van die gemolesteerde persoon.

1.2.3 Seksuele heling en herstel

Trauma het 'n impak op die liggaam, persoonlikheid, selfstruktuur, en diepste innerlike emosies (siel) van die slagoffer. Trauma wek dikwels 'n gevoel van moedeloosheid wat die slagoffer die betekenis van die lewe en die bestaan van God en Sy soewereiniteit laat bevraagteken (Wilson & Morgan, 1998:168). Psigologiese trauma infiltreer selfs die geestelike terrein van die individu en dwing die individu in 'n staat van verwarring, verontrusting, ontsteltenis en tye van diepe ongeloof in (Wilson & Morgan, Tydens berading kan seksuele probleme in enige stadium van die proses na vore tree. As seksuele probleme nie hanteer word namate hulle na vore kom nie, kan dit die algemene herstel van die slagoffer in die wiele ry (Maltz, 1991:8). Die pastorale berader moet dus toegerus wees om die slagoffer in hierdie proses te begelei.

Die terrein van seksualiteit is vir die gemolesteerde angswekkend - veral weens terugflitse wat tydens omgang plaasvind. Seksuele herstel by die gemolesteerde vrou is nog meer kompleks. Volgens Leonard en Follette (2002:383) sal 'n vrou seksueel verkeer ter wille van die sogenaamde nie-seksuele behoeftes soos intimiteit, emosionele nabyheid en aanvaarding. Omdat die nie-seksuele behoeftes onder die sambreel van intimiteit val, word dit uiteindelik net nog 'n aspek waarmee die gemolesteerde vrou op die langtermyn probleme kan ontwikkel.

1.2.4 Die boosheid van molestering en die blootlegging van die waarheid

Volgens Langberg (1999:75) is van die afskuwelikste gevolge van seksuele molestering die feit dat dit die slagoffer mislei en verwar. Dit verdoof die vermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd.

Kollar (1997:47) wys dan ook daarop dat die persepsie gevorm word met betrekking tot die betekenis wat die persoon daaraan heg. Hierdie persoon het 'n persepsie van die waarheid, en dit wat gesien word as die waarheid is vir hierdie persoon dan die waarheid. Hierdie waarheid word gehandhaaf totdat dit ondersoek en bevraagteken word en deur 'n ander waarheid vervang word. Die feite aangaande seksuele

gedrag word verkeerdelik aan die seksueel gemolesteerde oorgedra omdat sy net kontak het met abnormale seksuele gedrag. Volgens Theron (1989:305) kan abnormale seksuele gedrag slegs geïdentifiseer word wanneer dit:

- Voortspuit uit ang, innerlike konflik of innerlike kompulsies - of as dit ang by die individu en sy of haar seksmaat veroorsaak;
- Nie die individu en/of sy seksmaat bevredig nie;
- Die betekenis van die persoon se algemene psigologiese funksionering belemmer;
- Die seksmaat beseer, ontstel of verneder;
- Gepaard gaan met geweld, dwang, uitbuiting of manipulerings van die maat.

Aangesien die leuen aangaande seksualiteit in die gemolesteerde ingeprent is, is dit noodsaaklik dat sy die waarheid oor seksualiteit moet leer:

- Sy moet haar vorige ervaring van seks vervang met dit wat seks werklik is, om sodoende 'n gesonde beeld daarvan te verkry (Maltz, 1991:95-97).
- Sy moet die waarheid hoor van God se plan met betrekking tot seksualiteit en die huwelik (Sandford & Sandford, 1985:91).
- Deur pastorale berading moet die waarheid by die gemolesteerde vrou beklemtoon word en die leuen wat aan haar vertel is aan die kaak stel. Dit is belangrik dat onderskeid getref moet word tussen die gemolesteerde vrou se stem, dié van die molesteerder en dié van God (Langberg, 1999:41).
- Sy moet die waarheid hoor, naamlik dat sy nie verantwoordelik is vir die molestering nie (Sandford, 1988:68).

Verder moet sy ook die waarheid oor haar liggaam leer. Dit impliseer die volgende:

- Dat die liggaam fisies is en natuurlike seksuele reaksies toon waaroor daar nie beheer is nie (Bass & Davis, 1992:106);
- Dat haar liggaam 'n tempel van God is en dat Hy deur Sy Heilige Gees daar wil woon.

1.2.5 Besikbaarheid van literatuur

Weinig literatuur bestaan oor hoe die pastorale berader die gemolesteerde slagoffer op haar pad van seksuele herstel moet begelei. Die rol van die pastorale berader sowel as die houding en stilte wat die kerk teenoor die seksuelegeweld-slagoffers handhaaf, moet van nader ondersoek word. Molestering het 'n uitwerking op die res van die lewe van die slagoffer. Dit het ook 'n impak op haar optrede en op hoe sy haar omgewing beleef. Ongelukkig is navorsing agterweë gelaat wat fokus op die behandeling van seksuele disfunksies by getroude vroue wat as kind gemolesteer is (Leonard & Follette, 2002:346).

'n Uitgebreide biografiese soektog is gedoen met behulp van die Ferdinand Postma Biblioteek deur die gebruikmaking van die volgende databasisse: ATLA religion database, NEXUS databasis, proefskrifte en verhandelinge. Sleuteltermes wat gebruik is, is die volgende: vroue, berading, *feminist counseling*, *female survivors of incest*, *childhood sexual abuse*, *sexual abuse*, *childhood physical abuse*, *trauma*, *sexual healing*, *sexual dysfunctions*, *spirituality and sexuality*.

Hierdie soektog het getoon dat weinig inligting uit die oogpunt van pastorale berading aan gemolesteerde slagoffers met seksuele disfunksies beskikbaar is. Uit die soektog het geblyk dat daar in die veld van die Praktiese Teologie tans net een verhandeling met 'n aanverwante tema is, naamlik "The influence of atonement theories in the experience of sexually abused women" (Esua, W. University of Stellenbosch, 2000). In die Sosiologie bestaan 'n verhandeling met die tema: "The connection between sexual molestation and the intimate relationship in the marriage" (Lotter, S. University of South Africa, 1998).

In ander dissiplines en hulpwetenskappe soos Maatskaplike Werk, Sielkunde, Seksologie, Kriminologie en die Opvoedkunde is daar wel heelwat oor hierdie tema geskryf. Die geestelike dimensie van seksualiteit wat uiteraard is by die pastorale begeleiding ter sprake, speel egter 'n uiters belangrike rol en hieraan sal meer aandag gegee moet word. God se wet rakende eenheid as gevolg van die seksuele daad, asook die komplikasie wat dit het ten opsigte van die geestelike, liggaamlike en kognitiewe vlakke is van die uiterste belang by die begeleidingsproses van die gemolesteerde vrou (Wier & Carruth, 1999:32).

Talle boeke wat handel oor die pastorale berading van die gemolesteerde persoon

fokus op die emosionele aspekte van herstel. Laasgenoemde is inderdaad belangrik vir die algehele herstel van die slagoffer. Die probleem is egter dat daar in die algemeen nie veel verwys word na die seksuele letsels wat molestering laat en die probleme binne die seksuele verhouding in die huwelik wat daaruit voortspruit nie (Langberg, 1997; Sandford, 1988; Bratton, 1999; Morgolin, 1999; Davies, 1995).

Dit is gevolglik uiters belangrik dat die totale belewenis van die gemolesteerde vrou tydens die pastorale begeleidingsproses onder die loep geneem moet word. As dit nie gedoen word nie, belemmer dit die algehele herstel van hierdie persoon. Seksuele herstel loop gevolglik hand aan hand met fisiese, emosionele en geestelike herstel (Maltz, 1991:8).

1.3 OORKOEPELENDE NAVORSINGSVRAAG

Watter pastorale riglyne kan gebied word om die gemolesteerde vrou wat probleme met die seksuele aanpassing in die huwelik ondervind, te begelei na 'n normale seksuele huwelikslewe?

1.3.1 Verdere vrae wat hieruit voortspruit

- a) Watter perspektiewe bied die Skrif om tot vernuwende insigte te kom wat betref die wanaanpassing in die huwelik van die gemolesteerde vrou?
 - * Wat is die Bybelse waarheid oor die seksuele verhouding binne die huwelik en wat is God se groter plan hiermee volgens die Skrif?
 - * Watter regstellings vanuit die Skrif kan geïdentifiseer word waarmee die leuen wat in die denke van die gemolesteerde persoon bly steek, uitgekanselleer kan word?
- b) Watter perspektiewe bied die hulpwetenskappe op die vrou se disfunksie in die huwelik as uitvloeisel van vroeë molestering?
- c) Watter vernuwende insigte betreffende hierdie aangeleentheid kan deur 'n empiriese ondersoek na vore tree?
- d) Watter prakties-teologiese riglyne kan vir die pastorale begeleiding van die gemolesteerde vrou met die seksuele aanpassing vir haar huwelik neergelê

word?

1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE MET DIE STUDIE

1.4.1 Doelstelling

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om riglyne te formuleer waarvolgens die gemolesteerde vrou wat probleme met seksuele aanpassing ondervind, pastoraal te begelei na 'n normale seksuele huwelikslewe.

1.4.2 Doelwitte

- a) Om vas te stel in watter mate perspektiewe vanuit die Skrif kan bydra tot die formulering van riglyne waarmee die gemolesteerde vrou in haar huweliksituasie begelei kan word:
 - * Om Bybelse waarhede betreffende die seksuele verhouding binne die huwelik te identifiseer; en
 - * Om regstellings vanuit die Skrif te identifiseer waarmee die leuen wat in die denke van die gemolesteerde persoon bly steek, uitgekanselleer kan word.
- b) Om te bepaal of die hulpwetenskappe perspektiewe bied op die situasie van die vrou (in haar seksuele disfunksie) wat vroeër gemolesteer is.
- c) Om vas te stel of daar enige vernuwende insigte betreffende hierdie aangeleentheid is wat deur 'n empiriese ondersoek na vore sal kom.
- d) Om prakties-teologiese riglyne te formuleer wat as riglyn kan dien vir die pastorale begeleiding van die gemolesteerde vrou.

1.5 DIE SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Met die hulp van toepaslike pastorale riglyne kan die gemolesteerde vrou wat probleme met seksuele aanpassing ondervind, begelei word na 'n normale seksuele huwelikslewe.

1.6 METODOLOGIE

In die metodologie van hierdie studie word aansluiting gevind by die model wat Zerfass (1974:164-177) vir die praktiese teologie ontwerp het.

1.6.1 Basis-teoretiese perspektiewe

Aandag sal gegee word aan perspektiewe vanuit die Skrif wat kan bydra tot vernuwende insigte betreffende die disfunksie in die huwelik van die gemolesteerde vrou. Skrifgedeeltes wat geëksegetiseer sal word, is die volgende: 2 Samuel 13:1-38; 1 Korintiërs 6:12-22 en 7:1-5. Seksualiteit in die algemeen kom baie sterk aan die orde binne hierdie gedeeltes en 'n groot aantal praktiese riglyne word uitgespel. Beginsels in hierdie gedeeltes wat veral verband hou met die hantering van en optrede teenoor die vrou sal gevolglik verhelderend kan wees met betrekking tot die tema van hierdie studie. Eksegese sal gedoen word volgens die grammaties-historiese metode. Die Gereformeerde tradisie sal as vertrekpunt vir hierdie studie dien (Coetzee, 1990:17).

1.6.2 Meta-teoretiese perspektiewe

Aandag sal geskenk word aan die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe (Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie asook mediese perspektiewe). Die stof van hierdie hulpwetenskappe sal afwisselend gebruik word sonder om noodwendig telkens die spesifieke veld by name te noem. Daar sal gelet word op sekere raakvlakke met die tema van hierdie studie, en relevante stof sal gebruik word. 'n Literatuurstudie sal gedoen word en inligting ingesamel word.

Daar sal gepoog word om vas te stel of enige vernuwende insigte betreffende hierdie tema deur 'n empiriese ondersoek na vore kom. Hierdie inligting sal deur middel van 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek deur middel van onderhoude en gestruktureerde vraelyste bekom word.

1.6.3 Praktijk-teoretiese perspektiewe

Om prakties-teologiese riglyne te formuleer vir die pastorale begeleiding van die gemolesteerde vrou.

1.7 VOORLOPIGE HOOFSTUK INDELING

Hoofstuk 1: Inleiding

Basis-teoretiese perspektiewe

Hoofstuk 2: Eksegese van 'n aantal gedeeltes vanuit die Skrif

Metateoretiese perspektiewe

Hoofstuk 4: Evaluering van die bydrae deur ander hulpwetenskappe

Hoofstuk 5: Evaluering van die resultate van 'n empiriese ondersoek

Praktykteoretiese perspektiewe

Hoofstuk 6: Die formulering van pastorale riglyne

Hoofstuk 7: Konklusie en samevatting

1.8 ALGEMENE TEGNIESE ASPEKTE

- Die afkortings van die Bybelboeke geskied volgens die aanduidings voor in die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983).
- Die 1983 vertaling van die Bybel is gebruik
- Indien daar in die studie van die manlike voornaamwoorde 'hy' 'hom' en 'sy' gebruik gemaak word sluit dit ook die vroulike voornaamwoorde 'sy' en 'haar' in.
- Pastorale berader, berader, terapeut word afwisselend gebruik en daarmee word bedoel die berader.
- Beradene, slagoffer, pasiënt en gemolesteerde word afwisselend gebruik en daarmee word bedoel die beradene.

HOOFSTUK 2

BASIS-TEORETIESE PERSPEKTIEWE

2.1 INLEIDING

Die basisteorie word soos volg deur Venter (1993:247) gedefinieer: “Met basisteorie word bedoel die ontginning van teologiese vertrekpunte primêr vanuit die Skrif, vir bepaalde areas in die vakgebied van die diakoniologie”. Die basisteorie is dus uiters belangrik vir die Praktiese Teologie. Tussen basisteorie en metateorie sal uiteindelik ook ‘n wisselwerking plaasvind ten einde praktykteoretiese beginsels te formuleer waarvolgens die gemolesteerde vrou pastoraal begelei kan word (Heyns & Pieterse, 1996:62).

Die basiese uitgangspunt van hierdie studie is dat die Bybel deel uitmaak van die openbaring van God, en spesifiek daardie deel wat dan op skrif gestel is. Die Skrif sowel as die Heilige Gees getuig dat die Bybel ‘n Goddelike, heilige en kanonieke boek is (Lion-Cachet, 1990:7).

Die Woord gee self ‘n duidelik verklaring in hierdie verband in 2 Tm. 3:16-17: *“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.”* (Bybel, 1993:1994.)

Hierdie basis-teoretiese gedeelte sal aangepak word vanuit die veronderstelling dat daar ‘n volwasse vrou is wat as kind gemolesteer is – sy het berading nodig en worstel met probleme waarop sy antwoorde soek. Hierdie vertrekpunt gee dan ook die deurslag met betrekking tot die keuse van die mees geskikte perikope (De Klerk *et al.*, 2004:10).

Die studie sal gedoen word vanuit die Gereformeerde tradisie. Eerstens word aandag geskenk aan die beeld van die gemolesteerde vrou binne die Skrif, en tweedens sal gefokus word op God se plan met betrekking tot seksualiteit.

2.2 DOELSTELLING VAN DIE HOOFSTUK

Die doelwit van hierdie hoofstuk is tweeledig:

- Om die dilemma van die gemolesteerde vanuit die Skrif na vore te bring ten opsigte van haar aanpassing na molestering
- Om die basiese beginsels aangaande God se plan met betrekking tot seksualiteit te ondersoek.

Ten einde die eerste doelwit te bereik sal daar na die beeld van die gemolesteerde gekyk word aan die hand van 2 Sam. 13:1-39, juis omdat die geskiedenis van Tamar baie raakpunte het met dogters en vroue wat tans steeds gemolesteer word (Langberg, 1999:28).

Volgens Pamela Cooper-White (soos aangehaal deur Alexander, 1998:1306), kan die verhaal van Tamar se wysheid en vasberadenheid aan slagoffers van molestering nuwe hoop gee te midde van hul eie omstandighede. Selfs vir vroue wat as kind gemolesteer is, kan dit aanspoor om na vore te kom en dit uit te spreek wat so lank ontken en geïgnoreer is. Deur die verhaal van Tamar in die kerk te vertel, kan die kerk almal aanspoor om teen die patrone van seksuele misbruik binne die gemeenskap op te tree.

Die tweede doelwit sal aan die orde kom wanneer aan die hand van 1 Kor. 6:12-20 gekyk word na God se plan met betrekking tot seksualiteit.

2.3 VERTREKPUNTE

Die basiese vertrekpunt is dus om 'n antwoord te vind op die vraag na hoe God die gemolesteerde persoon sien. Verder moet bepaal word of daar enige raakpunte voorkom tussen die verkragting van iemand soos Tamar, en ook haar reaksie, en die situasie van talle gemolesteerde dogters vandag. Teen hierdie agtergrond sal die lyne dan deurgetrek word na die Nuwe Testament om uiteindelik dan praktyk-teoretiese riglyne te formuleer waarvolgens gemolesteerde dogters en vroue pastoraal begelei kan word.

2.4 2 SAMUEL 13:1-38

2.4.1 Die gedagtestruktuur van 2 Samuel 13:1-22

Anderson (1989:173) verduidelik die struktuur van hierdie gedeelte soos volg:

- Amnon begeer Tamar (vv. 1-2).
- Amnon se dilemma en Jonadab se advies (vv. 3-7).
- Tamar by Amnon se huis (vv. 8-10).
- Amnon se toenadering en Tamar se gepleit (vv. 11-14).
- Tamar se vernedering (v. 14).
- Amnon verwerp Tamar en Tamar se gepleit (v. 15-16).
- Tamar word uit Amnon se huis gegooi (vv. 17-18).
- Tamar se dilemma en Absalom se raad (vv. 19-20).
- Absalom se haat vir Amnon (vv. 21-22).

2.4.2 Identifisering van die kerngedeelte

Die volgende verse kan as kerngedeeltes met betrekking tot hierdie stuk in sy geheel uitgesonder word:

V. 14 *Amnon wou nie na haar luister nie, Hy het haar **gepak en verkrag**.*

VV. 18-20 *Volgens die gebruik van koningdogters wat nog maagde was, het sy 'n lang mantel met moue aangehad. Nadat die slaaf haar uitgesit en die deur gesluit het, het **Tamar stof op haar kop gegooi**. Sy het haar **lang mantel geskeur**, haar **hand op haar kop gesit en sovêr sy loop geskreeu**. Haar broer Absalom het toe vir haar gesê: "Was jou broer Amnon by jou? Toe maar, my suster, bly maar stil. Hy is jou broer. Moet jou nie daaroor verknies nie." Tamar het in haar broer se huis gaan bly en **sy was 'n wrak**.*

Vir die doel van die studie word spesifiek gefokus op Tamar se belewenis, haar rouproses asook haar reaksies.

2.4.3 Woordstudie en kernbegrippe

Met betrekking tot die kerngedeeltes (vv. 14, 18-20) uit 2 Sam 13:1-22 sal vervolgens telkens gekyk word na drie verskillende vertalings ten einde by 'n meer volledige betekenis van die oorspronklike begrippe uit te kom.

V. 14 “Amnon wou nie na haar luister nie, hy het haar **gepak en verkrag**.” (Bybel 1983.)

Maar hy wou nie na haar luister nie en het haar oorweldig en haar onteer en met haar gemeenskap gehad.” (Bybel 1953.)

“But he refused to listen to her, and since he was stronger than she, he raped her.” (NIV 1985.)

2.4.3.1 Belangrike terme

Innah: om te forseer, om te verneder, om te onderdruk (Brueggemann, 1990:287)

Ană: “as he forced her, ...” (NIV, 1985.)

Săkah: “without customary proposition, to lay with, sensual sexual intercourse.” Hy het met geweld by haar gelê - met brutale wreedheid - hy het haar verkrag.

V. 18-19 “Volgens die gebruik van koningsdogters wat nog maagde was, het sy ‘n lang mantel met moue aangehad. Nadat die slaaf haar uitgesit en die deur gesluit het, het **Tamar stof op haar kop gegooi**. Sy het haar **lang mantel geskeur**, haar **hand op haar kop gesit en sovêr sy loop geskreeu**.” (Bybel 1983.)

*“En sy het ‘n lang rok met moue aangehad, want sulke mantels het koninklike dogters wat maagde was gedra. Toe sy bediende haar buitentoe uitgebring en die deur agter haar toegesluit het, het Tamar **as op haar hoof gestrooi en daardie lang rok met moue geskeur; daarby het sy haar hand op haar hoof gelê en aldeur geloop en weeklag**.”* (Bybel, 1953.)

*“So the servant put her out and bolted the door after her. She was wearing a richly ornamented robe, for this kind of garment the virgin daughters of the king wore. **Tamar put ashes on her head and tore the ornamented robe she was wearing. She put her hand on her head and went away , weeping aloud she went.**”* (NIV 1985.)

Omdat die vader van die huis verantwoordelik was vir die beskerming van die maagdelikheid van sy dogters, het Dawid sy dogters beloon met mooi en ryklik versierde lang rokke. Tamar se kledingstuk speel 'n belangrike rol (Gergen, 1996:382). Die skeur van die moue toon aan dat sy haar status, onskuld, en die moontlikheid om n huweliksaanbod te kry, verbeur het (Gordon, 1990:126).

Deur die verwysing na haar hand wat sy op haar kop geplaas het, word die fokus eintlik op haar kop geplaas: dit is die fokuspunt van haar hartseer (Smith, 1999:39). Tamar tree op soos iemand wat treur asof sy 'n weduwee is (Anderson, 1998:175). Sy maak haar lot openlik bekend deur in die openbaar hard te huil (Breugeman, 1990:288) en sy is eintlik besig om te treur oor haar status en aansien (Smith, 1999:38).

V. 20 "Haar broer Absalom het toe vir haar gesê: Was jou broer Amnon by jou? Toe maar, my suster, bly maar stil. Hy is jou broer. Moet jou nie daaroor verknies nie.' Tamar het in haar broer se huis gaan bly en **sy was 'n wrak.**" (Bybel, 1983).

*"En haar broer Absalom sê vir haar: Was jou broer Amnon by jou? Swyg dan nou my suster! Hy is jou broer, sit jou hart nie op hierdie saak nie. So het Tamar as 'n **verlatene** in die huis van haar broer Absalom gebly."* (Bybel 1953.)

*"Her brother Absalom said to her," Has that Amnon your brother, been with you? Be quiet now, my sister, he is your brother. Don't take this thing to heart." And Tamar lived in her brother Absalom's house. **A desolate women..**"* (NIV 1985.)

Die term 'wrak' of 'verlatene' (*somema*) verwys na haar status as 'n vrou sonder hoop om te trou of die hoop op 'n toekomstige gesin van haar eie. Voortaan sal sy in permanente openbare vernedering moet lewe (Alexander, 1998:1305). Die verkragting het haar ook gediskwalifiseer vir enige koninklike huweliksaanbod (Gergen, 1996:382). Hierdie term kan volgens Davis (2000:135) ook vertaal word met *laid-waste, atonishment, horror, desolation* en *devastation*. Verder dui hierdie term op die feit dat sy nooit sal trou en kinders sal hê nie (Van Gemeren, 1997:169).

Die Engelse term *desolate* is afgelei van die Latynse term *desolus* wat dui op algehele alleenheid. Die woord het gewoonlik gedui op die feit dat 'n persoon sonder vriende en verlate is. Flexner (1977:216) gebruik die volgende sin om die huidige betekenis daarvan te illustreer: *"After the war the town was a desolate place."* Die betekenis is dus iets van verwerping, onbewoonbaar agter te laat of 'n wrak.

2.4.4 Sosio-historiese konteks van die teks

2.4.4.1 Die plek van die vrou asook wette teen seksuele oortredings teen die vrou

Binne die groter konteks speel Tamar se verhaal af teen die agtergrond van Dawid se sonde en die gevolge daarvan met betrekking tot sy familie (2 Sam. 11). Tamar is in 'n sekere sin 'n slagoffer - nie alleen van Amnon se begeertes nie, maar ook van David se seksuele sonde teen God (Alexander, 1998: 1302).

Die hele verhaal van Tamar speel af in 'n manswêreld van mag en politiek. Tamar word net voorgestel as die suster van Absalom en nie as 'n vrou in haar eie reg nie. Die verkragting van Tamar word gevolglik geskets, nie soseer as 'n persoonlike tragedie nie, maar wel as 'n oortreding teen Absalom se familie, wat weer uitloop op die moord van Amnon. Tamar se tragedie veroorsaak verder dat die twee hoofstryders om Dawid se troon geëlimineer is. Tamar is 'n gebeurtenis eerder as 'n persoonlike verhaal. Wanneer die voorval verby is, verdwyn Tamar ook van die toneel en daar word nie weer melding van haar gemaak nie (Alexander, 1998:1303). Dit is egter noodsaaklik dat die klem volkome op die persoonlike tragedie wat hom hier afgespeel het, geplaas word. Tamar se dapperheid moet raakgesien word, die gevaar wat sy trotseer het asook die realiteit van haar swaarkry en vernedering.

Wat betref die plek van die vrou in die Bybelse kultuur, asook die wette wat God daargestel het ten opsigte van seksuele wandade teenoor vroue, is dit belangrik om vervolgens kortliks aandag aan enkele aspekte te gee. Die Bybel het talle voorbeelde van vroue wat verkrag is. Daar is onder andere Dinah, die dogter van Leah (Gen 34:7); die verkragting van die maagde van Jabesh Gilead; asook die dogters van Shiloh (Rigters, 19:21); en dan ook Amnon se verkragting van Tamar (2 Sam.13) (Van Gemeren, 1997:1206).

Die man was die meester van die huis en het in alle opsigte gesag oor sy vrou en kinders gehad. Volgens Hooglied (4:12,15) kon hy sy dors na haar in haar fontein les en hom dronk maak met haar wyn (5:1). Die seksuele was veronderstel om vir die man 'n seën en 'n wonderbare belewenis te wees. Die vrou moes onder die hand van haar meester (man) leef en kinders baar (Gen. 3:16). Die Ou Testament toon verder aan dat die man outoriteit in seksuele aangeleenthede gehad het. Vroue moes aan

hulle mans of vaders onderdanig wees. So het Lot byvoorbeeld sy dogters aangebied in ruil vir beskerming vir sy gaste teen die groep mans van Sodom (Gen. 19:5-8). Mans is uitgebeeld as aktief en leidinggewend terwyl vroue veronderstel was om passief te wees. Volgens Spr. 6:24-26 is vroue wat toenadering tot mans gesoek het, as gevaarlik en sondig beskou (Van Gemeren, 1997:1201).

Seksuele reëls in die Bybel het in die algemeen verband gehou met rituele onreinheid. Volgens Eks. 19:15 mag 'n man nie naby 'n vrou kom op die drie dae voor geestelike feesdae nie. 'n Man wat gedurende hierdie fase wel geslagsomgang met 'n vrou gehad het, moes hom was en hy was onrein tot die aand (Lev. 15:18). Net so was geslagsomgang met 'n vrou wat gemenstrueer het ook verbode, aangesien menstruele bloed as onheilig beskou is (Lev. 15:24). Om dieselfde redes is geslagsomgang ook vir 40 dae na die geboorte van 'n seun en 80 dae na die geboorte van 'n dogter verbied (Lev. 12:2-5) (Van Gemeren, 1997:1201).

Seksuele omgang tussen 'n man en 'n vrou het tot gevolg dat hulle een vlees word (Gen. 2:24). Seksuele eenheid skep 'n band tussen man en vrou wat gelykstaande is aan die band tussen bloedfamilie. Daarom word seksuele omgang met bloedfamilie ook verbied (Lev. 18:7-16) (Van Gemeren, 1997:1201).

In die Bybelse tyd was verkragting beskou as iets wat deur mans hanteer moet word. Vroue het geen sê gehad in die besluitneming van geregtelike sake nie, aangesien hulle in die geval bloot as besittings beskou is. Die parogiale stelsel van mag en respek het by die seksuele moraliteit van die vrou gegeld. Hier het dit om die man se eer en respek gegaan. Hy was dus die een wat besluit het watter straf toepaslik is, en hy het toegesien dat dit uitgevoer word. (Van Gemeren, 1997:1201).

Verkragting het in 'n sekere sin neergekom op die beskadiging van eiendom, aangesien hierdie vrou die eiendom van 'n man is. Verkragting was ook nie noodwendig onder alle omstandighede beskou as 'n geweldige groot oortreding nie (Propp, 1993:41). Slegs as die vrou reeds beloof is aan 'n ander man, moes die oortreder saam met die vrou wat hy verkrag het, tereggestel word (Dt. 22:23-24). Vroue wat hulle maagdelikheid buite die huwelik verloor het, se lewe was in gevaar (Gergen, 1996:382).

Volgens die Israelitiese wet moes 'n man trou met die vrou wat hy verkrag het. (Eks. 22:16-17 en Dt. 22:28-29). Om te trou het aan so 'n vrou 'n sekere status in die

samelewing gegee, anders is sy as 'n uitgeworpene behandel (Alexander, 1998:1305).

'n Man wat 'n vrou verkrag het, moes ook 'n bruidskat aan die vader van die bruid betaal (Eks.22:17). In die verhaal van Tamar word sy egter deur Amnon verwerp (*sillah* – hy stuur haar as't ware weg) en hy behandel haar soos 'n prostituut (Propp, 1993:42).

2.4.5 Ooreenkomste tussen Tamar se verhaal en die dogter wat gemolesteer word

Volgens Langberg (1999:23) is daar in die verhaal van Tamar baie elemente wat ooreenstem met dié van die tipies gemolesteerde vrou:

- Sy is gedwing.
- Sy het geen keuse gehad nie.
- 'n Verhouding wat vir haar veiligheid moes bring, het net gevaar ingehou.
- Haar stem is stilgemaak.
- Sy was hulpeloos: sy kon nie die verkragting of die gevolge daarvan beëindig nie.
- Sy is verneder.
- Sy is verraai.

Alhoewel die verhaal van Tamar dateer uit 'n antieke tyd, is dit nogtans tydloos. Dieselfde vorm van geweld teen vroue woeker steeds voort. In hierdie opsig is Tamar se verhaal eintlik 'n moderne verhaal: (Gordon, 1990:125-126)

- Tamar word seksueel misbruik deur iemand wat sy ken.
- Hierdie seksuele misdryf het plaasgevind in haar eie huis deur 'n lid van haar gesin.
- Tamar is uitgebuit as gevolg van haar opvoeding en pragtige persoonlikheid.
- Tamar het nee gesê, maar is nie daarvoor gerespekteer nie.
- Alhoewel Tamar hulp gevra het, is sy beveel om stil te bly.

- In Tamar se soeke na geregtigheid is dit uit haar hande geneem en het 'n man beheer oorgeneem en is daar nie aan haar reg laat geskied nie.
- Uiteindelik was haar vader vir die oortreder jammer en nie vir haar nie.
- Die gebeure met Tamar vind plaas sonder haar instemming.

Tamar se wysheid en dapperheid kan inderdaad dien as aanmoediging aan ander slagoffers om hul stem te verhef ten opsigte van die gruwel van wat hulle aangedoen is. Die kerk kan ook 'n positiewe bydrae teen geweld lewer deur op verskillende wyses die verhaal van Tamar te beklemtoon (Alexander, 1998:1306).

2.4.6 Insigte met betrekking tot die Godsopenbaring

2.4.6.1 Karaktereienskappe van God die Vader soos belig deur die verhaal van Tamar

In die verhaal van Tamar word God nie pertinent genoem nie. In 'n stadium lyk dit of alles buite beheer is: verkragting, moord, leuens en geen reg nie. Dit word later egter duidelik dat, al lyk dinge, uit 'n menslike oogpunt gesien, buite beheer, God nog steeds ten volle in beheer is (Davis, 2000:142).

Tamar se verkragting is een van die gevolge van Dawid se sonde (Gordon, 1990:128) iets van die implikasies van hierdie straf, ook op seksuele gebied, blyk byvoorbeeld uit die uitspraak in 2 Sam.12:11 waar God aan Dawid sê: *“Van nou af gaan Ek uit jou eie huis ellende oor jou bring. Ek sal jou vrouens voor jou oë vat en aan iemand anders gee. Hy sal by jou vrouens slaap oop en bloot, want jy het 'n ding in die geheim gedoen, maar ek sal alles oop en bloot voor Israel doen.”*

God hou sy woord van oordeel gestand en Hy vervul dit – Hy is dus intens *betrokke* by die besonderhede van Sy kinders (Davis, 2000:142). Hierin blyk ook dat God se woord *betroubaar* is en dat Hy doen wat Hy sê Hy sal doen (Gergen, 1996:379). God se *soewereiniteit* tree ook hieruit na vore, aangesien Hy aan niemand rekenskap hoef te doen met betrekking tot Sy optrede teenoor die mens nie. God het Dawid inderdaad vergewe en sy skuld kwytskeld, maar hy moes die gevolge van sy sonde dra deur dit wat in sy eie huis plaasvind.

God toon ook sy *meegevoel* vir Tamar in die verhaal. Verder sal die verhaal van

Tamar ook ewige betekenis hê, aangesien God self die skrywer van die verhaal deur Sy Gees geïnspireer het op dit op te teken. God toon ook hier wat die verskriklike nagevolge van seksuele misbruik is, asook die feit dat Hy seksuele misbruik haat (Langberg, 1999:29). Verder blyk dit dat God *alomteenwoordig* is, selfs in die binnekamers waar hierdie tipe sonde plaasvind – Hy weet van alles (Langberg, 1999:29).

Uit hierdie verhaal blyk dus ook baie duidelik die effek wat ouers se sondes op hul kinders het (Gergen, 1996:379). **God laat die sonde egter nie ongestraf nie** omdat Hy 'n jaloerse God is. Dit blyk duidelik uit die feit dat Amnon se onsedelike gedrag teenoor Tamar uiteindelik daartoe lei dat sy broer Absalom hom vermoor (Lion-Cachet, 1990:57).

2.4.7 Appél van hierdie gedeelte

As Christene behoort ons nie net toeskouers te wees en die storie van Tamar as interessant te sien nie. Christene moet sonde sien vir wat dit is en dit werklik haat (Davis, 2000:136). In die verhaal word Tamar nie gehoor nie en niemand beveg haar saak nie. Sy word as 'n voorval beskou en nie as 'n persoon nie. Christene moet bewus wees daarvan dat daar vandag nog net so teen vroue in sekere huise opgetree word en dat ons hulle die reg moet gee om te praat en gehoor te word (Alexander, 1998:1306). Christene moet ook ag slaan op Tamar se dapperheid en vasbeslotenheid om haar storie te laat hoor (Brueggemann, 1990:283). Die kerk behoort die storie van Tamar te lees en hom teen hierdie tipe geweld uit te spreek. Tamar se verhaal is ook 'n baie goeie leerskool vir die berader wat vandag met die gemolesteerde en verkragte vrou werk. Haar rouproses is universeel (Smith, 1999:39). Sy rou oor haar status, skoonheid, heiligheid, asook haar beskikbaarheid as maagdelike bruid (Smith, 1999:39). Die vrou van deesdae is ook deur die misdade vernietig. Christene kan vandag Christus bring vir die vroue en hulle hoef nie verlate ('desolate') te voel nie. Want Christus is die gelowige se hoop (Langberg, 1999:29).

2.4.8 Voorlopige basis-teoretiese perspektiewe

2.4.8.1 Karaktereienskappe van God

- God hou sy woord van oordeel gestand.
- Hy vervul sy woord en Hy is 'n betrokke God.
- God se woord is betroubaar en Hy doen dit wat Hy sê Hy sal doen.
- God se soewereiniteit word sterk beklemtoon.
- God staan nie apaties teenoor die gemolesteerde nie.
- God is alomteenwoordig – ook daar waar die gemolesteerde soms beleef dat God nie hoor en nie raaksien nie.
- God laat die sonde nie ongestraf nie.
- God haat sonde en seksuele misbruik.

2.4.8.2 Bybelse kenmerke van 'n seksueel misbruikte vrou

- Sy is gedwing.
- Sy het geen keuse gehad nie.
- 'n Verhouding wat vir haar veiligheid moes bring, het net gevaar ingehou.
- Haar stem is stilgemaak.
- Sy was hulpeloos: sy kon nie die verkragting of die gevolge daarvan beëindig nie.
- Sy word verneder.
- Sy word verrai.
- Sy verloor haar maagdelikheid of onskuld.
- Sy word deur haarself en deur die persoon wat haar seksueel misbruik het as verworpe en vuil beskou.
- Haar kanse op 'n gesonde huwelik, of selfs enige huwelik, is skraal indien sy nie hulp en begeleiding ontvang nie.

- Sy maak 'n rouproses deur.
- Sy word dikwels aangeraai om nie gesinsprobleme in die openbaar bekend te maak nie.
- Hierdie dogter of vrou sterf in 'n sekere sin ten opsigte van haar menswees en sy word inderdaad 'n 'desolate woman.'

2.5 1 KORINTIËRS 6:12-22

2.5.1 Algemene agtergrond

Die stad Korinte het op 'n klein ismus gestaan, wat slegs 6.4 kilometer breed was. Dit het die suidelike deel van Griekeland met die res van die noordelike stede verbind (Prior, 1995:11). Die gedeelte het nie vrugbare grond gehad nie, maar die ekonomiese en militêre voordele was groot en dit het ook bekend gestaan as "Ryk Korinte". Selfs die Olimpiese spele is hier gehou (Chadwick, 1994:1).

Die stad is in 146 vC deur Mummius vernietig en het 100 jaar so in sy geruïneerde staat bly staan. In die jaar 44 vC het Julius Ceasar besluit om dit 'n Romeinse kolonie te maak (Carson *et al.*, 1994:1161).

Aanvanklik het afgetrede Romeinse soldate hulle hier kom vestig, maar spoedig het dit ook 'n heenkome geword vir die sogenaamde 'rykes' en 'wyses'. Die stad met sy diverse kulture het baie gode aanbid. Daar was heelwat Jode in die stad en daarom ook heelwat sinagoges. Paulus het aanvanklik sy prediking hier gelewer (Chadwick, 1994:1) (Hand. 13:15-52). Die stad is oorheers deur "Acrocorinth" (Persone in Korinte wat die afgod Afrodite aanbid het) In die stad Korinte was daar ook 'n groot tempel vir die godin Afrodite, wat die Griekse god van liefde was. Verder was daar ook 'n duisend vroulike priester-prostitute wat gewoonlik saans hul liggame te koop aangebied het op straat. Dit was eintlik 'n kultus wat daarop toegespits was om seks te verafgod (Prior, 1995:11).

Dan was daar ook die tempel van Apollo, die god van musiek, sang en gedigte. Hy was die toonbeeld van manlike skoonheid en kaal beelde van hom was veronderstel om vrugbaarheid uit te beeld en gevolglik sy manlike aanbidders aan te spoor om gode en mooi mans aan te hang. Korinte was dus ook 'n sentrum van

homoseksualiteit en sinoniem met seksuele losbandigheid (Prior, 1995:12). Die intensiteit en omvang van seksuele immoraliteit in Korinte is egter moeilik om te bepaal of te verwoord. In sy brief aan die Korintiërs lê Paulus sterk klem op seksuele aangeleenthede (Alexander, 2002:869), en die riglyne wat hy uitspel, moet teen bogemelde agtergrond gelees word (Botha, 2001 :44). Hy benadruk die feit dat Christene se lewenswyse anders moet lyk as dié van die wêreld.

Dit is duidelik dat Paulus enersyds aanvanklik geskok was toe hy in Korinte aankom, maar andersyds voortgedryf is deur sy verantwoordelikheid asook die besef dat hy niks anders as Christus en sy kruisiging kan verkondig nie (Chadwick, 1994:3). Volgens Hand 18:1-8 het Paulus 18 maande in Korinte vertoef en hier as tentmaker gewerk. Hy het aanvanklik sy prediking in die sinagoges gelewer totdat die Jode hom dit nie meer wou toelaat nie. Daarna het hy sy prediking na die huis van Titius Justus verplaas. Paulus is in sy sendingwerk in Korinte deur Aquila en Priscilla en ook later deur Silas en Timoteus ondersteun (Prior, 1995:15) (Hand 18:1-11).

Tydens Paulus se verblyf in Korinte het hy die geestelike grondslae gelê vir die vestiging van die kerk in hierdie stad. Daarna moes ander met die geestelike bouwerk voortgaan, byvoorbeeld Stephanus, Fortunates en Agaikus (Carson *et al.*, 1994:1161).


Die korrespondensie wat Paulus dan later met die Korintiërs voer is daarop gerig om die probleme wat hy geïdentifiseer het aan te pak en raad te gee. Hy poeg ook om wanpersepsies wat as gevolg van sy eerste brief ontstaan het, uit te stryk. In hierdie twee briewe neem hy onder meer komplekse pastorale vraagstukke onder die loep, soos die huwelik, geestelike gawes en die eet van afgodsoffervleis. Hy behandel ook aangeleenthede soos bloedskanie, immoraliteit, geregtelike sake, die misbruik van die nagmaal en die ontkenning van Christus se opstanding (Carson *et al.*, 1994:1161).

2.5.2 Perikoopkeuse

Die makro-perikoop van 1 Kor. 6:12-22 is baie spesifiek gekies omdat dit by uitstek die gedeelte in die Nuwe Testament is waar seksuele onsedelikheid baie volledige aandag geniet. Dan is daar ook 1 Kor. 7:1-5, waar die huwelik bespreek word asook die rol van seks binne die huwelik.

2.5.3 Makrovlak van 1 Korintiërs

Soos uiteengesit deur Botha (2002:50).



2.5.4 1 Kor. 6:12-20 – Vyf waarhede oor die liggaam

Vyf waarhede oor die liggaam soos deur Paulus gesien (Prior, 1995:99):

V. 12. Daar is mense wat sê:

“Alles is my geoorloof.”

Ja, maar nie alles is heilsaam nie.

“Alles is my geoorloof,” sê hulle.

Ja, maar ek gaan my nie deur enigiets verslaaf nie.

1. Die doel van die liggaam in die Here

V. 13. Hulle sê ook:

"Kos is vir die maag en die maag is vir kos."

Goed, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. 'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is.

2. Die heropstanding van die liggaam in die Here

V. 14. God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek.

3. Die interaksie van die liggaam met die Here

V. 15. Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? V. 16. Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God sê immers: "Die twee sal een word." V. 17. Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom. V. 18. Julle moet dan niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandige lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.

4. Die inwoning van die Here in die liggaam

V. 19. Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julle self nie.

5. Die verlossing van die liggaam deur die Here

V. 20. Julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

2.5.5 Mikrovlak van 1 Kor. 6:12-20

Die perikoop word geheel aan seksuele losbandigheid gewy. Dit blyk uit die perikoop dat sommige lede van die kerk hulle vry gevoel het om met prostitute om te gaan. Hulle regverdig hulle optrede deur 'n beroep te maak, enersyds op 'n wanvoorstelling

van Paulus se leer, en andersyds op idees van die populêre heersende filosofiese oortuigings (Yarbrough, 1985:33).

V. 12. Alles is my geoorloof.

Die Korintiërs het dié gesegde en leuse gebruik. Die oorsprong kon moontlik by 'n Griekse gesegde gewees het wat daarop neergekom het dat die liggaam eintlik maar net 'n graf is waarin die siel vasgevang is en dat daar gevolglik maar na willekeur met die liggaam gehandel kan word - daar dus gehandel kan word met die liggaam soos daar verkies is (Prior, 1995:95). Die spreekwoord was ook die wagwoord van 'n Gnostiese sekte in Korinte (Chadwick, 1994:145).

V.12. Maar alles is nie heilsaam nie.

Paulus antwoord op die vorige stelling dat, alhoewel die Christelike geloof 'n boodskap van vryheid is, beteken dit nie dat alles aanvaarbaar is nie. Sekere dinge word nie spesifiek vir gelowiges verbied nie, maar die gevolge daarvan is dat dit nie wenslik is vir die gelowige nie (Prior, 1995:95). Christelike vryheid word deur 'n hoër standaard gerig, naamlik 'n geregtigheid in Christus en hoe Hy wil hê sy volgelinge moet lewe. Christelike vryheid is ook beperk, omdat die Christen moet dink aan ander en wat die effek van sy/haar dade op ander kan wees (Chadwick, 1994:146).

V. 12. Ek gaan my nie deur enigiets verslaaf nie.

Paulus besef dat dit moontlik is om in die naam van vryheid jou te verslaaf deur jou eie drange en begeertes (Chadwick, 1994:146).

V.12. Kos is vir die maag en die maag is vir kos.

Die Korintiërs het seksuele losbandigheid in dieselfde lig gesien as om net dood gewoon te sit en eet. Paulus verwerp dit geheel en al. Die maag, net soos kos, sal vergaan (1Kor. 1:28), terwyl die liggaam egter getransformeer gaan word na 'n verheerlikte vorm (1Kor. 15:51).

V. 13. 'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is.

Daar is geen noodwendige verbintenis tussen die maag en kos aan die een kant en seksuele wellus en die liggaam aan die ander kant nie - daar is eerder 'n verbintenis tussen God en die liggaam (Morris, 1989:96). Die term 'liggaam' (*soma*) verwys hier na die mens in 'n holistiese sin, liggaam, gees en siel – in hierdie hoedanigheid

behoort die gelowige dan aan God (Chadwick, 1994:147). God is belangrik vir die funksionering van die liggaam en dit is ook net Hy wat die gelowige in staat kan stel om volgens Sy plan te leef (Morris, 1989:96).

V. 14. God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek.

Die opstanding van die vlees behoort die Christelike denkpatroon te oorheers. God het Christus uit die dood opgewek en so sal die gelowige ook uit die dood opgewek word. Die liggaam het in hierdie sin ewigheidswaarde en die opstanding van die vlees verbied gevolglik die gelowige om die liggaam ligtelik op te neem (Morris, 1989:97).

V.15. Of weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus...

Paulus begin die vers met 'n beskuldigende vraag. Hy impliseer dat die lesers veronderstel is om bewus te wees van die feit dat hulle liggame aan Christus behoort, maar optree asof hulle nie daarvan weet nie (Chadwick, 1994:148).

V. 15. Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak?

Die term 'neem' (*airo*) dui op 'n permanente verwydering - die totale verwydering van 'n ledemaat en dit dan deel maak van iemand anders as Christus. Deur 'n immorele seksuele daad word die Christen dus verwyder as 'n lid van die liggaam van Christus en in Sy diens, en verbind aan die liggaam van 'n prostituut en in haar diens gestel. Die intimiteit, ongerymdheid en wanverhouding van die eenheid met 'n prostituut is gevolglik 'n skending van die gelowige se verhouding met Christus (Morris, 1989:98).

V. 16. Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God sê immers: "Die twee sal een word."

Paulus haal hier Gen. 2:24 aan, wat ook in Matt. 19:5-6 omskryf word. Die *een-word* dui op seksuele gemeenskap en Paulus omskryf dit as 'n unieke ontmoeting van selfopenbaring en selfopoffering, wat slegs in die huwelik tuis hoort. Volgens die Skrif is daar dus nie so iets soos vrye liefde nie (Morris, 1989:98). Die term 'vlees' (*sarka*) wat hier gebruik word dui op die persoon self, en dit is hierdie self wat die besluit neem (Chadwick, 1994:149).

V. 17. Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom.

Die sterk term vir 'eenheid' wat hier gebruik word (*kollaomai*) beteken letterlik om vas te gom. In 'n geestelike sin vind daar 'n baie sterk hegting plaas tussen hierdie persoonlikhede en hulle het nou ook deel aan die "mind of Christ" (Morris, 1989:98). As agtergrond vir hierdie stelling dien ook Paulus se uitsprake oor die bruidegom (Christus) en sy bruid (gemeente) wat een is. Die permanente verhouding tussen man en vrou wat een word gedurende seksuele eenheid is net 'n gebrekkige voorbeeld van die perfekte eenheid tussen Christus en Sy kerk (Prior, 1995:102).

V. 18. Julle moet dan niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie.

Volgens die Afrikaanse Vertaling van 1953 is die opdrag hier om te vlug vir hoerery. Die Revised Standard Version vertaal Paulus se opdrag met *shun immorality*. Dit is dus duidelik dat dit nie slegs gaan om 'n vermyding van die sonde nie maar om daadwerklik daarvan weg te vlug. In Korinte was dit maklik om in seksuele sonde te verval aangesien dit die algemeen aanvaarde norm was (Chadwick, 1994:150).

πορνεία - Die 1953-vertaling gee die woord as *hoerery* aan, en die 1983-vertaling as *seksuele losbandigheid*. Die Revised Standard Bible (1951) verwys daarna as *Immorality*. Louw en Nida (1989b:771) bied die volgende moontlike betekenis aan: sexual immorality, fornicatio, prostitution.

Volgens Rogers (1998:361) word die woord as illicit sex, farnication, sexual immorality, prostitution beskryf.

πόρνη – Die 1933/1953 Afrikaanse vertaling vertaal πόρνη met hoer terwyl die 1983 πόρνη met 'n ontugtige vrou vertaal. Louw en Naida bied die betekenis moontlikheid van prostituut aan.

V. 18. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite die liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.

Seksuele losbandigheid (*πορνεία*) impliseer sonde teen die eie liggaam. Die uitdrukking, *die liggaam is vir die Here en die Here is vir die liggaam* (1953-vertaling), waarna in v.13 verwys is, werp lig op die vraag: wat beteken dit om teen die liggaam te sondig? Om teen jou liggaam te sondig, is om jou deel van die liggaam van Christus af te sny en sodoende van sy ewigheids waarde te beroof - dit is by uitstek die gevolg van seksuele losbandigheid. Paulus argumenteer dat wat waar is van *πορνεία*, van geen ander sonde waar is nie. *Πορνεία* (seksuele imoraliteit) is nie net 'n sonde teen die Here en die persoon wat betrokke is nie, maar

ook teen die eie liggaam wat bedoel is vir Christus, en nie vir seksuele losbandigheid nie (Chadwick, 1994:151). Seksuele losbandigheid is gevolglik ook 'n sonde teen die betrokke persoon se eie persoonlikheid (Morris, 1989:99). As individuele gelowiges dan ledemate van Christus is, is dit onaanvaarbaar dat hulle hul sal ophou met buitehuwelikse seksuele verhoudings (Prior, 1995:103).

V. 19. Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julle self nie.

Die term 'naos' verwys na 'n heilige tempel en 'n skuilplek. Waar die gelowige ook al gaan, is hy/sy 'n draer van die Heilige Gees (Morris, 1989:99). Die Heilige Gees is in die binneste van die gelowige nie deur die natuur van die mens nie, maar deur genade. Dit spreek dus vanself dat wanneer die heiligheid en reinheid van die individu aangetas word, die heilige tempel van die Heilige Gees ook aangetas word (Chadwick, 1994:151). Paulus wys gevolglik die gelowige daarop dat *πορνεία* 'n gruwelike ontreiniging van die tempel van God is (Botha, 2002:53).

V. 20. Julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God met julle liggaam verheerlik.

Voordat die gelowiges vrygemaak was in Christus was hulle gebind. Hulle was slawe van hulle eie natuur, hulle eie selfsugtige drange en behoeftes. Hulle is egter gekoop teen 'n prys en behoort nou aan 'n nuwe Meester en hulle behoort nou in alles Hom te verheerlik. Veral ook met hul liggame moet hulle nou God verheerlik (Prior, 1995:104). Die term *dē* afkomstig van die woord *ēdē* dui daarop dat dit klaar so is. Die dringendheid daarvan dat die gelowige 'n heilige lewenswandel moet handhaaf, word in die Grieks dan so aangedui asof die gelowige al reeds besig is om heilig te lewe. (Morris, 1989:101).

2.5.6 Belangrike perspektiewe rakende die openbaring van God se karakter

God verwag van die gelowige absolute getrouheid en 'n heilige lewe (1 Kor. 6:19). Hy is intens by die gelowige se liggaam en die gelowige persoonlik betrokke (1 Kor. 6:17). God is ewig en Hy beplan ook vir die gelowige 'n ewige karakter (1 Kor 6:14). Jesus Christus is ons ewige Verlosser wat die gelowige gekoop het deur sy offer en

Hy sluit ook met die gelowige 'n nuwe verbond deurdat hy die Heilige Gees gee om in die gelowige te woon (1 Kor. 6:19-20). Die Heilige Gees bly in die gelowige, en is dus ons leermeester wat die gelowige leer om meer en meer Christus se karakter aan te neem. God is 'n verhoudings-God en wil 'n liefdesverhouding hê met die gelowige. Hy is die gelowige se Bruidegom en die gelowige is sy bruid (1 Kor. 6:17).

2.5.7 Appél van die perikoop

Eerstens roep dit kinders van God op om te ontdek wie hulle werklik is en ook te besef dat hulle liggame *tempels* is van die Heilige God. Christene het gevolglik 'n verantwoordelikheid om weg te vlug van seksuele losbandigheid en om die erns daarvan raak te sien. Seksuele losbandigheid is nie 'n private aangeleentheid nie – dit besmet die hele gemeente. Daar behoort gepraat te word oor die erns van hierdie sonde, maar tegelykertyd ook hulp gebied te word aan persone wat hierin vasgevang is. Die gelowige behoort anders te wees as die wêreld ten opsigte van hul moraliteit. As gelowige moet die Christen sy liggaam offer as 'n heilige offer vir wat vir Christus aanneemlik is. Gelowiges as kind van God is kosbaar en het ewigheidswaarde, juis oor die genade wat aan gelowiges bewys is. Die Gelowige moet sy lewe inrig as 'n slaaf van die Almagtige God en aan Hom gehoorsaam wees. Alles wat die gelowige met sy liggaam doen, moet die Here verheerlik. Die gelowige moet alles doen sodat dit strek tot verheerliking van God.

2.5.8 Voorlopige basis-teoretiese perspektiewe

Hierdie gedeelte het 'n besondere boodskap vir die vrou wat as kind gemolesteer is. Waar daar so dikwels as gevolg van sulke omstandighede 'n verdraaide beeld van die eie liggaam voorkom, bring hierdie gedeelte 'n belangrike regstelling in hierdie verband:

- Paulus se gebruik van die term 'liggaam' dui op veel meer as net die fisiese dimensie – daar is ook 'n geestelike dimensie aan verbonde.
- Die uitdrukking, 'die Here is vir die liggaam', dui op die feit dat daar 'n betrokkenheid van Jesus Christus self by hierdie aangeleentheid is.
- God het nie net vir Christus uit die dood opgewek nie maar Hy sal ook die

gelowige se liggaam tot die ewige lewe opwek.

- Christene is deur hulle liggame so nou aan Christus verbonde dat hulle beskryf word as ledemate van sy liggaam. Dit beteken dat hy wat homself met Christus verbind, geestelik een met Hom is. Sodoende word Christus se persoonlikheid op sy navolgers oorgedra.
- Wanneer 'n man seksuele gemeenskap met 'n prostituut bedryf, word hy fisies met haar verenig. Sy hele persoonlikheid word egter ook met hare verenig en haar karakter word as't ware syne. So word die geestelike verbondenheid met Christus verbreek.
- Die liggaam van 'n Christen is 'n tempel van God, aangesien God self in die Christen teenwoordig is deur die inwoning van die Heilige Gees.
- Wie seksueel sondig, sondig teen sy/haar eie liggaam - die liggaam waarmee hy/sy God moes verheerlik.

2.6 1 KOR. 7:1-5

2.6.1 Algemene agtergrond

In 1 Kor. 7 neem die Korintiërs die raad van Paulus om *porneia* te vermy so ernstig op dat hulle begin twyfel oor die heiligheid van hulle verhoudinge - selfs binne die huwelik. Omdat Paulus in sy vorige briewe die selibaat-beginsel so aangeprys het, het die Korintiërs verkeerdelik aanvaar dat dit geldend is vir alle gelowiges. Hulle het gevolglik die standpunt begin huldig dat alle mans selibaat moes wees. Van die getroude pare het begin twyfel oor seksualiteit binne die huwelik en selfs oorweeg om te skei, sodat hulle hulle kon distansieer van die seksuele. In hierdie hoofstuk wys Paulus gevolglik vir hulle op die dwaasheid en engheid van hulle denke met betrekking tot hierdie aangeleentheid (Alexander, 2002:873).

2.6.2 Perikoopkeuse


Die volwasse vrou wat as kind gemolesteer is, behoort 'n gebalanseerde beeld te kry van seksualiteit binne die huwelik. 1Kor. 7:1-5 handel spesifiek oor die seksuele verhouding tussen man en vrou in die huwelik en gee verrassende insigte in hierdie

verband.

2.6.3 Makrovlak van 1 Kor. 7: 1-5

Die makro-indeling van 1 Kor. 7:1-5, soos uiteengesit deur Prior (1995:114), sien soos volg daar uit:

Getroude pare 7:2-5



2.6.4 Mikrovlak van 1 Kor. 7: 1-5

V.1. Ek kom nou by die dinge waaroor julle vir my geskryf het. Dit is goed vir 'n man om sonder 'n vrou te lewe...

Die New International Version vertaal hierdie gedeelte soos volg: *"It is good for a man not to touch a woman"*. In die Grieks en Hebreeus verwys hierdie gesegte na die seksuele daad. Daar kan dus aanvaar word dat sekere van die Korintiërs oortuig was daarvan dat seksuele omgang binne die huwelik verkeerd is. Sekere van die pare het dit moeilik gevind om hulle van seksuele omgang te weerhou en het oorweeg om te skei (Yarbrough, 1985:97). Paulus wil gevolglik deur sy beredenering

binne hierdie gedeelte dit duidelik maak dat die seksuele verhouding binne die huwelik nie verkeerd is nie (Chadwick, 1994:154).

V.2. ... maar weens die gevare van onsedelikheid...

Paulus hou vol dat dit beter is om nie getroud te wees nie, want dan is die individu vry om die Here te dien en hoef hy/sy nie ook nog ag te gee op 'n huweliksmaat nie. Juis omdat die immoraliteitsvlak in Korinte so hoog is en dit vir persone moeilik is om die versoekings te weerstaan, is dit egter beter om te trou (Morris, 1989:103).

V.2. ... behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man.

Behoort te hê dui daarop dat as iemand maklik struikel op die seksuele gebied, dit 'n noodsaaklikheid is dat daardie persoon 'n huweliksmaat moet hê (Chadwick, 1994:156). Die seksuele verhouding hoort dus binne die huwelik (Yarbrough, 1985:97). Veelwywery word ook hier verbied (Prior, 1995:114).

V.3. Die man moet sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so die vrou teenoor haar man.

*3 Die man moet sy **huweliksplig** teenoor sy vrou nakom, en net so die vrou teenoor haar man* (Bybel, 983).

*The husband should give his wife her **conjugal rights** (RSV). Die man moet aan sy vrou die **verskuldige welwillendheid** bewys (Bybel, 1953). Die man moet aan sy vrou die **regte as getroude** vrou gee (Taylor, 1972:73).*

Ὁφειλή- obligation, debt, due. 'n Verantwoordelikheid in die huwelik. 'n Eufemisme of versagtende uitdrukking vir seksuele omgang (Rogers, 1998:361).

Ἀποδιδότω- om terug te betaal, mens se daaglikse taak. Rabbies is verplig om gereeld met hulle vroue seks te hê, op Vrydag aande (Rogers: 1998,361).

Seksuele omgang is nie net toelaatbaar in die huwelik nie, maar 'n plig wat huwelikspare aan mekaar verskuldig is (Yarbrough, 1985:97). Paulus lê hier ook die klem op die handeling van te gee eerder as om te ontvang. In die huwelik gee die partye hulle vir mekaar (Morris, 1989:103). Dit blyk ook duidelik dat man en vrou ten opsigte van die seksuele op gelyke vlak teenoor mekaar staan. Dit is veral belangrik as in gedagte gehou word dat Paulus en die Korintiërs in 'n man-oorheersde omgewing geleef het (Prior, 1995:116).

V.4. *Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man nie oor sy eie liggaam nie maar die vrou.*

4 Die vrou **beskik nie** oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man nie oor sy eie liggaam nie maar die vrou (Bybel, 1983). Die vrou het nie **reg** op haar liggaam nie maar die man; en net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie maar die vrou (Bybel, 1953). Want 'n meisie wat trou het nie langer **volle reg** oor haar eie liggaam nie, want dan het haar man ook reg daarop; eweneens het die man nie volle reg op sy eie liggaam nie, want dit behoort aan sy vrou (Taylor, 1972:73).

Ἐξουσιάζει - om gesag uit te oefen oor. Dit is 'n algemene standpunt wat altyd waar is (Rogers, 1998:361). Die term **exousiazō** beteken - om gesag uit te oefen oor (Morris, 1989:103).

Die term *exousiazō* beteken om gesag uit te oefen oor iets of iemand. Hierdeur word uitgebeeld dat nie die man of die vrou die reg het om hulle eie liggame net vir hulle eie selfsugtige behoeftes te gebruik nie (Morris, 1989:103). Paulus beklemtoon dus die feit dat die seksuele verhouding in 'n gesonde Christelike huwelik 'n noodsaaklikheid is (Prior, 1995:117).

V.5. *Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan gebed te wy.*

4 Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met **wedersydse toestemming** en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan gebed te wy (Bybel, 1983). Onttrek julle nie aan mekaar behalwe met **wedersydse instemming**... kom weer bymekaar (Bybel, 1953). Moet dan nie hierdie regte vir mekaar weier nie. Die uitsondering op hierdie reël sou die **instemming** van beide man en vrou wees om hulle vir 'n bepaalde tyd van huweliksregte te onthou ten einde te bid (Taylor, 1972:73).

ὑμψωvos – ooreenkoms, toestemming

Paulus verbied nie noodwendig seksuele omgang tydens fases waar daar ook tyd aan gebed gewy word nie – dit is egter 'n keuse. Hier beweeg Paulus weg van die Joodse siening dat seksuele omgang meebring dat die man en vrou ritueel onrein is, en sodoende nie kan bid nie (Yarbrough, 1985:100). Die frase *hina scholasēte* dui letterlik daarop dat 'n persoon vrye tyd het om te bid. Soms is dit nodig om ontspanne en in stilte tyd saam met die Here deur te bring (Morris, 1989:103). Die term 'wedersyds' wys daarop dat daar 'in simfonie' besluit word om hulle van

geslagsomgang te weerhou. Net vir 'n bepaalde tyd - *pros kairon* - verwys na presies die regte tyd; wanneer daar 'n spesifieke behoefte is aan spesifieke gebed (Prior, 1995:118; Bredenkamp, 2002:342). 'n Huwelikspaar weerhou hulle dus slegs in uitsonderlike gevalle van geslagsomgang, en met wedersydse instemming, en nie as 'n reël nie (Morris, 1989:103).

V.5. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie.

In Korinte was seksuele versoekings aan die orde van die dag en die Korintiërs het eenvoudig toegegee aan die natuurlike liggaamlike drange. Dit is dus te verstane dat Satan hom op die seksuele lewe sou toespits. Christene word egter geroep om Christus met hulle liggame te verheerlik (Prior, 1995:119).

V.6. Dit is as tegemoetkoming, nie as 'n bevel nie.

Paulus sê weer eens dat om te trou 'n tegemoetkoming is maar nie 'n bevel nie.

V.7. Eintlik wens ek dat alle mense kon wees soos ek. Maar elkeen het sy besondere gawe ontvang, die een dit en die ander iets anders.

Paulus maak weer eens die stelling dat dit vir hom beter sou wees as mense die gawe gehad het om enkel te wees. So kan 'n persoon meer tyd hê om hom aan die Here te wy (Prior, 1995:120). Die implikasie is verder dat om enkel te wees 'n gawe is, maar om getroud te wees, weer 'n ander gawe is (Morris, 1989:103).

2.6.5 Belangrike perspektiewe rakende die openbaring van God se karakter

- God is 'n genadige God
- God vereis heiligheid van die gelowige, maar voorsien die mens ook van die middele om so te kan lewe.
- God gee die huwelik en is inderdaad 'n liefdevolle God
- Juis in die huwelik kan die gelowiges liefde teenoor mekaar beleef, wat steeds maar 'n dowwe beeld is van God se liefde en passie vir die mens.

2.6.6 Appél van die perikoop

- In die perikoop blyk duidelik hoe die gelowige op die genade van God kan antwoord.
- God toon juis hier dat die seksuele moet gepaard gaan met wedersydse respek en liefde.
- Die feit dat vroue verkrag en kinders gemolesteer word, val buite God se wil.
- Geslagsomgang wat met geweld gepaard gaan, is 'n misdaad teen die slagoffer, teen die samelewing sowel as teen God.
- Die perikoop beklemtoon die feit dat die vrou in die seksuele verhouding gelyk staan aan haar man en dat sy nee kan sê as dit vir haar moeilik is om voort te gaan met seksuele omgang.
- Dit gee haar ook die toestemming om haar lewensmaat te seën met toenadering en om die daad te inisieer.
- Die belangrikheid van gebed binne die daaglikse omgang van die huwelikspaar word ook beklemtoon. Die band in die huwelik sal al sterker word as die paar ook saam kom om te bid.
- Geslagsomgang moet nie beskou word as iets onheiligs of as onaanvaarbaar nie.
- Die klem in die perikoop aangaande die seksuele lê op gee en nie ontvang nie. Die gelowige moet sy/haar liggaam aan die huweliksmaat gee. Die mag wat die huwelikspaar oor mekaar se liggame het impliseer dat hulle mekaar se liggame sal liefhê en respekteer soos hul eie.
- Die liggaam is kosbaar omdat dit 'n tempel van God is.
- Die feit dat daar met wedersydse instemming besluit kan word om hulle aan geslagsomgang te onthou, impliseer dat daar in die huwelik oor seks gepraat moet word. Die gemolesteerde kan praat oor wat haar bang maak en wat haar sal help om rustig te raak onder die liefkosing van haar man.

2.6.7 Voorlopige basis-teoretiese perspektiewe

- Geslagsomgang en geweld is nie met mekaar versoenbaar nie, en daarom is geslagsomgang ook nie veronderstel om 'n magspel te wees nie.
- Geslagsomgang wat met geweld gepaard gaan, is 'n misdaad teen die slagoffer, teen die samelewing en teen God.
- Die feit dat die mens seksueel misbruik en mishandel word, val buite God se wil
- Geslagsomgang, wedersydse respek en liefde hoort saam.
- Die seksuele behoort binne die huwelik bespreek te word.
- Man en vrou is op gelyke voet wat betref die seksuele verhouding binne die huwelik. Dit is dus van belang dat beide die partye nie sê as dit moeilik is om met seksuele omgang voort te gaan.
- Man en vrou het binne die huwelik wedersyds reg en bevoegdheid oor mekaar se liggame.
- Seksuele omgang behoort gereeld plaas te vind sodat die huweliksmaats nie in die versoeking kom om dit buite God se wil te soek nie.
- Die klem in die huwelik en in die seksuele is om te gee en te dien, en nie om te ontvang nie.
- Man en vrou is geslagsomgang aan mekaar verskuldig.

HOOFSTUK 3


META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE GEMOLESTEERDE VROU EN HAAR AANPASSING IN DIE HUWELIK

3.1 BEGRIPSVERKLARING

Die term 'metateorie' dui hier op 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel; vakke wat aspekte van dieselfde aard bestudeer (Venter, 1993:247).

In hierdie hoofstuk word vervolgens beoog om vas te stel watter perspektiewe en raakvlakke vanuit hierdie ander grenswetenskappe (Opvoedkunde, Sielkunde, Sosiologie asook Mediese perspektiewe) na vore kom met betrekking tot die gemolesteerde vrou in haar aanpassing in die huwelik. Soos reeds in Hoofstuk 1 vermeld sal die stof van hierdie grenswetenskappe afwisselend gebruik word sonder om noodwendig telkens die spesifieke veld by name te noem.

Die basiese model van Zeffass word gebruik vir die proses van wetenskaplike ondersoek (Heyns & Pieterse, 1998:38-39).



In hierdie geval handel praxis 1 oor die situasie tot op hede van die vrou wat as kind gemolesteer is – in besonder ook oor die vraag in watter mate die kerk in die algemeen hierdie persoon bygestaan en begelei het. Uit die bespreking verder sal blyk dat seksuele geweld en seksualiteit dikwels in die verlede op 'n sekere manier deur die kerk hanteer is, aangesien dit eeue lank reeds so gevestig is. 'n Situasie-analise word vervolgens gedoen aan die hand van 'n empiriese ondersoek. Wanneer 'n empiriese situasie-analise gedoen word, behoort van die kennis van ander wetenskappe ingespan te word sodat 'n beeld van die werklikheid verkry kan word. By die studie van die vrou wat as kind gemolesteer is, word byvoorbeeld na wetenskappe soos Sielkunde, Seksologie, Maatskaplike Werk en Sosiologie gekyk. Die wyse waarop die gemolesteerde vrou in die verlede hanteer is, Bybelse uitsprake asook die standpunte van die ander teologiese vakke kan nie geïgnoreer word nie. Daarom word twee pyle met (5) gemerk. Gesamentlik (7) en (8) kom hulle tot 'n nuwe prakties-teologiese teorie (9). Hierdie teorie moet vervolgens in die praktyk toegepas word en daarom word die pyle gemerk met (10). Hierdie nuwe praxis 2 (11) word eers aan die situasie en dan aan die oorlewering getoets (13) (Heyns & Pieterse, 1998:38-39).

3.2 INLEIDING

Vervolgens word gekyk na hoe die gemeenskap en die kerk opgetree het teen die vrou teenoor wie seksuele wandade gepleeg is. In die verlede is vroue wat verkrag

is op verskillende maniere hanteer. Dit het grootliks afgehang van die kultuur waaraan sy verbonde is, en die wette aangaande seksuele oortredings is dan geskoei op die stand en herkoms van die vrou in die samelewing.

3.2.1 In die tyd van Athene

In die tyd van Athene was 'n man erger gestraf as hy 'n vrou verlei as wanneer hy een verkrag het. Die moontlikheid dat 'n vrou verkrag word is nie eens bedink nie. As 'n vrou verkrag is, het haar man van haar geskei en sy het 'n sosiale uitgeworpene geword. Vrouens het geen manier gehad om hulle te verdedig nie (Schwendiger, 1982:269).

3.2.2 Die Babiloniërs en Hebreërs

In die Babiloniese en Hebreeuse tyd was die vrou en die kinders as deel van die man se eiendom beskou, met wie hy kon handel soos hy wou. Hy het volkome outoriteit oor sy vrou, kinders en slawe gehad omdat hulle deel uitgemaak het van sy besittings. Verkragting is dus in hierdie kulture per definisie beskou as 'n oortreding teen die man onder wie se outoriteit die betrokke vrou geleef het. Die Hebreeuse bevolking sou die oortreders gestenig het. Volgens die Messiaanse wet moes 'n man wat 'n vrou buite die stadspoorte verkrag het, aan die vader van die vrou 'n bruidskat betaal, aangesien die vrou die besitting van die vader was (Alexander, 1998:1305).

3.2.3 Die Romeinse tyd

In die Romeinse tyd is verkragting vir die eerste keer gedefinieer as *rapus* - wat beteken om weggedra te word teen jou wil. Verkragting is dus beskou as iets wat buite die wil van die vrou plaasgevind het. Die Kerk van hierdie tyd het dieselfde siening gehad (Schwendiger, 1982:270).

3.2.4 In die Middeleeue

In die Middeleeue was vroue van laer stande deur adellikes verkrag en mishandel, omdat daar geen nodigheid gesien was daarvoor om sagkens met hulle om te gaan nie. Dit was beskou as aanvaarbare praktyk. Die landbesitter (*landlord*) kon

byvoorbeeld die vrou van 'n man wat op sy grond gebly het, op haar huweliksnag vir homself neem. Dit was niks anders as verkragting nie (Schwendiger, 1982:267).

3.2.5 Tydens die Franse revolusie

Tydens die Franse revolusie is verkragting in 'n geheel en al ander lig gesien. Daar is gemeen dat daar 'n massa seksuele frustrasie voorgekom het en dat verkragting die nodige ontlading sou meebring. Die stelling was egter foutief omdat daar baie bordele en prostitute was wat hulle dienste van deur tot deur aangebied het (Schwendiger, 1982:266).

3.2.6 Die vrou gesien as persoon

In 1285 is daar vir die eerste keer na verkragting gekyk as 'n oortreding teen 'n persoon. Iemand wat dan 'n maagd of 'n getroude vrou verkrag het, is met die dood strafbaar. Verkragting was nie meer net 'n intieme gesinsangeleentheid nie, maar 'n saak van openbare veiligheid. So was gemeen dat prostitute of persone wat hulle in buite-egtelike verhoudings begewe het, volgens die wette nie verkrag kon word nie (Schwendiger, 1982:271; Alexander, 1998:1305).

3.2.7 Die geestelike sy van seksualiteit

3.2.7.1 Hellenisme en dualisme

Die Westerse kultuur en die Christendom het in die verlede die geestelike faset van seksuele omgang ten sterkste ontken en teëgestaan. Dit vloei voort uit die vroeë Hellenistiese filosofieë en dualisme. Die Hellenistiese filosofieë het 'n verwyderdheid tussen die seksuele liggaam en die gees gesien. Die liggaam sou sterf, maar die gees sou vir altyd voortleef. Ware geestelikheid is dus volkome verwyder van seksualiteit (MacKnee, 2002:234; Rosenou, 2004, 262).

3.2.7.2 Die Rooms-Katolieke Kerk se rol in die definiëring van die vrou se seksualiteit

- Juliana (vierde-eeuse martelares)

Daar is 'n gedig geskryf (The legend of Juliana) oor dié maagd om nonne te inspireer om te veg vir hul maagdelikheid. Die verhaal van Juliana is dan kortliks soos volg: sy het besluit om 'n non te word, maar het nog nie haar besluit bekend gemaak nie. Wanneer sy egter weier om met 'n man te trou wat om haar hand vra, word sy gemartel en naderhand doodgemaak. Sy verkies gevolglik om te sterf eerder as om haar maagdelikheid prys te gee. Die boodskap word hier oorgedra dat die vrou haar liggaam teen penetrasie op fisiese en geestelike vlak moet beskerm. Haar liggaam word dan 'n fort teen die bese.

In die stuk erken die duiwel dat hy net swakker Christene kan aanval, maar niks kan doen aan 'n vrou soos Juliana wat haar maagdelikheid beskerm nie. Hy kan haar nie binnedring nie (Horner, 1994:659).

- **Middeleeuse nonne**

Die Middeleeuse nonne is bdskou as maagdelike heldinne. Hierdie nonne het hulle gemutileer (neus en lippe afgesny), asook moord en selfmoord gepleeg om te verhoed dat soldate hulle verkrag. Om hulle maagdelikheid te verloor was 'n saak wat hulle beskou het as erger as die dood. Hulle het geglo dat as hulle verkrag word hulle in 'n mate self daarvoor verantwoordelik sou wees (Horner, 1994:661). Die beoefening van seksualiteit is beskou as opstand teen God (Rosenau, 2004:262). Die vrou wat dus verkrag is en die dogter wat gemolesteer is, kon nie by die kerk aanklop nie.

- **Dualisme**

Dualisme het ook 'n belangrike rol in die vroeë Rooms-Katolieke Kerk gespeel, aangesien die vroulike liggaam as 'n leë nikswerd dop beskou is wat die gees van 'n man gehuisves het (Horner, 1994:662). Die vroulike liggaam is slegs as waardevol en sterk beskou as dit geslote bly vir seksuele omgang. 'n Christen maagd moet haar so van haar eie liggaam distansieer dat sy nie bewus is van haar seksuele sy nie, en dan sodoende seksueel nie besoedel raak nie. Die vroeë Katolieke kerk het dan ook verkondig dat 'n vrou 'n beter kans op 'n plek in die hemel gehad het as sy haar maagdelikheid behou (Horner, 1994:673). Die leuen wat verkondig is, het geïmpliseer dat 'n vrou wat verkrag of gemolesteer is, 'n uiters skraal kans staan om in die hemel te kom.

3.3 EMOSIONELE, FISIEKE EN GEESTELIKE KOMPLIKASIES VAN TRAUMA

3.3.1 Die narratief van die slagoffer van seksuele geweld

Slagoffers van seksuele geweld het twee kontrasterende maniere waarop hulle hul verhare oordra. Die een sal dit intens emosioneel oordra en sodoende eksternaliseer; die ander sal dit weer na binne kaats en dit met sielskwelling en selffoltering hanteer – dus internaliseer. Die ideaal is egter dat sulke vroue die geleentheid gebied sal word om hul storie te kan oordra en dus te kan eksternaliseer (Wilson, 1978:54).

3.3.2 Die Verkragtingstrauma-sindroom

Slagoffers van molestering beleef dikwels ook die verkragtingstrauma-sindroom. Die verkragtingstrauma-sindroom kan in twee fases verdeel word (Collins, 1988:303):

Die eerste fase is akuut – angs en vrese tree sterk op die voorgrond. Die persoon is bang om alleen te wees. Daar is intense emosionele uitbarstings. Die dames ervaar fisiese pyn.

Die tweede fase word gekenmerk deur nagmerries, snellers en intense 'n behoefte aan ondersteuning. Die langtermyn effek van die verkragtingstrauma-sindroom het veral op twee gebiede 'n impak, te wete 'n verandering in lewenstyl en drome en fobiereaksies. Seksuele geweld degradeer en verneder die slagoffer en laat haar skuldig voel. Die effek kom dikwels na vore in die vorm van 'n fisiese behoefte om haar gedurig te wil reinig, emosionele skaamte en skuldgevoelens, asook drome en nagmerries (Pellauer, 1984:250).

Persoonlike en sosiale veranderinge kan haar houding teenoor mans waargeneem word – sy vrees hulle en vertrou hulle nie. Gevoelens van innerlike ambivalensie (teenstrydige gevoelens) is ook 'n baie kenmerkende uitvloeisel van seksuele geweld (Stingston-Wesley, 1996:225).

3.3.3 Psigologiese trauma

3.3.3.1 Die slagoffer beleef 'n geloofskrisis

Ekstreme trauma skud die psige van 'n persoon. 'n Onderliggende bewustheid van die religieuse en die geestelike dimensies is in die algemeen 'n integrale deel van die mens se persoonlikheid. Geestelike geloof is verder 'n optrede van die menslike persoonlikheid se soeke na waarheid, betekenis en die sin van bestaan. Geloof word ook geassosieer met liefde, vertroue en lojaliteit, en Bybelse geloof impliseer aspekte soos vertroue, lojaliteit, konsekwentheid, gehoorsaamheid en hoop. Deur die beoefening van geloof gee die mens dan ook uitdrukking aan 'n totale vertroue op God as sy/haar Skepper en dit bied aan hierdie persoon 'n diepe gevoel van optimisme en hoop (Wilson & Morgan, 1998:172).

Dit is ook so dat geloof dinamies is en voortdurend groei namate hierdie persoon ouer word. Deur middel van sy/haar geloof verwag die gelowige dat God hom/haar in stand sal hou en dat **Hy ag sal gee op sy/haar drome**, vrese en angs. Wanneer trauma en tragedie egter toeslaan, skud dit hierdie basiese geloofsvertrekpunte geheel en al. Die lewe is dan meer hartseer en pynlik as wat die slagoffer haar dit aanvanklik voorgestel het. Trauma bedreig die lewe, en die slagoffer word gekonfronteer deur menslike **sterflikheid**. Trauma skud vertroue, wat die basis van geloof vorm. Trauma infiltreer die geestelike terrein, en hierdie persoon raak bewus van die verkeerde (Wright, 2002:3). Trauma beseer die innerlike wese en veroorsaak verwarring binne die geestelike denke van hierdie persoon – dit wond haar 'siel'. Die getraumatiseerde voel deur God verlaat en geheel en al verlore en geïsoleerd. 'n Getraumatiseerde persoon worstel met vrae soos: "Waarom het God dit toegelaat? Waar was God toe ek Goddelike ingryping nodig gehad het? Bestaan God dan regtig? Waarom het God my verlaat?" Die slagoffer van geweld voel volslae deur God verlaat en verwerp. Die vraag word gestel waarom die nodigheid nog enigsins bestaan om te glo (Wilson & Morgan, 1998:172). Die slagoffer moet haar basiese geloof herstruktureer sodat sy sin kan maak uit haar onverdiende swaarkry (Adams & Fortune, 1995:9)

3.3.3.2 Die slagoffer se geestelike en emosionele ontwikkeling word beïnvloed

Die fase waartydens die molestering begin het, het ook 'n impak op die persoon se emosionele en geestelike ontwikkeling. Vroue wat as kind gemolesteer is, spreek dikwels gevoelens uit in die taal van 'n kind. Hul denkbeeld van God is dikwels dan ook steeds dié van 'n klein kind. Een van die grootste struikelblokke vir sulke persone is gewoonlik dan ook die kwessie van wantroue. Die gevolg is dat slagoffers van molestering dikwels nie veilig voel in die teenwoordigheid van outoriteitsfigure nie. Hulle sien ook God as 'n streng regter en iemand op wie die mens nie kan vertrou nie. Slagoffers is dan ook geneig om hulle gevoelens jeens die oortreder op God te projekteer. Hierdie slagoffers vind dit ook in die algemeen moeilik om beheer prys te gee. Hulle wil in volkome in beheer wees ten einde seker te maak dat dieselfde traumatiese situasie nie weer voorkom nie (Canje-Fling & McCarthy, 1996:3; Bidwell, 2002:135). Die slagoffer is ook geneig om karaktereienskappe van die molesteerder op God te projekteer. Emosies soos vrees en woede met betrekking tot God is gevolglik baie algemeen by slagoffers van geweld (Kraft, 1993:27). Dit is dus nodig dat die slagoffer begelei word na 'n geestelike, meer volwasse, beeld van God (Bidwell, 2002:142).

3.3.3.3 Skuldgevoelens en selfverwyte

Nog 'n strydvraag waarmee slagoffers van seksuele geweld in die algemeen 'n probleem ondervind, hou verband met die begrippe verantwoordelikheid en vergifnis. Slagoffers sal soms van die standpunt uitgaan dat hulle geweet het dat die molestering verkeerd was en nog steeds dit toegelaat het. Baie van die slagoffers voel gevolglik dat hulle dit nie werd is om 'n verhouding met God te hê nie. Hulle swak selfbeeld en die gevoel dat hulle niks werd is nie, beïnvloed hulle opvatting van 'n verhouding met God. Hulle voel soms dat hulle nie hard genoeg aan die verhouding werk nie (Canje-Fling & McCarthy, 1996:4).

3.3.3.4 Die rol van angs

Angs maak deel uit van die simptome van posttraumatisiese stres wat 'n uiters prominente rol speel in die lewens van slagoffers (Selle, 2002:34). Juis omdat die

oortreders seksuele 'mag' (beheer) misbruik, voel slagoffers tydens die terapieproses soms angstig. In 'n sekere sin moet hulle afstand doen van die krampagtige 'beheer' oor hulle emosies ten einde vryheid en genesing te kan ervaar, en dit laat hulle baie bedreig voel.

Volgens Canje-Fling en McCarthy, (1996:5) is die spirituele kwessies wat tydens hierdie proses heel dikwels aan die orde is, die volgende:

- Vertroue
Dit is nodig om 'n verhouding met God op te bou
- Beheer
In die verhouding met God moet die slagoffer van seksuele geweld sy beheer kan prys gee.
- Transformasie
Dit is moeilik vir die seksueel gemolesteerde slagoffer om veranderinge aan te bring. Hulle is geneig om aan die bekende vas te kleef.
- Die dood
Die gemolesteerde het 'n intense vrees vir die dood. Kinders wat gemolesteer is se lewens is nie deur die oortreder as waardevol beskou nie.

3.3.3.5 Woede en aggressie

By die vroue wat as kind gemolesteer is, bestaan daar in talle gevalle intense aggressie met betrekking tot hul kindskap, naïwiteit, vernedering asook die feit dat hulle misbruik is. Hulle is dan ook kwaad vir God, juis omdat God, volgens die gemolesteerde, veronderstel is om na haar om te sien en haar lief te hê en haar te beskerm in plaas daarvan dat Hy toelaat dat die molestering plaasvind. Kinders wat gemolesteer is, gaan soms van die veronderstelling uit dat hulle aardse oortreders sterker as God is. Soms assosieer die gemolesteerde kind God met die ander ouer – daardie een wat nie die tekens raakgesien het nie, wat nie die hulpkrete gehoor het nie, die een wat moes beskerm en help (Tessier, 1992:5; Bidwell, 2002:137).

As kind was dit dikwels nie moontlik om uiting te gee aan die opgekropte emosies van woede en aggressie nie. Omdat die kind nie toegelaat was om kwaad te word

nie, moes sy gevolglik hierdie emosies onderdruk en die gevolg is dat dit dikwels in later stadiums op ander wyses na vore begin kom. Selfmutilering ontstaan ook as die slagoffer vir haarself kwaad is en voel dat sy verdien om seer te kry (Welch 2002:33; Heather Pinks, 2003:447).

Dit is belangrik dat die aggressie wel onder die nodige begeleiding gelug moet word. Die probleem ontstaan egter gewoonlik wanneer dit verkeerdelik verplaas en geprojekteer word op die slagoffer se geliefdes of op haarself. Wanneer dit gebeur, kan dit tot depressie en selfs destruktiewe gedrag teenoor die persoon self lei. Dit kan ook gebeur dat die slagoffer die aggressie wil onderdruk met behulp van byvoorbeeld kos en/of alkohol. Die uitdaging is egter om die oorsaak van die woede te identifiseer en dan die beskikbare energie te gebruik ten einde vas te stel wat die wortel van die probleem is (Ackerman, 1996:146).

3.3.3.6 Dit gaan eintlik oor 'sielemoord'

Tessier (1992:5) beskryf molestering op 'n baie toepaslike wyse as '**sielemoord**'. Tydens molestering oorheers die oortreder die kind en hy vervang in 'n sekere sin die kind se persoonlikheid met sy eie. Op hierdie wyse verkry die oortreder eintlik beheer oor die kind se 'siel' - sy bestaan eintlik net om sy drange en behoeftes te bevredig. Aangesien die kind alleen by die oortreder is en vir haar lewe vrees, is sy ook volkome afhanklik van die oortreder.

Seksuele molestering vind in talle gevalle plaas tussen 'n kind en 'n volwassene wat sy vertrou. Die Volwassene is heel dikwels verantwoordelik vir die sorg van die kind. Juis redes soos hierdie dra by tot die intensiteit van die impak van die molestering op hierdie kind. Dit tas gevolglik die emosionele, fisieke en kognitiewe dimensies van die slagoffer aan (Tessier, 1992:4). Die nagevolge van molestering en bloedskande is gewoonlik intense depressie, 'n onvermoë om te vertrou, angsaanvalle en vrese, probleme met verhoudings, die behoefte om volmaak perfek te wees of die gevoel dat sy nie regtig is nie en nie waarlik bestaan nie. Ander belewenisse wat by vroue wat as kind gemolesteer is na vore kom, is nagmerries, 'n vrees vir die donker, fisiese siektes soos hoofpyn, alkohol- en dwelmverslaafdheid, eetversteurings, die behoefte om haarself leed aan te doen soos selfmutilering en selfmoord (Tessier, 1992:3).

3.3.3.7 Vier geestelike dimensies wat deur die krisis geraak word

Vier geestelike dimensies wat inherent deel uitmaak van die krisis waarmee die slagoffer van seksuele geweld worstel, word soos volg deur Pellauer (1984:250) uiteengesit:

- Die slagoffer se lewe is in gevaar

Die oortreder speel as't ware God, en die slagoffer word in talle gevalle gekonfronteer deur die feit dat sy doodgemaak sou kon word.

- Die behoefte om skoon gewas te word

'n Intense behoefte aan reiniging en 'heiliging' kom voor. Tydens seksuele geweld voel die slagoffer vuil, en omdat geslagsomgang hier nie gebruik word om te bedien en opregte liefde te betoon nie, vind dit nie binne die regte konteks plaas nie - geslagsomgang en geweld is nie met mekaar versoenbaar nie.

- Die gevoel van ek behoort nêrens

Hierdie belewenis kom baie sterk na vore, aangesien die 'ek' uit konteks geruk is. Die liggaam is heilig en hier word dit ontheilig. Sulke persone het gevolglik 'n intense behoefte daaraan om geglo te word. Hulle het ook baie ondersteuning nodig, veral om weer kontak te maak met ander persone en om te leer om weer te vertrou.

- Die gevoel van onveiligheid en angstigheid

Angs asook 'n gebrek aan innerlike gevoelens van sekuriteit is intens aanwesig. Dit lei ook daartoe dat haar vertrouwe in God en God die Vader geskok is.

Die persone wat trauma oorleef het, wil hulle vrae beantwoord hê en soek verduidelikings. God word dan as nie teenwoordig beleef en die slagoffer verhard gevolglik daardeur (Wilson & Morgan, 1998:172).

3.3.4 Verdedigingsmeganismes

As kind moes die slagoffer die molestering oorleef en dit het sy gedoen deur verdedigingsmeganismes aan te lê. In haar volwasse lewe kan die verdedigingsmeganismes egter haar lewe oorheers en van haar 'n gevange mens maak.

Alhoewel sommige van hierdie verdedigingsmeganismes wel later 'n konstruktiewe bydrae kan lewer, oorheers die destruktiewe invloed egter op die langtermyn. Dit is gevolglik noodsaaklik om tussen hierdie twee aspekte te onderskei (Bass & Davis, 1988:40).

Weens die aard en beperkte omvang van hierdie studie is dit onmoontlik om in besonderhede op al die verdedigingsmeganismes in te gaan. Vervolgens word aandag egter geskenk aan sommige van hierdie meganismes, aangesien dit verhelderend kan wees met betrekking tot die verklaring van latere seksuele wangedrag by hierdie persoon.

- Verkleining/minimalisering

Om dit wat gebeur het, af te maak asof dit nie so erg is nie. Sy wys byvoorbeeld op die feit dat sy ten minste nie in die proses dood is nie, of sy het darem nie in 'n koma verval nie (Maltz, 1991:42).

- Rasionalisering

Die slagoffer probeer sin maak uit die molestering. Sy sal redeneer dat die oortreder homself nie kon keer nie. Rasionalisering hou die aandag op die oortreder gevestig (Maltz, 1991:42).

- Ontkenning

Sy is van mening dat indien sy die hele kwessie lank genoeg ignoreer, dit uiteindelik sal verdwyn – daarom sal so 'n persoon dit vermy om oor die onderwerp te praat (Collins, 1988:301).

- Opsetlike vergeet

Opsetlike vergeet is die algemeenste en effektiëste verdedigingsmeganisme. Vroue kan volkome vergeet dat hulle gemolesteer is. Sommige ondervind volslae hiate in hul geheue. Sommige kan wel die molestering onthou, maar die gepaardgaande emosies het hulle geheel en al vergeet (Brown, 1988:40).

- Splitsing

'n Vrou sal byvoorbeeld twee kinders kan onthou uit haar kinderdae: een wat 'n gelukkige kinderlewe gehad het, die ander een wat met nagmerries geworstel het en gereeld iemand in haar kamer gesien het. In die volwasse stadium sal

so 'n vrou 'n volmaakte fasade voorhou: sy sal alles reg doen en reg optree, maar binne sal sy vuil en sleg voel. In gevalle van ekstreme mishandeling sal die kind selfs multi-persoonlikhede ontwikkel (Rothchild, 2002:66)

Kinders wat gemolesteer word, kan hul liggame ontken tot die punt dat hulle nie meer die molestering en mishandeling voel nie. Ander 'verlaat' hulle liggame om so vêr weg moontlik van die mishandeling te beweeg. As volwasse vrou kan hierdie ervaring dan een van die grootste struikelblokke word, veral tydens geslagsomgang. Hierdie situasie word dan die sneller wat hulle herinner aan die trauma van die verlede en dan is hulle geneig om weer uit die situasie 'weg te beweeg' (Coetzer:2004:31).

- Om alles te wil beheer en te kontroleer

Dié verdedigingsmeganisme is baie algemeen. Dit kan voordelig wees, maar soms is dit vir die slagoffer baie moeilik om kompromieë met geliefdes te tref, of om oor sekere sake te onderhandel.

- Chaos

Sommige van die slagoffers gebruik chaos om beheer te kan uitoefen. So sal 'n persoon se gedrag wat buite beheer is, persone om haar dwing om aandag aan haar te skenk. Aan die ander kant is dit vir 'n mens ook 'n maklike manier om weg te beweeg van jouself.

- *Spacing out*

Sommige slagoffers het die vermoë om net nie "daar" te wees nie en soms word hierna verwys as *spacing out*. Dit gee aan die slagoffers die vermoë om weg te beweeg van dit wat besig is om emosioneel en fisies met hulle te gebeur. Die grootste probleem hiermee is dat slagoffers hulle afsny van enige moontlikheid om die werklikheid te beleef – veral in tye van stres of krisis of moeilike besluite (Rothchild, 2002:65).

- Om intens op die uitkyk te wees vir gevare (*super-alert*)

In die kinderjare is hierdie verdedigingsmeganisme voordelig, aangesien dit die persoon kan help om altyd te weet waar die aanvaller is asook in watter gemoedstoestand hy is. In die volwasse lewe is hierdie vrou in die algemeen 'n uitstekende luisteraar, 'n goeie navorser en speurder. Hierdie verdedigings-

meganisme kan dus voordelig wees, maar om konstant op die uitkyk te wees dreineer emosionele en psigiese energie en kan dus baie vermoeiend wees. Dit is nodig om ook te kan ontspan (Bass & Davis, 1988:40).

- Humor

Baie van die slagoffers voel dat, solank hulle kan lag, hulle nie hoef te huil nie. Humor kan voordelig wees.

- Om baie besig te wees

Baie slagoffers is konstant besig en hulle vul hul dae met baie dinge. Alles word volgens lysies en dagboeke uitgevoer en uiteindelik kan dit ook maar net 'n wyse van ontvlugting word. Dit kan ook 'n poging wees om in beheer te bly en sodoende 'n mate van sekuriteit te verseker (Tessier, 1992:4).

- Ontsnapping

Soms hardloop kinders werklik van die huis af weg. Vir ander gaan dit meer om fantasieë gekoppel aan die gebeure. So kan 'n slagoffer fantaseer oor hoe sy die molesteerder sal doodmaak (Rothchild, 2002:66).

- Geestesiektes

Die probleem ontstaan wanneer fantasie en realiteit nie meer onderskei kan word nie. Dit kan onder andere uitloop op gedragsafwykings soos selfbenadeling (selfmutilering) en selfmoordpogings. Selfmutilering word die verkose manier om emosies te hanteer omdat dit 'werk'. Dit bring 'n gevoel van vrede (Welch, 2004:32; Heather-Pinks, 2003:449). Selfmutilering kan ook in die vorm van *cutting* voorkom, waar die slagoffer haarself sny. Dit gee aan haar 'n gevoel van kontrole oor 'n situasie wat sy andersins nie kan hanteer nie. Die fisiese pyn word dan 'n manifestasie van diep innerlike pyn (Freeman, 2003:3). Dit is egter vir hulle baie vernederend en hulle is besonder skaam daarvoor (Schiraldi, 2001:56).

- Verslawing en isolering

Baie slagoffers van molestering probeer oorleef deur middel van die een of ander vorm van verslawing. Verslawing en isolering loop gewoonlik hand aan hand. As niemand naby kan kom nie, kan niemand jou seer maak nie. Slagoffers van molestering sluit gevolglik dikwels ander uit.

Vorme van verslawing sluit onder andere die volgende in:

- * Eetversteurings. Slagoffers van molestering is dikwels geneig tot bulimie en anorexia. Dit kan 'n poging wees om nee te sê vir ongevraagde seks. Deur kompulsief te veel te eet kan ook 'n poging wees om deur oorgewig 'n negatiewe boodskap aan mans uit te stuur wat seksuele toenadering sou soek (Sandford, 1988:58; Welch, 2004:32).
 - * Leuentaai. Wanneer kinders nie mag praat oor die mishandeling en oor wat by die huis gebeur nie ontwikkel hulle 'n besondere vermoë om leuens te vertel. As volwassenes word sulke vroue kompulsiewe leuenaars – veral met betrekking tot die ontkenning van hul molestering (Welch, 2004:32).
 - * Diefstal. Deur te steel word alles beleef soos toe die vrou as kind gemolesteer is. Dieselfde faktore is weer teenwoordig, byvoorbeeld angs, afskeiding van adrenalin en skuldgevoelens en onbewus word die persoon aangetrek deur hierdie gevoelens. Juis omdat hierdie faktore op die vlak van die onderbewussyn funksioneer, skep dit die illusie by die slagoffer dat sy vir 'n kort rukkie van die molestering kan vergeet.
 - * Dobbelaar. Dit skep die hoop dat die lewe binne 'n oomblik kan verander en dit verskaf die moontlikheid om aan die daaglikse bestaan en probleme te ontsnap (Brown, 1988:45).
 - * Werkolisme. Die slagoffer van molestering het dikwels die oorweldigende behoefte om te presteer. Sodoende voel sy dat sy kan vergoed vir die negatiewe gevoelens wat sy beleef (Brown, 1988:45).
- Veiligheid ten alle koste
- Die meeste slagoffers plaas 'n geweldige hoë premie op veiligheid en sekuriteit. Hulle is gevolglik bereid om alles hiervoor op te offer en daarom is hulle dikwels die gehoorsame dogters, goeie vroue en onselfsugtige moeders. Hulle neem min riskante besluite en sal geleenthede by hulle laat verby gaan sodat hulle stabiliteit en veiligheid kan behou. In hierdie proses gee hulle dan soms selfs hul ambisies en drome prys (Bass & Davis, 1988:50).

Verdere aspekte wat in hierdie verband 'n rol speel, is die volgende:

- * Vermyding van intimiteit. Baie van die vroue glo dat, as hulle nie by verhoudings betrokke raak nie, die moontlikheid vir 'n situasie om op mishandeling uit te loop, nie bestaan nie (Sandford, 1988:49).
- * Godsdien. Van die vroue raak oormatig geheg aan godsdienstige wette en rituele, aangesien dit aan hulle 'n mate van sekuriteit en voorspelbaarheid bied.
- * Kompulsiewe soeke na, of intense vermyding van seks. Omdat kinders wat gemolesteer is slegs in seksuele verband aandag kry, soek hulle as volwassenes nabyheid en liefde net in die seksuele. Aan die ander kant is daar weer diegene wat alles in hulle vermoë sal doen om geslagsomgang te vermy (Sandford, 1988:23).

3.4 DIE LIGGAAMSBEELD VAN DIE VROU WAT AS KIND GEMOLESTEER IS

Tydens seksuele kontak gebeur dit dat die liggaam spontaan (natuurlikerwys) reageer. So sal dit gebeur dat sommige persone tydens molestering 'n orgasme bereik. Dit gebeur ook dat die molesteerder die dogter inlok in seksuele aktiwiteite deur aandag, gunste en emosionele ondersteuning asook fisiese plesier. Uiteindelik is hierdie meisie in 'n sekere sin in 'n skaakmatposisie (Maltz, 1991:46).

Allender (1995:50) beskryf seksuele misbruik as die finale slag wat die slagoffer se siel saboteer. Dit vind plaas deur die uitbuiting van vleeslike genieting en 'n totale verontagsaming van die slagoffer se persoonlike voorkeure en belange. Dit gaan uiteindelik oor verraad wat intens, persoonlik asook fisies is. Die tragedie wat dan hieruit voortspruit, is dat die liggaamlike genot uiteindelik die basis vorm waarop die slagoffer haarself in wese haat.

In 'n later stadium voel hierdie persoon dan dat haar liggaam haar verraa het. Sy beskou haar liggaam as sleg en voel dat dit juis die feit is dat sy 'n vroulike liggaam het, wat aanleiding gegee het tot die molestering (Welch, 2004:33). Sy voel dat haar liggaam die molesteerder uitgenooi het om dit seksueel te misbruik. Die gevoel ontwikkel dat die liggaam gegaan het waar die kind nie wou wees nie - die liggaam was dus ontrou aan die kind. Die feit dat plesier ervaar is en 'n orgasme tydens

molestering bereik was bring dan ook mee dat sulke persone 'n intense gevoel van skaamte en vernedering beleef. Kinders wat dit deurmaak, is agterna uiters verward. Later worstel hulle intens met die vraag of hulle nie tog maar diep in hul binneste gehunker het na die molestering nie, aangesien hul liggame dan wel positief daarop gereageer het. Die liggaam word gevolglik hierdie persoon se grootste vyand (Langberg, 2005:6).

Die volgende denkpatrone is gewoonlik dan logiese uitvloeisels hiervan:

- My liggaam is net 'n liggaam en niks anders nie.
- My liggaam is die vyand.
- My liggaam is net 'n stuk gemors.
- Dit is weens my geslag dat dit met my gebeur het.

Die gemolesteerde sal gevolglik alles doen om nie bewus te wees van wat met die liggaam gebeur nie. So sal sy uit haar liggaam kan uitbeweeg, deur *splitting*. Tydens molestering het van die kinders die vermoë om hulle liggame te verdoof en daardeur die pyn af te sluit. Een van die gevolge hiervan is dat die gemolesteerde in 'n later stadium nie werklik ingestel is op die versorging van die eie liggaam nie. Sy is geneig om pyn te ignoreer en wanneer sy siek is, sal sy nie somer dokter toe gaan nie. Die liggaam word in die geheel afgeskeep en in 'n sekere sin straf sy haar liggaam op hierdie wyse. Aspekte soos selfbenadeling, bulimie en anorexia kan ook wyses wees waarop die liggaam gestraf word (Bass & Davis, 1988:207).

3.5 SEKSUELE PROBLEME BY VROUE WAT AS KIND GEMOLESTEER IS

Wanneer kinders seksueel misbruik word, word hulle as't ware van hul natuurlike kapasiteit ten opsigte van seksualiteit beroof. Die kind word aan seks blootgestel op aandrang van 'n volwassene en ook in 'n lewenstadium wanneer hierdie kind nog nie daarvoor gereed is nie. Daar is gevolglik vir sulke slagoffers nie die geleentheid om die seksuele op 'n natuurlike en spontane wyse binne die veiligheid van 'n huwelik te ontdek nie. Die resultaat hiervan is dan gewoonlik dat seksuele opwekking geassosieer word met skaamte, pyn en afgryse. Seksuele drange word as gevaarlik beskou (die assosiasie is gewoonlik met dit wat die oortreder aan haar gedoen het).

Omdat die trauma rakende die molestering soms baie intens was, leer hierdie persoon om haar te distansieer van seksuele belewenisse en gevoelens (Bass & Davis, 1988:37).

Molestering en seksuele misbruik tas alle aspekte van seks aan, soos deur Maltz verduidelik (1991:62-69):

- Houdings teenoor seks

Seksuele misbruik genereer negatiewe houdings teenoor seks. Dit is vir die vrou wat seksueel gemolesteer is baie moeilik om seks wat mishandel, te onderskei van gesonde en gebalanseerde seks. Seksuele misdadigers besoedel die slagoffer se denkpatroon deur hierdie onjuiste beelde van seks in die denkpatroon en gedagtegang van die slagoffer te plant. Hierdie denkpatroon beïnvloed gevolglik elke aspek van die mishandelde se seksualiteit: seksuele drange, seksuele uitdrukking, seksuele rol, intieme verhoudings, kennis van seksuele funksionaliteit en seksuele moraliteit. In hierdie verband sê Wier (1999:217) tereg dat 'n persoon se seksuele toekoms bepaal word deur sy/haar seksuele verlede.

- Seksuele selfkonsep

Seksuele misbruik beïnvloed die wyse waarop die gemolesteerde oor haarself dink in verhouding tot seks. 'n Seksueel misbruikte vrou kan óf aan haarself dink as seksueel verniel, en nie veel dink van haarself as seksuele wese nie, óf sy kan 'n onrealistiese seksuele selfbeeld hê deurdat sy kan dink sy het baie mag op seksuele gebied, juis as gevolg van die seksuele misbruik (*cf.* Sandford, 1988:43).

- Spontane reaksies ten opsigte van aanraking en seks

Seksueel mishandelde slagoffers het gekondisioneerde spontane reaksies op seks. Sommige slagoffers raak paniekbevange en vermy enige moontlikheid van seksuele kontak. Hulle beleef soms die impuls om weg te hardloop. Sommige vries tydens seksuele kontak en voel dat hulle hulle nie kan verdedig nie. Ander raak weer oor-gestimuleer om nie-toepaslike redes en soek na roekelose en gevaarlike seksuele kontak. Seksuele kontak kan ook negatiewe gedagtes van die seksuele molestering oproep – dit gaan soms ook gepaard met terugflitse van die molestering, wat 'n invloed kan hê op hulle seksuele

beleving. Hierdie terugflitse kan gesien word as deel van die liggaam se reaksie op posttraumatiese stres (Rothchild, 2002:70).

- Seksuele gedrag

Seksuele reaksies van die gemolesteerde kan volkome beïnvloed word deur geheimsinnigheid en skaamte. Sommige slagoffers raak met opset weer betrokke by sekere seksuele praktyke in 'n poging om die dieper emosionele seer van die molestering op te los en dit in 'n sekere sin uiteindelik te 'bemeester' (cf. Wier, 1999:248).

- Intieme verhoudings

Seksuele molestering beïnvloed die slagoffer se vermoë om seksuele verhoudings op te bou en in stand te hou negatief, aangesien hulle in die algemeen 'n beperkte insig ten opsigte van intieme verhoudings het. Dit beïnvloed ook die slagoffer se vermoë om goeie besluite te neem en daarom ondervind so 'n persoon dikwels 'n probleem daarmee om die regte lewensmaat te kies – iemand wat emosioneel ondersteunend kan wees. Sommige slagoffers worstel daarmee om hulle lewensmaats, wat wel emosioneel ondersteunend is, te vertrou. Juis omdat intimiteit vir 'n gesonde seksuele verhouding so belangrik is, ontstaan seksuele probleme (McBurney, 2001:2). Die seksuele probleme van die gemolesteerde vrou bring dikwels ook probleme vir haar man mee en beïnvloed die huweliksverhouding in die geheel (cf. Bass & Davis, 1988:40).

- Angs

Seksuele angs wat sy oorsprong in die molestering het, kan verplaas word na die die slagoffer se seksuele verhouding in die huwelik. Volgens Maltz (1991:62-69) ondervind 94% van alle vroue wat as kind gemolesteer is in 'n later stadium seksuele probleme. Probleme wat na vore kom is: vrees vir seks geslagsomgang, geen plesier daarin nie en geen behoefte daar. Emosionele probleme plaas ook 'n demper op die seksuele aktiwiteite. In talle gevalle lei dit tot buite-huwelikse geslagsomgang (cf. Leonard & Follette, 2003:350). Die kognitiewe aspekte soos skuldgevoelens, selfverwyt en woede na die seksuele daad, kom voor by 82% van die gemolesteerde vroue.

Die top tien seksuele simptome van seksueel misbruik te wees kan dan volgens

Maltz (1991:3) soos volg beskryf word:

- Die vermyding van seks, geen belangstelling in seks nie, asook vrees by die blote gedagte aan geslagsomgang
- Sien seks as werk
- Beleef negatiewe gevoelens soos aggressie, afgryse en skuldgevoelens wanneer daar aan die vrou gevat word wat as kind gemolesteer is.
- Kan nie seksueel opgewek raak wanneer haar man aan haar vat nie
- Bly emosioneel onbetrokke tydens geslagsomgang - is emosioneel afwesig tydens seksuele omgang nie (*out of body*).
- Belewings van seksuele beelde en gedagtes wat inbreuk maak op seksuele omgang – reageer maklik op snellers (*triggers*).
- Toon kompulsiewe en nie-toepaslike gedrag tydens seksuele omgang.
- Die belewings van vaginale pyn tydens seksuele omgang asook die onvermoë om orgasme te bereik.
- Ondervind 'n probleem daarmee om 'n intieme verhouding op te bou en dit te laat duur.

Volgens Sandford (1989:43) sluit gemolesteerde vroue in die algemeen met hulleself 'n 'innerlike verbond' wat tydens die molestering in 'n sekere sin funksioneer as 'n verdedigingsmeganisme. Hierdie innerlike verbond kan bewus of onbewus plaasvind en die gevolge hiervan loop gewoonlik uit op seksuele disfunksie. Vir sommige van hierdie vroue impliseer hierdie 'innerlike verbond' byvoorbeeld die besluit dat geen man ooit weer aan hulle sal raak nie, of dat hulle nie weer by enige verhouding betrokke sal raak wat reg en goed is nie (soos 'n dogter wat soek na liefde en aanvaarding by haar pa). Dit kan dan gebeur dat so 'n persoon in die proses uiteindelik neig na die ander uiterste, naamlik betrokkenheid by immoraliteit en perverse seksuele verhoudings. Dit kan ook gebeur dat so 'n persoon kil raak ten opsigte van seksualiteit en niks daarmee te make wil hê nie.

Die gevolge van seksuele molestering herstel nie vanself nie — die heling vind in die algemeen moeisam en oor 'n lang tydperk heen plaas. Heling op hierdie terrein hou in die langtermyn ook verband met die algemene herstel van so 'n persoon (Maltz, 1991:10).

3.6 DIE STEM VAN DIE GEMOLESTEERDE

Kinders wat gemolesteer word, word aangemoedig om nie oor die molestering te praat nie en by geleentheid selfs met die dood gedreig indien hulle sou. Volwassenes sal dikwels sê dat die kinders jok, of daar sal aan hulle gesê word dat hulle daarna gesoek het. Soms kan hierdie bekentenis van die molestering selfs lei tot verdere molestering deur die persoon by wie om hulp aangeklop word. In ander gevalle is die reaksie op die kind se bekentenis bloot stilte en swygsaamheid. Geen hulp word verleen nie en dit lei daartoe dat so 'n kind die boodskap kry dat dit nie vir 'n mens veilig is om jou verhaal te vertel nie (Bass & Davis, 1988:95).

Soms geskied die stilmaak heel fisies deur byvoorbeeld die kind met 'n kussing oor die kop vas te druk sodat sy nie om hulp kan roep nie. Sulke kinders het dan ook geleer dat die molesteerder in die algemeen geen ag gee op haar stem nie (Langberg, 1999:35).

Slagoffers van molestering vind dit moeilik om die storie van hulle molestering te verwoord, aangesien dit die heel eerste keer is dat hulle daaroor praat. Dit vereis groot inspanning en hulle soek na woorde – bloot om daaroor te praat word vir hulle 'n skrikwekkende ervaring. Die storie wat hulle hul lewe lank probeer vergeet het, is besig om nou na die oppervlakte te kom. In 'n sekere sin herbeleef hulle dieselfde trauma van die molestering. Dit was juis hierdie trauma wat gelei het tot die behoefte aan ontkenning. Deur egter die verhaal te vertel, werk dit die ontkenning teë en verifieer dit dít wat gebeur het (Langberg, 1999:35).

Om die molestering in die oë te kyk sal impliseer dat die slagoffer intense hartseer beleef. Daar sal ook treurfases wees wat dikwels ook gepaard gaan met woede en gevoelens van skaamte. Die ironie lê daarin dat eers bepaal moet word hoe sleg dinge werklik was en is voordat herstel en genesing kan begin intree. Ten einde by volle uit genesing te kom sal daar in die langtermyn heelwat veranderinge moet plaasvind ten opsigte van haar daaglikse lewe asook wat sommige van haar bestaande verhoudinge betref (Allender, 1995:32).

3.7 SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Uit die voorafgaande bespreking het geblyk dat die gemolesteerde met talle kwelvrae

worstel. In die verlede was dit so dikwels juis hierdie moeilike vrae wat die kerk en die gemeenskap laat wegstrem het van hul verantwoordelikheid om na slagoffers van molestering om te sien.

Dit het geblyk dat, tydens 'n lang fase in die geskiedenis, die gemolesteerde vrou nie net deur haar verkragter of molesteerder mishandel is nie maar ook deur die wette van die tyd en die sosiale strukture - sy het geen regte gehad nie. Eers in 'n heel laat stadium in die geskiedenis is daar meer reg laat geskied aan die persoon van die verkragte.

Opsommenderwys kan die inhoud van hierdie hoofstuk dan soos volg saamgevat word:

- Kulturele faktore het in die verlede grootliks die wyse bepaal waarop die seksueel mishandelde vrou hanteer is.
 - * Gedurende die tyd van die Grieke het 'n man van sy vrou geskei indien sy verkrag is en is sy as 'n sosiaal uitgeworpene beskou.
 - * Die Babiloniërs asook die Jode het die vrou beskou as die man se eiendom en verkragting was dus eintlik 'n oortreding teen die man.
 - * Tydens die Middeleeue het adellikes vroue uit laer stande verkrag en dit is beskou as aanvaarbare praktyk.
 - * Tydens die Franse Revolusie is verkragting verkeerdelik beskou as die ontlooting van die massas se seksuele frustrasie.
 - * In 1285 is verkragting vir die eerste keer beskou as 'n oortreding teen die *persoon* van die vrou. Dit is gevolglik beskou as 'n aangeleentheid van openbare veiligheid en strafbaar deur die staat.
- Gedurende die Hellenisme het die klem baie sterk geval op 'n dualistiese skeiding tussen liggaam en siel:
 - * Ware geestelikheid is van die liggaam en seksualiteit geskei.
 - * Die vrou se liggaam is as 'n leë dop beskou wat die gees van 'n man gehuisves het.
 - * Die vrou se liggaam is as sterk en waardevol beskou as sy haar weerhou het van seksuele omgang en haar maagdelikheid het haar 'n beter kans

op 'n plek in die hemel besorg.

- Die slagoffer van seksuele geweld dra haar verhaal op twee wyses oor: sy sal óf erg emosioneel optree (eksternaliseer), óf dit na binne kaats en besig wees met intense selffoltering (internaliseer).
- Die verkrachtingsindroom kan in twee fases ingedeel word. Die eerste word gekenmerk deur angs en vrese en emosionele uitbarstings. Die tweede fase hou verband met nagmerries, snellers en 'n intense behoefte aan ondersteuning.
- Trauma skud die basiese geloofsvertrekpunte van liefde, getrouheid, lojaliteit, konsekwentheid, gehoorsaamheid en hoop
 - * Die slagoffer voel deur God verlaat.
 - * As sy as vyf-jarige gemolesteer is dan is haar denkbeeld van God heel dikwels steeds dié van die vyf-jarige kind.
 - * Intense woede teen God kom soms voor omdat Hy die trauma toegelaat het.
- Tydens seksuele trauma word die slagoffer dikwels gekonfronteer deur haar eie sterflikheid.
- Slagoffers worstel in die algemeen met die begrippe verantwoordelikheid, vergifnis, skuldgevoelens, selfverwyte en 'n swak selfbeeld.
- As gevolg van die angs wat die slagoffer tydens molestering beleef het, het sy soms 'n krampagtige behoefte om deurgaans in beheer te wees.
- Die slagoffer van molestering ondervind by tye intense woede oor haar naïwiteit, vernedering en misbruik tydens molestering.
- Daar is 'n intense behoefte om skoongewas te word, asook gevoelens van onveiligheid en 'n gebrek aan sekuriteit.
- Wat betref tipiese verdedigingsmeganismes by die gemolesteerde persoon, het die volgende faktore in die algemeen geblyk aan die orde te wees:
 - * Minimalisering van dit wat gebeur het.
 - * Rasionalisering.

- * Ontkenning en vermyding van die onderwerp.
- * Opsetlike vergeet of geheuehate ten opsigte van die trauma.
- * *Splitting* – deur die skepping van veelvoudige subpersoonlikhede kan die slagoffer die impak van die trauma hanteer
- * Om alles te wil beheer en te kontroleer – dit gee 'n mate van sekuriteit
- * Chaos – dit word soms gebruik ten einde die aandag van haar weg te kaats.
- * *Spacing out* - slagoffers het die vermoë om 'weg te beweeg' van wat emosioneel en geestelik met hulle gebeur. In die proses verloor hulle egter die vermoë om werklik te leef.
- * Om intens op die uitkyk te wees vir gevare (*super-alert*).
- * Die aanwend van humor om tydelik aan die hartseer te ontsnap.
- * 'n Oormatig besige program help die slagoffer ook om tydelik te oorleef
- * Ontsnapping – hetsy deur middel van fantasie of fisiese weg te hardloop.
- * Geestesiektes wat lei tot 'n onvermoë om te kan onderskeid tussen realiteit en fantasie. Hieruit kan gedragsafwykings volg soos selfmutilering of selfmoord.
- * Verslawing en isolering:
 - Eetversteurings soos bulimie en anorexia.
 - Leuentaai.
 - Diefstal.
 - Dobbelaar.
 - Veiligheid ten alle koste.
- Molestering of verkragting lei gewoonlik daartoe dat die slagoffer 'n verdraaide siening ten opsigte van haar eie liggaam het. Dit hou verband met die feit dat die liggaam biologies positief reageer op seksuele stimulerings. Juis hierdie genieting van die liggaam word dan die basis van haar selfhaat aangesien sy deur haar eie liggaam verrai voel.

- Seksuele probleme by vroue wat as kind gemolesteer is, het geblyk veral gerig te wees op die volgende aspekte:
 - * Negatiewe houdings teenoor die seksuele.
 - * Verdraaide seksuele selfkonsep
 - * Spontane reaksies op aanraking en seks - dit sluit angsaanvalle, terugflitse en ontoepaslike gedrag in.
 - * Raak maklik betrokke by gevaarlike en promiskue seksuele gedrag
 - * Beperkte insigte rakende intieme verhoudings.
 - * Angs speel 'n groot rol met betrekking tot die volwasse gemolesteerde vrou se seksuele verhoudings.
- Wat betref die stem van die gemolesteerde is dit belangrik dat slagoffers gehelp moet word om hul verhaal te verwoord. Op alle moontlike wyses is hulle stilgemaak as hulle wou praat.

HOOFSTUK 4.

EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK DEUR MIDDEL VAN VRAELYTE EN ONDER- HOUDE

4.1 INLEIDING

Aangesien hierdie studie vanuit 'n prakties-teologiese oogpunt gedoen word, sal daar veral ook gefokus word op die wyse waarop die kerk in die praktyk funksioneer met betrekking tot die begeleiding van vroue wat as kind gemolesteer is. Dit hou ook verband met die feit dat Praktiese Teologie die bestudering van die geloofshandeling van mense is, wat weer impliseer dat dit die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie bestudeer (Heyns & Pieterse 1998:13). Praktiese Teologie moet gevolglik die praktyk krities begelei.

Dit is dus die verantwoordelikheid van Praktiese Teologie om die prakties-teologiese teorieë wat in die praktyk funksioneer, te identifiseer en krities te beoordeel. Daarom is die Praktiese Teologie ook van empiriese ondersoeke afhanklik (Heyns & Pieterse, 1998:25).

4.2 METODE

'n Kwalitatiewe empiriese ondersoek is gedoen om vas te stel wat die probleem-areas is van vroue wat as kind gemolesteer is ten opsigte van seksuele aanpassing in die huwelik.

In die kwalitatiewe metode word induktief te werk gegaan. Die materiaal word dus bekom by wyse van onderhoude met die betrokke vroue (induktief) en dan word sekere bevindings gemaak (Guy *et al.*, 1987:273; Neuman, 1974:14). Die inligting is bekom deur onderhoude aan die hand van gestruktureerde vraelyste. Onderhoude het elk 2-3 uur geduur. Die navorser het by die respondente beklemtoon hoe

waardevol hulle bydraes tot hierdie studie is. Daar is met groot sensitiviteit gekommunikeer met die reeds getraumatiseerde vroue, en deur slegs te luister is baie waardevolle inligting bekom.

Medenavorsers is versoek om nie slegs 'n aanduiding te gee van hulle huidige behoeftes en gevoelens nie, maar ook 'n aanduiding te gee van die mate van herstel wat hulle reeds ervaar het. Daar is ook gepoog om vas te stel wat die betrokke persone se behoefte aan Bybelse berading is.

4.3 RESPONDENTE

Respondente is verkry deur die boodskap mondeling te versprei dat so 'n behoefte bestaan met betrekking tot hierdie studie. Vier vroue is vervolgens by hierdie ondersoek betrek. Die kriteria vir die studie was die volgende: vroue wat as kind gemolesteer is en wat intussen getroud was of tans is.

Die vier gekose vroue het sekere ooreenkomste getoon, naamlik: almal is Afrikaanssprekend en uit ouerhuise uit die sosiale middelstand. Hulle was in die ouderdomsgroep 31 tot 41 jaar, almal was werkende vroue en almal het kinders gehad. Drie van die vier dames was Nederduits Gereformeerde lidmate, terwyl een van die Metodiste kerk afkomstig was. Twee van die vier dames het eers later in hulle lewe tot die besef gekom dat hulle as kind gemolesteer is. Hierdie inligting het tydens terapie sessies (hipnose) na vore gekom wat gevolg het op ander emosionele probleme (senu-ineenstorting en die dood van 'n ouer). Die ander twee dames kon onthou van die molestering maar het geheueverlies beleef betreffende sommige van die insidente.

4.4 PROSEDURE

Om die nodige inligting te bekom is onderhoude gevoer waartydens daar redelik indringend gekyk is na hulle ervarings tot op hede. Die onderhoude het twee en 'n half tot drie ure geduur. Die inhoud en doel van die studie is aan die betrokke respondente verduidelik. Hulle is ook gewys op hulle regte as vrywillige deelnemers (alhoewel dit aan hulle uitgewys is dat hulle die reg het om enige van die vrae onbeantwoord te laat, het almal nogtans al die vrae beantwoord). Die respondente is verseker van totale konfidensialiteit (Guy *et al.*, 1984:267).

Onderhoude is vervolgens aan die hand van gestruktureerde vraelyste gevoer. Die betrokke persone is uitgevra met betrekking tot hul belewenisse en geskiedenis van molestering, hulle huweliksewe asook seksuele probleme wat moontlik kon voortspruit uit vroeëre molestering. Hulle moes ook 'n aanduiding gee van waarheen hulle gegaan het vir hulp en ook waar hulle volgens hulle mening in die proses die grootste ondersteuning ontvang het. Hulle is verder ook uitgevra oor hulle belewenisse van die beradingsprosesse en baie spesifiek ook ten opsigte van die rol van die kerk in hierdie hele proses na herstel. Vrae is ook gestel met betrekking tot hul belewing van en verhouding met God. Laastens moes elkeen 'n aanduiding gee van huidige pertinente behoeftes, asook van aspekte wat hulle graag onder die loep geneem sou wou hê, enersyds deur die kerk, en andersyds deur 'n pastorale beradingsproses. Hierdeur kon die behoeftes van die respondente gedefinieer word, asook hulle ervarings van die hulpgewende gemeenskap nagevors word. Op hierdie wyse kan 'n duideliker beeld gevorm word van wat van die beradingsproses verlang word.

4.5 DATA-ANALISE

Juis omdat kwalitatiewe data eksperimenteel en differensieel is, is eksakte en hoogs gekontroleerde prosesse by die analise van data nie moontlik nie. Dit beteken dus dat gekyk moet word na ooreenkomste en verskille in die data wat ingesamel is, en op hierdie wyse kan natuurlike kategorieë geïdentifiseer word (Guy *et al.*, 1984:279).

Die doel van die data-analise was gevolglik om inligting betekenisvol te kategoriseer wat dan impliseer dat die kwalitatiewe data in 'n bepaalde volgorde geplaas word sodat die inligting as ordinale data gesien kan word (Steyn *et al.*, 1984:7). Macnee (2002:237) kwoteer Osborne met betrekking tot die uitspel van riglyne waarvolgens daar met vraelyste te werk gegaan moet word. Hierdie riglyne het dan ook as navorsingsprotokol gedien vir die hantering van die vraelyste van hierdie studie, en dit sien soos volg daaruit:

- Vraelyste is intensief deurgelees om 'n 'gevoel' daarvoor te ontwikkel.
- Spesifieke frases wat te make het met die behoeftes van die vrou (wat as kind gemolesteer is) in haar seksuele aanpassing in die huwelik is geselekteer.
- Sinne met dieselfde betekenis is vir elke respondent saam gegroepeer. Dit is

aangedui deur verskillende kleure merkpenne (sodoende sal spesifieke uitvalle en ooreenkomste van seksuele uitvalle uitgewys word).

- Reaksies en antwoorde op vrae is onder temas gekategoriseer.
- 'n Opsomming van die vrae is met die korrespondente geverifieer deur die volgende vrae te stel: Is dít wat jy bedoel het? Het ek jou antwoord reg verstaan? Die antwoord sal aan die respondent teruggelees word. Die proses is deurentyd tydens die onderhoud herhaal.

4.6 RESULTATE

Vrae is onder spesifieke temas ingedeel. Om verwarring te voorkom is elke respondent se vraelys afsonderlik behandel.

4.6.1 Respondent 1

4.6.1.1 Algemene inligting

Die dame is 31 jaar oud en is lidmaat van die Metodiste kerk. Daar was by haar geen twyfel nie dat sy as kind gemolesteer is. Haar molestering deur 'n neef het begin op 8 jaar en het geëindig op die ouderdom van 12 jaar. Sy sien haarself as medeverantwoordelik vir die molestering. Sy sê dat sy glo dat dit haar naïwiteit was wat haar tydens die molestering (sy het nie besef wat gebeur het nie), laat oorleef het. Sy het vir niemand van die molestering vertel nie en het dit geïgnoreer. Sy het gemaak asof dit nie gebeur het nie. Sy sê ook dat baie hiate in haar geheue voorkom rakende die molestering. Tot op datum kan sy in fyn besonderhede praat oor dit wat sy wel kan onthou sonder om emosioneel te raak. Sy sê dat sy in 'n mate die lewe kan geniet, maar dat daar soms "oorblyfsels" van die molestering na vore kom. Toe sy uitgevra is oor snellers (*triggers*) wat soms herinneringe aangaande die molestering na vore kan bring, het geblyk dat seksuele omgang soms die rol van so 'n sneller vervul.

4.6.1.2 Huwelik

Sy is nou nege jaar getroud. Voordat sy getroud is, was sy by verskeie seksuele

verhoudings met getroude mans betrokke.

Dit het so handuit geruk dat sy om hulp gaan aanklop het. Sy het in daardie stadium geglo dat sy 'n slegte vrou is (juis as gevolg van die molestering) en het haar lewe dienoooreenkomstig uitgeleef.

Sy sê dat die meeste probleme in haar huwelik gewoonlik met die seksuele verband hou. Sy het 'n algehele afkerigheid van die seksuele en sy beleef gevolglik haar seksualiteit as iets wat geheel en al afsonderlik van haar menswees figureer.

Sy is daartoe in staat om op 'n persoonlike vlak dinge met haar huweliksmaat te kan deel. Sy vertrou haar huweliksmaat met haar vrese en kan vra as sy iets nodig het. Sy sien egter nie kans om probleme te bespreek aangaande situasies wat haar ongemaklik en bang laat nie, juis uit vrees vir verdere konflik.

Haar huweliksmaat weet dat sy gemolesteer is.

4.6.1.3 Seksuele probleme in die huwelik

Sy het geen begeerte na seksuele gemeenskap nie, alhoewel sy beweer dat sy nie 'n vrees vir seksuele omgang het nie. Sy het al las gehad van dispareunie (pynlike geslagsomgang). Volgens haar antwoorde sal sy egter voortgaan met geslagsomgang ter wille van haar huwelik, al is dit pynlik en skrikwekkend. Sy het 'n onvermoë om 'n orgasme te bereik en sy voel gefrustreerd indien die hele proses te lank duur. Sy soek nooit toenadering nie, maar sy gebruik wel seks as 'n middel tot emosionele bevrediging. Sy voel dat sy ook daarmee worstel om tydens geslagsomgang 'in haar liggaam te bly'.

4.6.1.4 Waar het sy om hulp gaan aanklop?

Sy het na 'n sielkundige gegaan vir hipnoterapie. Die sielkundige het haar gehelp om van die besonderhede te onthou met betrekking tot die molestering. Daar is veral gefokus op die opbou van haar selfbeeld. Sy was ook by 'n mediese dokter waar sy geen hulp ontvang het nie. Verder was sy ook by 'n seksterapeut sonder enige sukses, aangesien hierdie persoon slegs op tegnieke gefokus het en nie op die dieperliggende probleme nie. Sy het ook 'n sogenaamde *crystal healer* besoek. Volgens haar oortuiging het die hulp wat sy dáár ontvang het vir haar die meeste waarde gehad. Sy (respondent nr 1) was van oortuiging dat sy psoriase (velsiekte)

‘skep’ om haar man van haar liggaam weg te hou. Die *crystal healer* het hiermee gehelp asook met haar skuldgevoelens.

4.6.1.5 Kerk

Weens haar volslae afkeer van die kerk het sy nie daar hulp gaan soek nie en sy is ook nie tans by die kerk betrokke nie. Bybelse berading is dus nie toegepas nie en daar is gevolglik ook nie deur gebed aandag aan die trauma van die molestering gegee nie. Niemand het die plan wat God het vir die mens se seksualiteit met haar bespreek nie. Sy sou egter wou hê dat die kerk se deure oop moes wees vir vroue wat gemolesteer is. Sy sal ook graag wil hê dat die kerk meer uitgesproke moet wees oor seksuele misdrywe soos molestering en verkragting, alhoewel sy nie self betrokke sal wil raak by 'n molesteringshulp-groep by die kerk nie. Sy is tans besig met haar studie in sielkunde en sal graag later vroue wil help wat as kind gemolesteer is.

4.6.1.6 Belewering van God

Alhoewel sy Christus aangeneem het as haar Verlosser en Vriend het sy nie 'n intieme liefdesverhouding met God nie. Sy beleef nog baie woede teenoor God. Sy ervaar die intense behoefte om 'klaar te maak met die molestering', alhoewel die gevolge daarvan telkens weer sterk op die voorgrond tree.

4.6.1.7 Haar behoeftes

Die hoofsaaklike dryfveer vir haar soeke na hulp was om onaanvaarbare gedrag te beëindig (sy wou loskom van haar losbandige lewe). Haar grootste frustrasie was geleë in die feit dat al die professionele mense by wie sy hulp gaan soek het in die algemeen die simptome en nie die oorsaak hanteer het nie. Haar grootste verwagting ten opsigte van die beradingsproses was gerig op die hoop dat dit 'n einde sou bring aan al die gevolge van die molestering en dat al die simptome eenvoudig sou opklaar. Op die vraag: “Watter aspekte betreffende jou seksuele en intimiteitslewe het jy gevoel behoort veral aandag te geniet?”, het sy aangedui dat sy daarna smag om weer genot te beleef tydens seksuele omgang.

4.6.2 Respondent 2

4.6.2.1 Algemene inligting

Die dame is 35 jaar oud en lidmaat van die Nederduits Gereformeerde kerk. Sy het nog altyd geweet dat sy as kind gemolesteer is. Molestering het gestrek vanaf 3-jarige ouderdom tot en met die ouderdom van 5 jaar. Sy is deur 'n familievriend gemolesteer. Sy ervaar die molestering as 'n misdaad wat teen haar gepleeg is. Sy sê dat sy glo dat dit haar naïwiteit tydens die molestering was (sy het nie besef wat gebeur het nie), wat haar die molestering laat oorleef het. Sy het niemand daarvan vertel nie. Sy het dit geïgnoreer. Haar verhouding met die Here in 'n later stadium het gehelp omdat sy met Hom daaroor kon praat. Sy vind ook baie hiate in haar geheue met betrekking tot die molestering. Sy sê dat sy vandag in die fynste besonderhede oor die molestering kan praat sonder om emosioneel daaroor te raak. In 'n mate kan sy die lewe geniet. Op die vraag watter snellers nog herinneringe rakende die molestering vir haar na vore bring, het geblyk dat die nuus oor haar vriendin se molestering deur dieselfde persoon 'n uitersbaie groot negatiewe rol gespeel het. 'n Verdere sneller wat 'n negatiewe rol speel, hou verband met die feit dat, telkens wanneer sy mense beraad wat met buite-egtelike seksuele verhoudings worstel, die beeld van 'n manlike geslagsorgaan by haar opkom. Verder kom sy ook agter dat sy oorbeskermend is teenoor haar klein dogtertjie.

4.6.2.2 Huwelik

Sy is nou reeds vyftien jaar getroud. Sy sê dat sy 'n voorhuwelikse seksuele verhouding gehad het met haar huidige eggenoot. Sy ervaar geen seksuele probleme in haar huwelik nie. Sy ondervind geen probleem om oor haar vrese te praat ten opsigte van haar huwelik nie. Sy het die vrymoedigheid om vir haar eggenoot te vra indien sy iets benodig. Haar huweliksmaat weet dat sy gemolesteer is.

4.6.2.3 Seksuele probleme in die huwelik

Sy ervaar geen probleme ten opsigte van seksualiteit nie en beleef 'n gesonde seksuele verhouding binne die huwelik.

4.6.2.4 Waar het sy om hulp gaan aanklop

Sy het na 'n Christelike sielkundige gegaan wat haar begelei het deur middel van gebedsterapie wat ook innerlike genesing geïmpliseer het. Sy het ook 'n *healing retreat* bygewoon wat deur 'n beradingsorganisasie aangebied is (*Ellel-Ministries*). Hier is sy geleer om op 'n konkrete wyse probleme met seksualiteit te hanteer. As daar beelde by haar opkom wat verband hou met die molestering kon sy weerstand hierteen bied. Die leuen wat Satan oor seksualiteit in haar denke kom plant het, is aan haar uitgewys en sy is ook daarin begelei om van haar woede en aggressie rakende die molestering ontslae te raak.

4.6.2.5 Kerk

Sy sou graag wou hê dat die kerk meer toeganklik moes wees aangesien sy sedert haar kinderjare die kerk as apaties beleef het. Sy is van mening dat die kerk te min doen vir persone wat gemolesteer is en voel sterk dat die kerk meer uitgesproke moet wees oor aspekte soos molestering en seksuele wandade. Sy het nie behoefte daaraan om betrokke te raak by 'n ondersteuningsgroep van die kerk nie. Sy is tans wel betrokke by Bybelse berading van vroue wat as kind gemolesteer is.

4.6.2.6 Belewings van God

Sy sê dat sy vir Christus aangeneem het as haar Verlosser en Vriend en sy beleef 'n intieme liefdesverhouding met God. Sy beleef nie woede teenoor God nie. Sy sê dat sy nie in die steek gelaat voel deur God nie en is van mening dat God aan die mens 'n vrye wil gegee het, en dat die molesteerder uit vrye wil opgetree het. Sy is oortuig daarvan dat die Here dit haat wat gebeur het, maar soms is dit steeds moeilik om alles wat gebeur het, te aanvaar.

4.6.2.7 Haar behoeftes

Haar hoofsaaklike dryfveer om berading te ontvang, was om meer uit te vind met betrekking tot die tema innerlike genesing. Haar oogmerk was om so 'n kursus te volg met die doel om dan toegerus te word om ander te kan help. As kind het sy groot frustrasies beleef wat betref die feit dat daar nie hulp was nie. Sy het in daardie stadium ook nie die vrymoedigheid gehad om met haar ouers oor die krisis te

praat nie. Op die vraag: “Wat was jou verwagting van die beradingsproses?” het sy gesê dat sy graag alles wou afhandel wat nog onafgehandel is. Dit het geblyk dat daar nie verdere aspekte betreffende haar seksuele en intimiteitslewe was wat aandag geverg het nie. Sy kon ook nog altyd haar seksuele verhouding met haar man as losstaande van die molestering sien.

4.6.3 Respondent 3

4.6.3.1 Algemene inligting

Die dame is 33 jaar oud en is 'n lidmaat van die Nederduits Gereformeerde Kerk. Sy sê dat daar by haar nooit enige twyfel was oor die feit dat sy as kind gemolesteer is nie. Molestering het op 5 jaar begin en het oorgegaan tot verkragtings vanaf 16-jarige ouderdom. Sy is deur dertien mans gemolesteer en deur ses verkrag – hulle was almal mansvriende van haar ma. Sy aanvaar in 'n sekere sin verantwoordelikheid vir alles wat gebeur het. Sy sê dat sy glo dat dit haar naïwiteit tydens die molestering was (sy het nie besef wat gebeur nie) wat haar gehelp het om alles te oorleef. Sy het niemand daarvan vertel nie, aangesien die molesteerders gedreig het om haar ma leed aan te doen indien sy sou praat. Sy sê ook dat baie hiate in haar geheue voorkom rakende die molestering. Sy kan soms in besonderhede praat oor die molestering sonder om emosioneel daaroor te raak, maar word tog nog soms steeds emosioneel oorweldig deur die besonderhede daarvan. Voordat sy getroud is, was sy by verskeie seksuele verhoudings met getroude mans betrokke.

In 'n mate kan sy die lewe geniet, maar nie ten volle nie. Dit het geblyk dat TV-programme en koerantberigte wat oor molestering handel, herinneringe steeds wakker maak betreffende die molestering. Sy ervaar ook dieselfde reaksies wanneer vreemde mans naby haar dogter kom.

4.6.3.2 Huwelik

Sy is nou reeds agt jaar getroud. Sy was voorheen reeds geskei. Sy sê dat sy baie buite-egtelike seksuele verhoudings gehad het en dit het haar genoop om hulp te soek. Probleme met vertroue, jaloesie en ook baie seksuele probleme was volgens haar die uitvloeiende van die molestering. Sy voel dat sy nie haar huweliksmat met al

haar vrese kan vertrou nie. Sy vrees byvoorbeeld intimiteit en kan nie volkome haarself wees by haar huweliksmaat nie. Sy kan nie iets vra as sy dit nodig het nie en sy neem ook dikwels die skuld vir huweliksprobleme op haarself. Haar huweliksmaat weet dat sy gemolesteer is.

4.6.3.3 Seksuele probleme in die huwelik

Sy het in haar eerste huwelik geen behoefte gehad aan seksuele gemeenskap nie aangesien sy dit gevrees het. Sy het ook al probleme ondervind weens vaginisme (penetrasie is onmoontlik as gevolg van 'n reflektiewe verstywing van spiere wanneer gepoog word om die vagina binne te dring.)(Van Elfen, 1998:638) Dan het probleme ook al ten opsigte van dispareunie (pynlike geslagsomgang) voorgekom. (Van Elfen, 1998:133). Ter wille van haar man is sy egter bereid om voort te gaan met geslagsomgang, al is dit vir haar seer en skrikwekkend. Sy het nie 'n onvermoë om orgasme te bereik nie. Sekere dinge met betrekking tot die molestering word tydens seksuele omgang gesneller en dan tree sy soms tydens gemeenskap op onverklaarbare wyse op en dit lei tot skaamtegevoelens. Daar bestaan by haar 'n onvermoë om aan haar man 'n aanduiding te kan gee van wanneer sy wel 'n behoefte aan die seksuele ervaar. Sy voel dat haar behoefte aan geslagsomgang soms oordrewe is en dat sy by geleentheid selfs beheer verloor. Sy gebruik wel seks as 'n middel tot emosionele bevrediging. As tiener het sy gevoel dat die manlike geslagsorgaan 'n wapen is wat net verniel. Sy sê dat sy ook daarmee worstel om tydens geslagsomgang in haar liggaam te bly en dat dit soms voel asof haar gees haar liggaam wil verlaat.

4.6.3.4 Waar het sy gaan om hulp aanklop

Sy het na 'n sielkundige gegaan vir hipnoterapie. Dit was egter nie baie suksesvol nie. Sy was ook by 'n mediese dokter waar sy nie veel baat gevind het nie aangesien hy 'n baie ongeërgde houding ingeneem het ten opsigte van alles wat met haar gebeur het. Sy was egter by 'n ginekoloog wat haar baie gehelp het met die probleem met betrekking tot vaginisme. Verder was sy ook by 'n spiritualis wat haar gehelp het om haar pa se dood te verwerk. Dan het sy ook 'n besoek aan 'n kinesioloog gebring, by wie sy die meeste hulp ontvang het. Kinesiologie word dan soos volg gedefinieer op die kinesiologie webtuiste: *Kinesiology encompasses holistic health disciplines that use the gentle art of muscle monitoring to access*

information about a person's well being. It combines Western techniques and Eastern wisdom to promote physical, emotional, mental and spiritual health. It identifies the elements that inhibit the body's natural healing processes. It assists with stimulating a person's natural internal energies and accessing the life enhancing potential within the individual.

Hy het haar gehelp om herinneringe wat as gevolg van die molesterin onderdruk was, weer na die oppervlak te bring. Dan het hy haar ook begelei met betrekking tot die proses van vergifnis.

4.6.3.5 Kerk

Sy het geensins by die kerk om hulp aangeklop nie en daar was gevolglik geen gebedsbegeleiding ten opsigte van die trauma van die molestering nie. Niemand het die goeie wat God ten opsigte van die mens se seksualiteit bedoel het, met haar bespreek nie. Dit is vir haar belangrik dat die kerk se deure oop moet wees vir vroue wat gemolesteer is en dit is ook vir haar belangrik dat die kerk meer uitgesproke moet wees oor seksuele misdrywe soos molestering en verkragting. Sy het nie 'n behoefte daaraan om by die kerk betrokke te raak by 'n hulpgroep vir die gemolesteerde nie - sy sal egter wel buite die kerk wil betrokke wees by vroue wat gemolesteer is.

4.6.3.6 Belewing van God

Sy het vir Christus aangeneem as haar Verlosser en Vriend en sy het 'n intieme verhouding met God. Sekere geloofsaspekte ervaar sy egter anders as wat die kerk dit tradisioneel gesien het. Sy beleef nog baie woede teenoor God en voel dat God dikwels van haar vergeet. Sy is nie tans by die kerk betrokke nie.

4.6.3.7 Haar behoeftes

Die hoofsaaklike dryfveer vir haar soeke na hulp is die feit dat sy 'n man ontmoet het vir wie sy lief is en dat sy van hierdie verhouding 'n sukses wil maak. Op die vraag na wat die meeste frustrasie gebring het in haar soeke na hulp, het geblyk dat sy baie gesukkel het om by die regte terapeut/berader uit te kom. Volgens haar het die meeste van die mense na wie sy gegaan het vir hulp, net geluister en nooit werklik

raad aangebied nie. Op die vraag: “Wat was jou verwagting van die beradingsproses?” het sy geantwoord dat dit die behoefte was aan onderrig met betrekking tot grense. Sy wou graag ook weer mense leer vertrou en in staat wees om haar jaloesie te oorkom. Op die vraag na watter aspekte betreffende haar seksuele en intimiteitslewe veral aandag behoort te kry, was haar antwoord dat sy baie graag ’n bevredigende intimiteitslewe in haar huwelik wou geniet. Sy sou wou hê dat iemand haar moet help met haar *out-of-body* belewenisse. Sy wou ook weet wat gepas is in die huwelik.

4.6.4 Respondent 4

4.6.4.1 Algemene inligting

Die dame is 46 jaar oud en is lidmaat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Sy het terapie ontvang vir ’n senu-instorting. Tydens die terapie het dit onder hipnose na vore gekom dat sy gemolesteer is. Molestering deur ’n oom het plaasgevind vanaf 8 jaar en het aangehou tot op die ouderdom van 10 jaar. Sy aanvaar in ’n mate verantwoordelikheid vir dit wat gebeur het. Sy glo dat dit haar naïwiteit tydens die molestering was (sy het nie besef wat gebeur het nie) wat haar die molestering laat oorleef het, asook haar geloof in God. Sy het niemand daarvan vertel nie en probeer om dit te ignoreer. Groot geheuehiate met betrekking tot die molestering kom voor, en sy kan bitter min daarvan onthou. Sy praat nie oor die molestering nie en probeer steeds om dit op die agtergrond te skuif. Sy het tydens die onderhoud uiters emosioneel geraak oor alles wat gebeur het. Sy sê dat sy in ’n mate die lewe kan geniet. Toe sy gevra is watter snellers nog herinneringe aan die molestering vir haar na vore bring, het sy geantwoord dat dit veral aspekte is soos mediaberigte rakende molestering, asook ander se gesprekke daaroor. Sy is ook oorbeskermend teenoor haar dogter en is bang dat haar seun iemand sal molesteer.

4.6.4.2 Huwelik

Sy is reeds 25 jaar getroud, en sy was nog nooit by enige buite-egtelike seksuele verhoudings betrokke nie. Die meeste probleme in haar huwelik hou verband met die seksuele en sy ondervind ’n algehele afkerigheid van seks. Sy is wel in staat om op ’n persoonlike vlak dinge met haar huweliksmaat te kan deel. Sy vertrou haar

huweliksmaat met haar vrese en kan vra as sy iets nodig het. Sy neem al die skuld van probleme in haar huwelik op haarself. Haar huweliksmaat weet dat sy gemolesteer is.

4.6.4.3 Seksuele probleme in die huwelik

Sy het geen belangstelling in die seksuele sy van die huwelik nie. Sy het 'n vrees vir penetrasie en sy het al las gehad van dispareunie (pynlike geslagsomgang). Sy sê ook dat sy sal voortgaan met seksuele omgang al is dit vir haar seer en skrikwekkend. Sy het 'n onvermoë om 'n orgasme te bereik en sy sê ook dat sy nooit van haar kant toenadering soek nie. Sy gebruik wel seks as 'n middel tot emosionele bevrediging. Verder beleef sy dit ook dat haar gees tydens seksuele gemeenskap geneig is om haar liggaam te wil verlaat. Sy kan slegs seksuele gemeenskap geniet as sy fantaseer en sy glo dat seksuele plesier net kan kom van dit wat verkeerd en sondig en buite-egtelik is. Sy is skaam tydens gemeenskap en voel skuldig as sy seksuele omgang geniet.

4.6.4.4 Waar het sy om hulp gaan aanklop

Sy het na 'n sielkundige gegaan omdat sy 'n senuwee-instorting gehad het. Die besonderhede van die molestering het tydens hipnoterapie na vore gekom en sy was so getraumatiseer daardeur dat sy nie vir haar opvolgonderhoude opgedaag het nie. Sy het nooit weer met iemand daaroor gepraat of verdere hulp gaan soek nie.

4.6.4.5 Kerk

Sy het geen geestelike begeleiding ontvang nie en niemand het die plan wat God rakende seksualiteit met haar bespreek nie. Dit is vir haar belangrik dat die kerk se deure oop moet wees vir vroue wat gemolesteer is en dit is ook vir haar belangrik dat die kerk meer uitgesproke moet wees oor seksuele misdrywe soos molestering en verkragting. Sy is ook van mening dat die kerk selfs deur middel van radioprogramme meer hulp sou kon bied aan vroue wat as kind gemolesteer is. Sy het nie 'n behoefte daaraan om by die kerk betrokke te raak by 'n hulpgroep vir gemolesteerde nie. Sy dink nie dat sy in staat is om ander vroue te kan help wat in

dieselfde situasie as sy verkeer nie.

4.6.4.6 Belewing van God

Sy het vir Christus aangeneem as haar persoonlike Verlosser en sy het 'n baie persoonlike verhouding met God. Sy beleef soms woede teenoor God en by tye vrees sy Hom ook. Sy beleef hom as kwaad, vêr en onbetrokke en dat Hy haar in die steek gelaat het. Sy is tans wel by die kerk betrokke.

4.6.4.7 Haar behoeftes

Die feit dat sy emosioneel geknak is, het haar gedwing om hulp te soek. Sy is gevra na wat die mees frustrerende aspek in haar soeke na hulp was. Hier het sy die aspekte uitgelig van afsydigheid, asook die gevoel dat mense anders na jou kyk. In antwoord op die vraag na wat haar verwagtinge was ten opsigte van die beradingsproses het sy geantwoord dat sy graag met iemand sou wou praat wat haar kon lei op die pad na vergifnis. Wat betref haar seksuele en intimiteitslewe was sy van mening dat daar 'n wye spektrum dinge was wat aandag geverg het.

4.7 VOORLOPIGE GEVOLGTREKKINGS

Hierdie vroue kom uit dieselfde sosiale en gemiddelde ekonomiese stand en is almal Afrikaanssprekend. Deur slegs na vier gevalle te kyk, is inderdaad nie genoegsaam om algemene gevolgtrekkings te maak wat van toepassing is op alle vroue wat gemolesteer is nie. Tog is daar 'n klompie belangrike aspekte wat uit hierdie vier gevalle na vore gekom het wat beslis van toepassing sal wees op talle ander wat dieselfde trauma ervaar het. Die belangrikste aspekte in hierdie verband kan soos volg opgesom word:

4.7.1 Skuldgevoelens

Drie uit die vier respondente worstel nog steeds met intense *skuldgevoelens*. Hulle sien hulle as medeverantwoordelik vir die molestering en hulle is uiters skaam oor hierdie feit. Twee van die dames het juis na spiritualiste gegaan omdat hulle geglo het dat hierdie gevoelens daar genoegsame aandag sou geniet. Een van die drie

dames het nooit om enige hulp rakende haar molestering gaan aanklop nie. Al drie die dames was onbewus van die feit dat verskeie kerke deesdae hulp beskikbaar stel aan vroue wat as kind gemolesteer is. Die enigste dame wat begrip gehad het vir die feit dat sy voluit die slagoffer van molestering was (en dus nie self verantwoordelik was daarvoor nie) het by 'n Christelike organisasie om hulp gaan aanklop (*Ellel-Ministries*).

4.7.2 Pastorale berading

Die dame wat na *Ellel-Ministries* gegaan het, is ook die enigste wat nie meer probleme ondervind met negatiewe implikasies wat met haar molestering verband hou nie. Sy is ook die enigste dame wat kan praat oor die insidente sonder dat sy emosioneel daardeur geraak word.

Die feit dat sy by Christelike beraders kon aanklop wat haar situasie met wysheid kon hanteer en deur die trauma van die molestering kon bid was vir haar van groot waarde. Hulle kon haar ook met praktiese riglyne met betrekking tot die hantering van snellers (*triggers*) help. God se oorspronklike bedoeling met die seksualiteit van die mense is baie duidelik aan haar oorgedra en sy is ook gelei op die pad na vergifnis. Nie een van hierdie aspekte is by enige van die ander dames hanteer nie.

4.7.3 Ouerhuis van die gemolesteerde

Die dame wat geen negatiewe gevolge oorgehou het van die molestering nie is ook die enigste wat uit 'n liefdevolle en stabiele ouerhuis kom. Twee van die vier respondente se vaders is op 'n vroeë ouderdom oorlede. Dit is nie onmoontlik dat hierdie verlies van 'n belangrike anker kon lei tot 'n gebrek aan innerlike sekuriteit nie, en dit kon weer die verwerking van die groot krisis rakende molestering later in hulle lewens kompliseer.

4.7.4 Die tydsduur en intensiteit van die molestering

Die dame wat deur 'n groot aamta; mans gemolesteer en verkrag is, het ook die grootste probleme ervaar rakende seksuele aanpassing in die huwelik. Haar desperaatheid om gehelp te word het haar gelei na spiritualiste, persone wat alternatiewe geneeskunde beoefen en sielkundiges. Haar weersin in die kerk asook

weerstand teen sommige van die leerstellings van die kerk kan moontlik verband hou met die intensiteit van dit wat sy beleef het – so ook die geweldige vertrouenskweptes wat sy beleef en die feit dat sy nooit volkome haarself in die teenwoordigheid van haar huweliksmaat kan wees nie. Sy is ook die enigste van die respondente wat die behoefte uitgespreek het daaraan dat daar vir haar gewys moet word hoe om perke te stel. Die impak asook tydsduur van dit wat met haar gebeur het, het waarskynlik haar grense in 'n baie groter mate beïnvloed as in die geval van die ander respondente.

4.7.5 Buite-egtelike verhoudings

'n Opvallende aspek ten opsigte van hierdie hele aangeleentheid is die feit dat die persone wat by seksuele verhoudings buite die huwelik betrokke geraak het, nie dieselfde tipe probleme ervaar het as binne hul eie huwelike nie. Die twee dames wat by meer as een buite-egtelike verhouding betrokke was, het byvoorbeeld nie tydens sulke verhoudings probleme met vaginisme of dispareunie ondervind nie. Die dame wat voorhuwelikse seks met haar man gehad het, het ook in daardie stadium geen probleem met die seksuele ondervind nie.

4.7.6 Godsbeeld

Drie van die vier dames was nog steeds kwaad vir God, en daar moes steeds gewerk word aan hulle ervaring van God as iemand wat daar vêr en kwaai en onbetrokke is. Dit is ook baie duidelik dat algehele herdefiniëring moet plaasvind ten opsigte van hulle geloofsoortuiging, wat impliseer dat die ware beeld van wie God is aan die hand van die Skrif aan hulle oorgedra moet word.

4.7.7 Die kompleksiteit van molestering

Dit blyk baie duidelik dat die aangeleentheid van molestering uiters kompleks is. Die dames wat dokters en sielkundiges besoek het, het wel 'n mate van hulp ontvang - al was dit net om beter te kon onthou of om die fisiese aspekte van die seksuele meer draaglik te maak. Wat wel kommerwekkend is, is dat van die dames vas glo dat spiritualisme hulle kon help met die hantering van skuldgevoelens asook met die geestelike dimensie van hulle stryd. Daar is beslis 'n behoefte aan gebalanseerde

begeleiding vir sulke slagoffers, wat ruimte sal laat vir mediese en sielkundige insette sowel as pastorale riglyne en gebed. Sodanige begeleiding sal die fisiese, emosionele en geestelike dimensies van so 'n persoon se behoeftes onder die loop te neem. In die opleiding van pastorale beraders dergelike aspekte besondere klem moet ontvang.

HOOFSTUK 5.

PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE VIR DIE BERADING VAN DIE GETROUDE VROU WAT AS KIND GEMOLESTEER IS

5.1 INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om op grond van basis-teoretiese perspektiewe en met inagneming van die meta-teoretiese perspektiewe asook empiriese navorsing, praktyk-teoretiese perspektiewe te formuleer wat as hulpmiddel kan dien vir die pastorale begeleiding van die getroude vrou wat as kind gemolesteer is. Die volle sirkelgang van die metode, soos voorgestel deur Zerfas (1974:164), kom dan op hierdie wyse tot volvoering.

Juis omdat molestering so aan die orde van die dag is (vergelyk 1.2.1), is daar soveel te meer 'n behoefte aan praktykteoretiese riglyne ten einde pastorale beraders te bemagtig in hul begeleiding van sulke persone.

5.2 DIE VERHAAL VAN DIE GEMOLESTEERDE

5.2.1 Die eerste afspraak

Dit is noodsaaklik om tydens die eerste afspraak die algemene agtergrond van die persoon te kry. Dit help nie net om die beradene se omstandighede en ondersteuningsnetwerke beter te verstaan nie, maar dit help ook die beradene om gemakliker te gesels. Basiese reëls asook die prosedures wat gevolg gaan word, kan verduidelik word. Dit is van belang dat die persoon sal besef dat haar bydrae van belang is met betrekking tot die oplos van haar situasie. By die eerste afspraak is dit van belang om liggaamskontak tot die minimum te beperk, of geheel en al te vermy. Vir onstabiele pasiënte behoort aanraking vir die res van die terapie vermy te word (Rothchild, 2002:147).

Die volgende vrae kan gestel word. 'Ja' en 'nee' antwoorde moet vermy word. Dit is

van belang om hierdie vraelys mondeling saam deur te gaan, aangesien die nie-verbale gedrag van belang is. Daar moet gevolglik veral aandag gegee word aan die persoon se liggaamstaal (Purnell, 2004:85; Bruce, 1995). Wanneer 'n slagoffer vir rukkies stil bly, moet sy gelaat en nie onderbreek word nie. Daar kan tydens die periode stil vir haar gebid word (Gschwend-Bosch, 2000:37):

- Naam en van?
- Adres en telefoonnommer?
- Ouderdom?
- Getroud? Hoeveelste huwelik? Enige buite-huwelikse seksuele verhoudings? Hoe lank?
- Hoe sien die verhouding daar uit?
- Kinders? Ouderdomme van kinders?
- Beroep?
- Man se ouderdom?
- Man se beroep?
- Lewe ouers nog?
- Ander broers en susters in gesin?
- Hou was jou verhouding met jou pa tydens jou kinderjare (voor 10 jaar oud en na 10 jaar?)
- Hoe was jou verhouding met jou ma tydens jou kinderjare? (voor 10 jaar oud en na 10 jaar).
- Hoe is jou verhouding met hulle nou?
- Indien geskei, wat was die rede vir die egskeiding? (ook met betrekking tot vorige huwelike).
- Is jy op enige medikasie?
- Waarvoor is die medikasie voorgeskryf?
- Aan watter kerk behoort jy?

- Beleef jy volle geloofsekerheid? Hoe sal jy jou verhouding met die Here beskryf? Hoe gaan dit met jou persoonlike stiltetyd en gebedslewe?
- Wat is die mees traumatiese ervaring wat die persoon gehad het? Noem ook ander traumas.
- Hoe lank gelede, en verduidelik wat gebeur het.
- Was die persoon al by ander beraders en sielkundiges? Watter aspekte het hulle deurgewerk? Wat is die benadering wat in die terapie gevolg is?
- Was die persoon ooit by enige okkultiese aktiwiteite (rituele) betrokke?

5.2.2 Erken en aanvaar dat molestering plaasgevind het

Wanneer iemand beraad word moet sy self besluit dat sy gesond wil word. Die terapeutiese proses kan by tye traumaties wees en dan sal sy gedetermineerd moet wees om deur te druk. As kind is daar dikwels talle vals waarhede geskep om te oorleef en nou sal sy bereid moet wees om alles hiervan prys te gee – en dit kan pynlik wees. As deel van hierdie proses sal sy onder andere vrees vol in die gesig moet kan kyk (vergelyk 3.6).

5.2.2.1 Bewuswording van molestering

Wanneer die slagoffer bewus word van seksuele misbruik wat êrens in die verlede plaasgevind het, behoort die feite van seksuele misbruik verduidelik te word. Na hierdie deel van die terapie word dikwels verwys as die krisistase. Die slagoffer besef dat die hele fondament van wie sy is, by haar gesteel is. Tydens hierdie fase moet die persoon onder andere baie sterk ontmoedig word om haarself seer te maak. Daar moet ook 'n sterk ondersteuningsraamwerk om haar opgebou word.

- Verduideliking van die geheueproses van die gemolesteerde

Die volwasse vrou mag die feit dat sy as kind gemolesteer is so *onbewus ontken* dat dit vir haar bykans onmoontlik is om dit te aanvaar.

Hierdie opsetlike ontkenning het byvoorbeeld duidelik geblyk uit die empiriese ondersoek (vergelyk 4.6.4.1). Al die respondente het die feit dat hulle gemolesteer is, probeer vermy deur nie aandag daaraan te gee nie en dit te

ignoreer.

Die kind wat gemolesteer is, is geneig om die erns van die situasie te minimaliseer en te bly steek by 'n eensydige weergawe daarvan. 'n Verdere gevolg is dat sy byvoorbeeld nie alles in besonderhede kan onthou nie. Haar denkpatroon is aangetas, sy het 'n swak geheue en sukkel om te onderskei tussen dit wat waar is en dit wat nie waar is nie. Sy sukkel ook met die gevolge van dissosiasie, en as gevolg hiervan het sy sekere verdedigings meganismes aangeleer. Hieronder val byvoorbeeld regressie, opsetlike vergeet, disassosiasie en idealisering. Dit is alles deel van haar manier om deur die molestering te leef (vergelyk 3.3.4).

Uit die empiriese ondersoek het ook geblyk dat baie hiate in die respondente se geheue voorkom met betrekking tot die molestering (5.6.1-4).

Daar behoort vervolgens aan die gemolesteerde verduidelik te word wat die invloed van faktore soos terugflitse, paniekaanvalle en angs op die geheueprosesse het. Alhoewel die belewenisse van die verlede angswekkend is, is dit belangrik dat sy haar geheue en herinneringe sal glo namate dit na die oppervlak gebring word. Sy moet egter nie gedwing word om te onthou nie, en die proses moet toegelaat word om spontaan en natuurlik te verloop.

In hierdie verband kan daar ook aan die slagoffer verduidelik word dat terugflitse en herinneringe gesien kan word as blote gaste wat haar besoek. Sy kan van die veronderstelling uitgaan dat sy bly is om hulle weer te sien en kan selfs probeer vasstel wat hulle haar wil leer. Sy sal soms dan ook tyd aan hierdie proses moet afstaan.

- Wysies waarop die stilte verbreek kan word

- * Praat daaroor.

Die berader behoort die slagoffer aan te moedig om oor die molestering te praat. Soos aangedui in 3.6, is die gemolesteerde tydens die fase van molestering in die algemeen vermaan om nie te praat oor die aangeleentheid nie. Uit die empiriese ondersoek het geblyk dat slagoffers selfs gedreig is met geliefdes se lewens as hulle oor die molestering sou praat (vergelyk 4.6.3.1).

* Skryf daaroor

As dit te moeilik is om daaroor te praat, skryf dan daaroor. Baie van die belewenisse is so intiem en skokkend dat dit moeilik is om daaroor te praat. Dit het dan terapeutiese waarde om dit eerder neer te skryf. In hierdie verband is dit soms nodig om huiswerk te gee sodat die persoon in verbinding kan kom met onderdrukte emosies en gevoelens wat die oorsaak is van emosionele en gedragsprobleme. Sy kan byvoorbeeld neerskryf wat sy onthou, asook watter van haar gedrag vandag herlei kan word na die molestering wat sy as kind beleef het. Klank, reuk en smaak wat haar in die verlede altyd gehinder het, kan hier byvoorbeeld belangrik wees – so ook 'n aspek soos fisiese kontak.

* Wees kreatief

Slagoffers kan ook aangemoedig word om kreatief deur middel van kuns van negatiewe gedagtes ontslae te raak (vergelyk 3.3.3.5). Dit alles help die persoon om uiteindelik te kan hoor, voel en verstaan wat sy deurgemaak het en dit dan aan die Here opdra vir genesing.

5.2.2.2 Die treurproses

Die seksueel gemolesteerde treur ook oor wat met haar gebeur het.

- Moedig haar aan om te *treur* oor wat sy verloor het – sy kan ook die spesifieke aspekte neerskryf. Die slagoffer het baie verloor, soos ook gesien in die verhaal van Tamar. Sy moet aangemoedig word om dit te identifiseer en daaroor te treur (vergelyk 2.4.7). Sy moet die geleentheid gegun word om te huil (Rosenou & Systma, 2004:266).
- Intense gevoelens van ang, vrees, aggressie en skuld word beleef.
- Haar emosies is so beskadig dat sy voel dat sy liever wil sterf. Wanneer sy 'n vloedgolf van hartseer beleef, moet sy toegelaat word om te huil. 'n Gedeelte soos Jes. 61: 2-3 kan vir haar toegebid word.
- Die gebed van ander slagoffers, soos verwoord in Jes 62:4-12, kan ook vir haar gebed word.
- Tydens hierdie intense terapie raak slagoffers dikwels intens bewus van hoe

stukkend hul gees werklik is. Iets van die begrip 'sielemoord' (vergelyk 3.3.3) is hier aan die orde en moet ook aan haar verduidelik word.

5.2.2.3 Belewings van God

Die empiriese ondersoek het getoon dat 3 van die 4 respondente 'n probleem ondervind het met die beeld wat hulle van God het. Hulle sien God as iemand daar vêr en kwaai en onbetrokke (vergelyk 4.6.1.6).

Psigologiese trauma skud die persoon se geloofslewe en aspekte soos vertroue, lojaliteit, konsekwentheid, gehoorsaamheid en hoop word heel dikwels negatief beïnvloed en die persoon voel baie maklik volkome deur God verlaat. In die verhaal van Tamar het dit soms, uit 'n menslike oogpunt gesien, gelyk of die situasie buite beheer is. Alhoewel dit later blyk dat God selfs hier soewereïn is (vergelyk 2.4.6).

Dit is gevolglik belangrik om vas te stel presies hoe die persoon God ervaar en wat haar belewenis van Hom is. Omdat molestering dikwels in 'n jong stadium plaasvind, is die volwasse vrou se denkbild van God soms nog dié van 'n dogtertjie. As gevolg hiervan kan sy ook onverwerkte aggressie teenoor God beleef en Hom as onbetrokke en wreed beskou.

Dit is gevolglik nodig dat algehele herdefiniëring van die slagoffer se Godsbeeld moet plaasvind, asook aggressie-ontlonting (soos indringend in 4.3.3 bespreek). Uit die verhaal van Tamar kan ook gekyk word na hoe God Hom in die situasie openbaar het (2.4.6). Nie-verbale oefeninge soos die volgende kan help om onbewuste onderdrukte gedagtes en emosies na vore te bring:

- Maak 'n lys van al die name van God.
- Beskryf al die karaktereïenskappe van God.
- Maak 'n klei beeld van God in verhouding tot jou as persoon.
- Visualiseer hoe God die slagoffer sal beskerm.
- Die slagoffer kan 'n brief aan God skryf en haar innerlike konflik so oordra, asook al die emosies wat daarmee gepaard gaan.
- Stel 'n lys redes op van die redes waarom daar nie meer op God vertrou kan word nie. Die persoon moet haar dan ook afvra wat die implikasies sal wees

indien daar wel steeds op 'n God vertrou sal word wat nie die versekering kan gee dat daar nie moontlik nog verdere swaarkry in die toekoms sal wees nie. Die slagoffer moet weet dat God in elk geval alles wat in haar hart omgaan, ken en daarvan weet. Indien daar besluit word om nogtans op God te vertrou, moet al die redes neergeskryf word wat dit sou regverdig, te midde van die pynlike proses van gesond word

- Vir sommige slagoffers kan dit ook ondersteunend wees om iets aan hulle persoon te dra wat hulle aan die nabyheid van God sal herinner, byvoorbeeld 'n armbandjie, hangertjie of 'n Bybeltjie.
- Daar behoort huiswerk gegee te word waardeur haar verhouding met die Here opgebou kan word, byvoorbeeld Bybelstudie (baie persone weet nie hoe om te begin met Bybelstudie nie en in sulke gevalle is begeleiding noodsaaklik).
- Klem moet gelê word op die belangrike rol van gebed asook die waarde van 'n dagboek.
- Slagoffers moet aangemoedig word om betrokke te raak by 'n kerk of 'n Bybelstudiegroep.

5.2.2.4 Die waarom-vraag

In talle gevalle sal die slagoffer onbewus God beskuldig vir alles wat met haar gebeur het. Waarom het Hy dit toegelaat? Waarom het hy dit nie stopgesit nie? Hierdie proses sal voortgaan tensy die nodige pastorale begeleiding ontvang word en die slagoffer ook 'n dieper en meer intieme kennis van God opdoen.

Om hierdie proses aan te wakker, moet die slagoffer aangemoedig word om eerlik tot God te bid en te sê waarom sy vir Hom kwaad is. Sy moet bereid wees om haar diepste emosies voor Hom bloot te lê en dan ook Sy vergifnis te vra.

In antwoord op die waarom-vraag kan riglyne soos die volgende help:

Ek kan nie die rede vir swaarkry werklik verstaan nie. Ek het geen werklike bevredigende antwoord op waarom God mishandeling toelaat nie. Ek verstaan nie waarom kinders so intens moet swaarkry sonder dat daar enige mens is wat hierdie kinders red of help nie. Ek weet nie waarom God nie ingryp en mishandeling stopsit nie. Ek sal nooit voorgee dat ek antwoorde op vrae het waarmee jy so intens worstel

en stry nie. Ek ken egter die karakter van God. Sy karakter het na vore gekom deur die lewe van Jesus Christus. Christus het 'n liggaam van 'n mens aangeneem en was net soos ek en jy ten volle blootgestel aan die wrede aanslag van Satan. Hy het ook beleef wat jy beleef het en selfs nog veel meer. Hy was ook gekonfronteer deur die leuen en hy was ook aan bomenslike pyn blootgestel. Hy weet van alles en Hy kan verstaan wat niemand anders kan verstaan nie en daarom verstaan Hy jou. Dit is Hy alleen wat jou kan help om die waarheid en die leun van mekaar te onderskei. In plaas daarvan om te vra, 'waarom Here,' moet jy eerder vra, 'wie is U, Here?'

Die Waarom het God dit toegelaat? Moet vervang word met: Wie is God? Wat is Sy karaktereienskappe? Hoe voel Hy oor mense wat getraumatiseer en onregverdig behandel en verneder is? Wat hierdie vrae betref, bied die Bybel genoegsame antwoorde.

5.2.2.5 Aggressie

- Aggressie en woede moet in perspektief geplaas word en daar moet verduidelik word dat dit nie iets is wat noodwendig verkeerd is nie. Die feit dat die mens die emosie van woede en ontsteltenis kan ervaar, is deel van God se skepping van die menslike liggaam. God is ook kwaad oor wat met hierdie persoon gebeur het omdat God die sonde haat (vergelyk 1.4.6.1). Selfs Jesus Christus het by geleentheid kwaad geword (Mark. 3:1-5). Die gemolesteerde moet gevolglik begelei word om aggressie te gebruik tot voordeel van haarself. Sy moet leer uit dit wat sy ervaar het en gevolglik die toorn gebruik om haarself te motiveer om te verander.
- Sy moet ook aangemoedig word om haar aggressie te ontlont. (vergelyk 3.3.3.5). As aggressie nie ontlont word nie, sit dit oor in bitterheid, wat soos kanker aan die siel kan vreet.
- Dit is noodsaaklik dat sy sal besef dat dit moontlik is om kwaad te word en dan 'n innerlike besluit te neem om daarvan ontslae te raak. Die volgende riglyne kan in hierdie verband van hulp wees:
 - * Rollespel tussen berader en beradene kan gedoen word. Die berader speel dan die rol van die oortreder en die gemolesteerde kan dan haar uitspreek teenoor die oortreder met betrekking tot dit wat aan haar gedoen

is.

- * Sy kan ook 'n brief aan die oortreder skryf wat nie noodwendig gepos moet word nie.
- * Sy kan ook 'n foto van die oortreder op die ouderdom wat hy was toe hy teenoor haar oortree het, gebruik (indien dit beskikbaar is) en uiting gee aan haar gevoelens ooreenkomstig die foto.
- * Sy kan 'n gedig of 'n lied skryf wat haar aggressie uitbeeld.
- * Sy kan 'n kussing of 'n slaansak slaan.
- Dit is vir die slagoffer nodig om eers te besef wat aan haar gedoen is en hoe kwaad sy regtig is, voordat oorgegaan kan word tot ware vergifnis.
- Hierdie stadia is van die uiters belang, aangesien enige onderliggende aggressie na die oppervlakte moet kom voordat ware vergifnis kan plaasvind (vergelyk Stoop, *et al.*, 1996:223).
- Tydens die terapieproses is dit uiters noodsaaklikheid dat die slagoffer na haarself moet omsien. Sy moet rus, fisies aktief raak en ook reg eet en drink.

5.2.2.6 Angs

Dit is slegs in verhouding tot ander moontlik om te leer om sonder angs te leef. Om in 'n verhouding te staan met iemand wat vertrou kan word en wat seksuele mishandeling verstaan, kan fenomenale positiewe gevolge hê vir die seksueel gemolesteerde vrou in haar reis onderweg na heling. Dit is juis hier waar die kerkgemeenskap van onskatbare waarde kan wees.

Tydens die terapieproses is dit belangrik dat elke stukkies angs uitgespreek moet word. Hierdie proses kan aangehelp word deur aspekte soos die volgende:

- Deur 'n dagboek aan te hou;
- deur 'n collage te maak;
- deur 'n gedig te skryf;
- deur 'n aksie soos 'n dans uit te voer waardeur die angs verdryf kan word;
- om byvoorbeeld met klei 'n beeld van die angs te modelleer.

Omdat angste heel dikwels ook die verhouding met God vertroebel, kan verdere riglyne soos die volgende van hulp wees:

- Bely jou angste en vrese teenoor God en vra Hom om jou daarvan te verlos. Moenie jou vrese ontken nie. As jy tot God nader sal Hy tot jou nader. Die volgende gebed kan gebid word: *Here ek bely my angste en vrese voor U en bely dat dit 'n sonde is. Here ek vra dat U my sal vergewe. Versterk my geloof in U en in U woord. Ek weerstaan die vrees en angste in die Naam van Jesus Christus. Dankie Almagtige God dat U nie vir my 'n gees van vreesagtigheid gegee het nie maar van krag, liefde en selfbeheersing. Vul my met U liefde en verdryf al my ongeloof. Amen.*
- Bring lof aan God. Dit moet hoorbaar vir jouself wees. Sing tot die Here. Dank Hom vir sy liefde. Die liefde vir God kan nie deur vrees oorweldig word nie.
- Poog om God volkome te vertrou en besluit om elkeen van Sy beloftes vir jou toe te eien. Neem een belofte en sê dit deur die dag hardop vir jouself. Lees daaglik Psalm 91 hardop.
- Van die berader se kant kan daar vir die beradene in gebed getree word. In hierdie verband is 'n gedeelte soos Ps.139:8-10 besonder toepaslik.

5.2.2.7 Skuldgevoelens

- Skuldgevoelens speel gewoonlik 'n groot rol. Soos geblyk het uit die empiriese ondersoek, voel baie van die slagoffers dat hulle medeverantwoordelik was vir die molestering en dat hulle in 'n sekere sin 'n aandeel daaraan gehad het (vergelyk 4.7.1). Hierdie skuldgevoelens het dan ook daartoe gelei dat die persone nie om hulp aangeklop het nie. Twee van die respondente het egter so ver gegaan as om die hulp van spiritualiste in te win ten einde van die skuldgevoelens verlos te word (vergelyk 4.7.1.).
- Daar behoort aan die slagoffer te verduidelik dat sy nie die oorsaak van die seksuele misdrywe teen haar was nie. Talle slagoffers het egter wel behoefte aan vergifnis en in hierdie opsig kan saam met so 'n persoon gebid word sodat sy dan sodoende verseker kan word van God se vergifnis.
- Die proses van die onderskeiding tussen ware en gewaande skuld kan ook aan

die beradene verduidelik word, aangesien talle persone hiermee worstel (vergelyk 3.3.2).

- Gewaande skuldgevoelens ontstaan wanneer daar na die aantygings van Satan geluister word en die slagoffer haarself daarvoor blameer. Johnson (1988:46) gee in hierdie verband die volgende riglyne:

Ware skuld	Gewaande skuld
Die Heilige Gees	Satan
Bring oortuiging gegrond op die waarheid	Bring verdoeming gegrond op leuens
Geestelike groei is die doelwit	Geestelike ondergang is die doelwit
Hy belig 'n spesifieke sonde wat nog nie vergewe is nie	Hy belig sondes van die verlede wat reeds vergewe is
Slagoffer se reaksie: "Ja, ek het verkeerd gedoen. Ek het berou en bely, ek is jammer - vergewe my asseblief."	Slagoffer se reaksie: Magteloosheid en 'n gevoel dat die situasie hopeloos is. Die slagoffer weet nie waar om te begin verander nie. Al word daar vergifnis gevra, kom daar nie vrede in die gemoed nie.
God skenk genade, vergifnis, liefde wat lei tot vrede, vrymaking, die wete dat God my liefhet, en vreugde.	Satan beskuldig deurgaans, en dit lei tot mislukking, hopeloosheid, minderwaardigheid, wanhoop, fisieke moegheid en emosionele en geestelike uitputting en 'n volgehoue gebrek aan vrede.

Bovermelde onderskeid kan verduidelik word en dit kan die persoon help om helderheid oor hierdie saak te verkry.

5.2.2.8 Skaamte

By die gemolesteerde speel *skaamte* in die algemeen 'n groot rol – veral met betrekking tot haar latere belewenis van seksualiteit in die algemeen. Seksuele probleme wat later na vore mag kom kan dan ook dikwels verband hou met hierdie dieperliggende gevoel van skaamte. Skaamte is dikwels dan ook die oorsaak dat hierdie persoon oningelig bly met betrekking tot basiese seksuele aangeleenthede. Dit kan ook lei tot 'n verlies aan respek vir die eie persoon sowel as vir ander.

Om van seksuele skaamte genees te word is dit nodig dat die berader die oorspronklike boodskap van wat God vir Sy kind rakende seksualiteit beplan het, te verduidelik. Basiese feite oor seksuele aspekte sal hier aan die orde gestel moet word.

5.2.3 Seksterapie

Algemene seksuele probleme moet eers onder die loep geneem word in individuele terapie. Eers in die finale stadia van terapie kan die slagoffer se eggenoot betrek word (Langberg, 2005:7).

5.2.3.1 Herdefiniëring van seksuele probleme

By die pastorale begeleiding van seksueel gemolesteerde vroue behoort aandag geskenk te word aan die feit dat in talle gevalle so 'n persoon in 'n later stadium in die huwelik seksueel verkeer om nie-seksuele redes, byvoorbeeld intimiteit, emosionele nabyheid, aanvaarding en toewyding (*commitment*). Gemolesteerde vroue het heel dikwels ook 'n vrees vir intimiteit indien geen begeleiding nog plaasgevind het nie.

Die feit dat die molestering traumaties was, het meegebring dat die slagoffer haar emosies *afgesluit* het. As gevolg hiervan is dit vir so 'n persoon later in die algemeen baie moeilik om intiem te verkeer. In die bespreking wat volg, sal daar aandag gegee word aan praktiese riglyne wat tydens die begeleidingsproses bespreek kan word.

5.2.3.2 Identifiseer die impak van molestering

Die beradene moet begelei word ten einde die impak van molestering op haar

seksuele funksionering te kan identifiseer.

- Verstaan hoe hierdie *spontane reaksies* verband kan hou met molestering. Leer om spontane reaksies te beheer en leer hulle ook ken deur simptome soos angs, paniek en spontane orgasmes.
- Herken spesifieke snellers, terugflitse en gevolge van dissosiasie wat verband hou met die molestering. Die berader kan die vierstap-metode en ook rollespel aanwend. Stel vas wat die verband is tussen seksuele response nou (byvoorbeeld buite-egtelike seksuele verhouding of seksuele fantasie) en die molestering.
- Dit is belangrik om na die wortel van spesifieke seksuele probleme te soek.
- Die gemolesteerde vrou behoort haar onaanvaarbare seksuele gedrag wat duidelik met die seksuele misbruik verband hou, te beëindig. By geleentheid gaan dit selfs nodig wees om 'n tyd lank seksuele onthouding toe te pas (vergelyk Maltz, 1991:60-65).

5.2.3.3 Besef dat daar 'n seksuele probleem is

Daar behoort gekyk te word na die tien vernaamste seksuele simptome van seksuele misbruik (vergelyk 3.5). Indien enige 'innerlike verbond' gesluit is moet aandag daaraan gegee word. Alhoewel dit moontlik vir haar onbeduidend mag voorkom, kan aan haar verduidelik word dat sodanige optrede dikwels onbewus plaasvind. Indien dit wel plaasgevind het, moet dit uitgespreek word en ook teenoor die Here bely word. (vergelyk 3.5). Om verdere probleme meer spesifiek te identifiseer kan in samewerking met die persoon deur die volgende seksuele inventaris gewerk word:

- Houdings teenoor seks

Omdat seksuele misbruik 'n negatiewe denkpatroon ten opsigte van seks tot gevolg het, is dit vir die slagoffer moeilik om tussen seks wat mishandel en seks wat uit liefde gegee word, te onderskei. Hierdie denkpatroon beïnvloed elke aspek van die slagoffer se seksualiteit, soos haar seksuele drif, seksuele uitdrukking, seksuele rol, haar intieme verhoudings, kennis van seksuele funksionering en haar opvatting van moraliteit. Om te bepaal hoe sy deur hierdie denkpatroon beïnvloed word, kan die volgende aspekte met haar

bespreek word:

- * Voel jy dat seks 'n plig is wat jy moet nakom?
 - * Voel jy dat seks iets is wat jy doen om iets anders te kry in ruil daarvoor?
 - * Voel jy dat een persoon gewoonlik tydens geslagsomgang wen, terwyl die ander een verloor?
 - * Seks laat my vuil voel.
 - * Seks is geheimsinnig.
 - * Seks is gelykstaande aan seksuele mishandeling.
 - * Beheer kan nie oor seksuele energie uitgeoefen word nie.
 - * Seks maak my seer.
 - * Seks is of iets wat jy gee of ontvang.
 - * Seks gee aan jou die vermoë om die ander persoon te beheer.
 - * Seks is al wat saak maak.
 - * Seks het 'n groter voordeel vir mans as vir vroue.
 - * Mense het geen verantwoordelikheid teenoor mekaar tydens seks nie.
 - * Seksuele behoeftes maak dat mense belaglik optree.
 - * Mans het die reg om seks van vroue te eis.
 - * Seks is gevaarlik.
 - * Seks kan gebruik word om smart te verdryf.
 - * Seks is vernederend vir my en ook vir ander.
 - * Seks is verslawend.
 - * Seks is 'n speletjie.
 - * Seks is noodsaaklik om liefde te ontvang.
- Seksuele Selfkonsep
- Seksuele mishandeling het dikwels 'n groot invloed op die selfbeeld van die slagoffer, asook die wyse waarop sy seksueel dink ten opsigte van haarself.

Stellings en vrae soos die volgende kan help om probleemaspekte rakende hierdie area te identifiseer:

- * Dit is maklik om my seksueel te teister.
- * My seksualiteit is walglik.
- * Daar is iets verkeerd met my seksualiteit.
- * Ek voel deurmekaar oor my seksuele oriëntasie.
- * Ek is bang dat ek beheer sal verloor as ek my toelaat om my seksueel volkome uit te leef.
- * Ek beleef myself altyd as seksueel.
- * Ek voel soos 'n slagoffer tydens geslagsomgang.
- * Ek is seksueel ontoereikend.
- * In sekere dele van my geslagsorgane het ek geensins gevoel nie.
- * Ek begeer seks om die verkeerde redes.
- * Ek moet tydens gemeenskap in beheer bly.
- * Ek het nie die reg om my liggaam vir enige seksuele maat te weier nie.
- * Ek sal alleenlik liefde ontvang in die mate wat ek my seksueel gee.
- * Ek is te seksueel.
- * My primêre doel is om my man seksueel te bedien.
- * As ek seks wil hê, stel dit my op gelyke voet met 'n seksuele oortreder.
- * Dit is my skuld dat ek seksueel mishandel is.
- * Ek verdien alles wat seksueel aan my gedoen word.
- * Ek wens ek was van die teenoorgestelde geslag.
- * Ek is minderwaardig teenoor ander as gevolg van my seksuele verlede.
- * Ek is vernielde goedere.
- * Dit is maklik om my seksueel te oorheers.
- * Ek is op my gelukkigste in 'n wêreld waar seks nie voorkom nie.

- * Ek kan nie in 'n wêreld sonder seks bestaan nie.
- * Ek is 'n seksuele akteur.
- * Daar is sekere dinge wat ek seksueel gedoen het waarvoor ek myself nooit kan vergewe nie.
- * Ek is seksueel siek.
- * Ek kan net liefde ontvang vir wat ek seksueel doen en nie vir wie ek is nie.
- * Ek is 'n seksuele objek.
- Spontane reaksies tydens seksuele omgang
 - * Ek is bang vir seks.
 - * Ek het geen begeerte om seksueel te verkeer nie.
 - * Ek is bang vir sekere geslagsdele
 - * Ek dink die voortdurend aan seks.
 - * Ek ontrek as die moontlikheid ontstaan dat ek seksueel moet verkeer.
 - * Ek word geteister met denke wat ek nie kan beheer nie.
 - * Ek soek uitermate na geleenthede om seksueel te verkeer.
 - * Ek glo dat as iemand aan my wil vat, hy geslagsomgang met my wil hê.
 - * Ek verloor die mag om myself te beskerm as ander my seksueel nader.
 - * Ek het ongesonde seksuele behoeftes.
 - * Ek kry terugflitse tydens geslagsomgang.
 - * Ongewenste fantasie meng in tydens seksuele verkeer.
 - * Ek word gestimuleer deur die gedagte dat seks seermaak.
 - * Ek raak paniekgevange wanneer iemand aan my vat.
 - * Ek voel emosioneel afgesluit tydens geslagsomgang.
 - * Ek voel verwyderd van my liggaam tydens geslagsomgang.
 - * Ek beleef negatiewe gevoelens en simptome soos angs, vrees, skuld en naarheid tydens geslagsomgang.

- * Ek raak seksueel gestimuleer wanneer ek nie wil wees nie.
- * Ek voel emosioneel seergemaak na geslagsomgang.
- * Ek is baie sensitief vir sekere klanke, reuke of sensasies tydens geslagsomgang.
- Seksuele gedrag
 - * Ek isoleer my sosiaal van ander.
 - * Dit is vir my onmoontlik om geslagsomgang te inisieer.
 - * Ek vermy alle situasies wat aanleiding kan gee tot geslagsomgang.
 - * Ek voel dat daar geen fisiese grense is wanneer ek geslagsomgang beoefen nie.
 - * Ek moet onder die invloed van dwelms of drank wees voordat ek geslagsomgang kan geniet.
 - * Ek bestee geld om geslagsomgang te kan hê.
 - * Ek is nie seker wanneer en hoe ek geslagsomgang moet hê nie.
 - * Ek is by medies gevaarlike geslagsomgang betrokke - ek tref geen voorsorg teen vigs of onbeplande swangerskap nie.
 - * Ek beoefen geslagsomgang ter wille van ekonomiese welstand.
 - * Ek het tot dusver meer seksuele maats gehad as wat goed was om te hê.
 - * Ek tree seksueel op sodat dit ander seermaak.
 - * Ek manipuleer ander sodat hulle geslagsomgang met my kan hê.
 - * Ek het meer as een seksuele maat met 'n slag.
 - * Ek het seksuele maats wat primêr by iemand anders betrokke is.
 - * Ek gebruik fantasering ten opsigte van seksuele misbruik om seksueel gestimuleer te kan raak.
 - * Ek jaag sekere seksuele gedrag slaafs na.
 - * Ek moet voortdurend masturbeer.
 - * Ek is by geheimsinnige seksuele gedrag betrokke.

- * Ek is by seksuele gedrag wat my skade kan aandoen, betrokke.
- * Ek beoefen geslagsomgang wanneer ek nie wil nie.
- * Ek is nie baie seker wat is reg en verkeerd tydens die uitgaanfase van 'n verhouding nie.
- * Ek gebruik pornografiese literatuur van seksuele mishandeling om seksueel gestimuleer te word.
- * Ek kan nie sê vir persone wat my seksueel teen my wil betas.
- Intieme verhoudings
 - * Ek voel aangetrokke tot persone wat seks van my eis.
 - * Ek is bang om emosioneel in 'n verhouding blootgestel te word.
 - * Ek kan nie 'n verhouding opbou met iemand wat goed teenoor my optree nie.
 - * Intieme verhoudings slaag nooit nie.
 - * Dit is moeilik om tegelykertyd intiem en seksueel te verkeer.
 - * Ek kan nie my man vertrou en werklik glo dat hy getrou aan my sal wees nie.
 - * Ek steek my werklike gevoelens weg in 'n intieme verhouding.
 - * My man sal my verwerp as hy regtig weet van my verlede.
 - * Ek kan nie geslagsomgang inisieer nie.
 - * My man is konstant ongelukkig met ons seksuele verhouding.
 - * Ons verhouding sal oor wees as ons ophou om geslagsomgang te hê.
 - * Dit is vir my onmoontlik om aan een seksuele maat getrou te bly.
 - * My man herinner my aan die persoon wat my seksueel mishandel het.
 - * Direk na geslagsomgang wil ek van my man wegvlug.
 - * My man voel seksueel verwerp deur my.
 - * My man voel dat ek seksuele druk op hom plaas.

- * Dit is vir my moeilik om my seksuele behoeftes aan my man oor te dra
- * Ek is bang om emosioneel naby my man te wees.
- Probleme met seksuele funksionering
 - * Dit is moeilik om seksueel opgewek te raak.
 - * Dit is moeilik om seksuele sensasies te beleef.
 - * Ek hou nie daarvan dat daar aan my genitale area geraak word nie.
 - * Dit is moeilik om 'n orgasme te bereik as my man my masterbeer.
 - * Ek kan nie 'n orgasme bereik as ek omgang met my man het nie.
 - * Ek het geen behoefte na geslagsomgang nie.
 - * Ek is geneig om seksuele omgang volkome te beheer.
 - * Daar is 'n groter verband tussen 'n orgasme en die behoefte om van spanning ontslae te raak as tussen 'n orgasme en plesier.
 - * Orgasmes verskaf my geen plesier nie.
 - * Geslagsomgang in die algemeen verskaf geen plesier of genot nie.
 - * Ek hou nie daarvan as my man aan my borste vat nie.
 - * Penetrasie van die vagina is onmoontlik.
 - * Ek beleef pyn en ongemak tydens vaginale penetrasie.
 - * Ek ervaar gereeld voortydige orgasmes.

Die lys voorafgaande vrae kan die berader help om sekere probleemareas meer spesifiek te identifiseer. Nadat sulke aspekte dan baie duidelik na vore gekom het kan meer spesifieke aandag hieraan gegee word. Die reaksie op hierdie vrae mag selfs aandui dat die betrokke persoon verwys moet word vir gespesialiseerde hulp ten opsigte van sekere kritieke aspekte.

- Eien weer jou seksualiteit toe

Elke slagoffer se rede vir seksuele herstel verskil. Dikwels weet hierdie vroue nie werklik wat hulle wil hê nie, aangesien daar tydens die molestering nooit keuses aan hulle gelaat is nie. Dit sal dus nodig wees om die volgende aspekte

met hulle te bespreek sodat hulle daarmee kan identifiseer.

Redes waarom jy graag jou seksualiteit wil terugwin:

- * Ek wil graag 'n positiewe beeld van seks hê.
- * Ek wil 'n goeie gevoel rakende my eie seksualiteit hê.
- * Ek wil my spontane reaksies tydens seks kan beheer.
- * Ek wil by gesonde seksuele praktyke betrokke wees.
- * Ek wil 'n intieme verhouding met my man hê.
- * Ek wil aandag skenk aan spesifieke seksuele probleme.
- * Ek wil die invloed van die verlede op myself uitkanselleer.

In hierdie proses is dit ook belangrik dat enige vrese geïdentifiseer moet word wat moontlike struikelblokke vir die genesingsproses kan oplewer - daarna kan realistiese doelwitte gestel word.

Wat van belang is, is dat die slagoffer moet besef dat sy haar seksualiteit vir haar moet toeëien. Om dit terug te win, beteken egter nie dat sy self nou aggressief en mishandelend teenoor haar lewensmaat moet optree nie. Tydens seksuele herstel behoort beide die slagoffer en die eggenoot se gevoelens in ag geneem te word.

Die slagoffer behoort haarself daaraan te herinner dat sy die persoon in haar liggaam is; sy is die een met sensitiewe liggaamsdele en sy behoort beheer te hê oor hoe daarmee omgegaan word.

5.2.4 Stel die leuen aan die kaak

- Skenk aandag aan die interne gesprek

Dit is belangrik dat die berader aandag moet gee aan die interne gesprek waarmee die gemolesteerde dikwels besig is. Onwaarhede moet verwerp word en vervang word met waarhede. Op hierdie wyse word nuwe betekenis aan die seksuele gegee. Identifiseer valse idees aangaande seks, soos:

- * Seks kan nie beheer word nie.
- * Seks is 'n kommoditeit.

- * Seks maak net seer.
- * Seks is geheimsinnig.
- * Seks het geen morele grense nie.

Die slagoffer moet op hoogte gebring word ten opsigte van gesonde idees oor seks:

- * Seks is 'n natuurlike biologiese drif.
- * Seks het 'n terapeutiese waarde.
- * Seks maak deel uit van die lewe.
- * Seks behoort op 'n verantwoordelike wyse hanteer en ook deurdink te word (vergelyk 2.6.7).
- * Seks is veronderstel om 'n uitdrukking van liefde binne die huwelik te wees (vergelyk 2.6.7).
- * Seksuele belewenisse saam met 'n huweliksmaat is 'n wonderlike ervaring wat deel van God se plan vir die huwelik is (vergelyk 2.6.7).

Sodra die gemolesteerde besef dat dit wat sy tydens haar kinderdae beleef het nie die ware prentjie rakende seksualiteit is nie, en dan ook begin om 'n nuwe betekenis aan die seksuele te gee, het haar reis onderweg na seksuele herstel begin.

- 'n Veranderde houding teenoor seks

Dit is verder belangrik dat die gemolesteerde haar houding teenoor seks moet verander. In hierdie opsig is taalgebruik met betrekking tot seks byvoorbeeld belangrik en in hierdie geval sal ook sekere aanpassings gemaak moet word. Verdere riglyne met betrekking tot hierdie geval aspek is die volgende:

- * Laat die gemolesteerde vrou vir haarself neerskryf wat sy van seks verwag.
- * 'n Collage kan ook gemaak word van hoe sy altyd seks gesien het en wat sy nou van seks verwag.

- Onderskeid tussen gesonde seks en seks wat misbruik

Die onderskeid tussen hierdie twee aspekte moet duidelik deur die berader

uitgewys word. Riglyne uit die Woord kan hier toegepas word (vergelyk Hoofstukke 2 en 3 van hierdie studie). Belangrike aspekte in hierdie verband is dan die volgende:

- * In die lig van die Woord van God word die leuen van Satan telkens uitgewys.
- * Onderskei tussen die stem van God, jou eie en dié van die oortreder (negatiewe dinge wat die oortreder byvoorbeeld telkens aan die gemolesteerde gesê het en wat bly vassteek het).
- * Molestering word ook uitgebeeld vir wat dit is. Satan wat die vader van die leuen is, speel 'n groot rol hierin en dit lei dikwels tot 'n intense stryd in die gemoed van die gemolesteerde.
- * God is waarheid en daar is geen leun in Hom nie, en Sy waarheid moet toegelaat word om orals deur te dring. Daarom moet daar voortdurend gebid word dat hierdie waarheid sal seëvier.
- * Wat molestering werklik behels, asook die gevolge daarvan, moet baie duidelik uitgewys word (vergelyk 2.4.7). Wanneer byvoorbeeld na Tamar se verhaal in die Bybel gekyk word, kom belangrike beginsels na vore (vergelyk 2.4.8.2). In hierdie verhaal kan geleer word wat God nie vir die vrou beplan het ten opsigte van seksualiteit nie. Die emosionele belewenisse van die vroue kan deurgetrek word na vroue van vandag wat seksueel misbruik is (vergelyk 2.4.5).
- * Die waarheid van dit wat God se plan met betrekking tot seksualiteit wel is, blyk aan die ander kant weer baie duidelik uit 'n gedeelte soos 1 Kor 7:1-5 (vergelyk 2.6.7).
- * Jesus Christus wat die kruisdood deurgemaak het, verstaan die hart van die slagoffer. Christus weet hoe dit is om mishandel te word. Hy weet van alles wat die gemolesteerde beleef.

5.2.5 Verkeerde standpunte rakende persoonlike waarde

- Tipiese leuens soos die volgende moet reggestel word:

- * Ek is in wese sleg omdat ek iets uit die molestering gekry het en op 'n sekere wyse opgetree het na die molestering
- * Ek is 'n seksuele objek; ek het my individuele identiteit verloor; ek is daar om seksuele plesier aan ander te verskaf; ek word maklik deur ander beheer.
- * Ek is vernielde goedere; ek is die name wat die oortreder my genoem het; ek is dit wat aan my gedoen is; ek is minder vrou as gevolg van die molestering; ek het permanente fisiese skade opgedoen as gevolg van die mishandeling.
- * Ek hou nie van my geslag nie; daar is 'n groot verskil tussen my en ander van dieselfde geslag; ek sal altyd verward voel oor my seksuele oriëntasie.

- **Seksuele selfbeeld**

Om die seksuele selfbeeld van die gemolesteerde te herstel is dit noodsaaklik dat sy vrede moet maak met haarself en haar tydens gebed ook ten volle moet oopstel vir die waarheid van God se Woord. Wanneer al die leuens van die verlede op die agtergrond begin skuif, moet sy uiteindelik vir haarself die volgende kan sê:

- * Die seksuele molestering is nie jou fout nie.
- * Jy is 'n waardevolle en goeie persoon.
- * Jy verdien nie wat met jou gebeur het nie.
- * Jy is nie sleg omdat dit met jou gebeur het nie.
- * Jou gevoelens en reaksies tydens die molestering was normaal.
- * Jou seksuele energie is goed en is deur God geskape en dit staan verwyderd van jou mishandeling (vergelyk 2.6.7).
- * Jy is n sterk vrou.
- * As jy jou pyn aan God erken en ook teenoor ander, sal jy gesond word.
- * Jy is nie meer alleen nie.

Die beradene moet aangemoedig word om elkeen van hierdie punte te

verpersoonlik en op haarself toe te pas. So moet sy byvoorbeeld kan sê, “Ek (naam) is ‘n waardevolle persoon,” en “Ek is ‘n sterk vrou”. Die oefening kan daaglik herhaal word.

5.2.6 Liggaamsbeeld van die gemolesteerde

Die gemolesteerde moet in talle gevalle weer van nuuts af aan leer om kontak en ook vrede met haar liggaam te maak. Praktiese riglyne in hierdie verband is die volgende:

- Sy kan ‘n skets maak van haar liggaam en aantoon watter dele van haar liggaam is tydens die mishandeling seergemaak. Dit kan uiters terapeuties inwerk, en dit kan ook met baie emosies gepaard gaan.
- Sy kan probeer om in woorde uit te druk hoe sy met betrekking tot sekere gedeeltes van haar liggaam voel.
- Die volgende stap impliseer dat sy die ‘verlore dele’ van haar liggaam weer terugwen deur in ‘n denkbeeldige gesprek met hulle te tree. So sal sy dalk ook agterkom dat sy dele van haar liggaam verkwalik vir die molestering.
- Verder moet sy aangemoedig word om met sorg na haar liggaam om te sien – dit sal onder andere meer fisiese aktiwiteite insluit. Namate sy in hierdie proses meer ontdek waartoe haar liggaam in staat is, help dit haar om weer respek vir haar liggaam op te bou.
- Sy moet verder ook begelei word in die proses om weer haar persoonlike ruimte te vind en grense vir haarself te kan stel. Gemolesteerds ondervind dikwels ‘n algehele gebrek aan perke en gesonde begrip met betrekking tot persoonlike ruimte, juis as gevolg van die mishandeling.

5.2.6.1 Leuens met betrekking tot haar liggaam

Die leuens met betrekking tot haar liggaam behoort aan die kaak gestel te word. Hierdie persoon is in die algemeen geneig om te glo dat haar liggaam haar in die steek gelaat het. Sy moet egter telkens ten volle deur die waarheid met betrekking tot haar liggaam gekonfronteer word (vergelyk 3.4). Die waarheid aangaande haar liggaam behels onder andere die volgende:

- Dat haar liggaam vir God kosbaar is en dat hy in haar liggaam wil woon (1 Kor.

6:19-20) (vergelyk 2.5.4 en 2.5.8);

- Dat haar liggaam mooi gemaak is (Psalm 139).

Sy moet ook leer om weer haar liggaam lief te kry. So sal sy byvoorbeeld slegs iets kleins aan haar liggaam vind wat mooi is. Sy kan God loof en dank daarvoor. As dit vir haar aanvanklik moeilik is, kan sy fokus op hoe goed die liggaam funksioneer. Die uiteindelijke doel is dat sy vrede moet maak met haar liggaam.

Langberg (1999:147) beveel byvoorbeeld in hierdie verband aan dat die beeld van Christus gebruik kan word om die relevansie en belangrikheid van die liggaam uit te beeld. Christus wat alwetend God is, het 'n mens geword en 'n liggaam gehad wat niemand wou hê nie (Jes 53:2). Hy was geslaan en verneder (Jes 53:4). Hy het ook pyn en vernedering beleef. Hulle het sy klere geneem toe hulle hom gekruisig het... Hy is verneder. Christus wil ook nou in sy kinders se liggame bly – liggame wat tempels is van die Heilige Gees, en geen mate van mishandeling kan hierdie feit wegneem nie. Op hierdie liggame word daar nie neergesien nie, want dit het baie waarde. Die liggaam is die medium waardeur Christus sy karakter deur jou openbaar. Weet dus dat Christus jou kan verander. Die liggaam het ewigheidswaarde en is kosbaar vir God (vergelyk 2.5.8).

5.2.6.2 Om in haar liggaam te bly

As gevolg van die impak van molestering is daar dikwels by gemolesteerdes die tendens om hulle van hul liggame te distansieer in 'n poging om die trauma te hanteer. Die beradene moet gevolglik aangemoedig word om weer 'in haar liggaam' te leef. As sy bewus daarvan raak dat sy haar liggaam verlaat moet sy stapsgewys vasstel waarom sy dit gedoen het. Iets het haar moontlik angstig gemaak en onbewus herinner aan die molestering. Sy kan haarself daaraan herinner dat die situasie waarin sy tans is, verskil van dié van die molestering. Sy kan ook aangemoedig word om tydens sulke insidente tot gebed oor te gaan en God te vertrou vir innerlike kalmte en balans.

Wat verder van belang is, is dat sy die besluit moet neem dat sy weer een wil word met haar liggaam. Oefeninge soos die volgende kan in hierdie verband van hulp wees:

- Sit in die son en voel hoe dit op jou gesig skyn. Sê hoe dit voel – watter aspekte

omtrent hierdie ervaring is vir jou aangenaam en wat is vir jou onaangenaam?

- Dit help ook om aan die liggaam te dink as 'n huis. Die mense wat deur God gegee is om na die huis om te sien (ouers en opvoeders) het die huis verniel en gate daarin geslaan - hulle het dit uitmekaar gebreek. Te midde van al die seer het Jesus Christus egter aangebied om die Skrynwerker in my huis te wees. Hy wag dat ek Hom sal uitnoui om hierdie taak te vervul. Ek het gebid en hy het ingetrek en stadigaan hierdie huis van binne begin herstel. Hy het my geleer om die huis te restoureer en te herstel. Hy het my ook geleer dat hierdie huis kosbaar is en dat dit belangrik is om die huis te beskerm en op te pas.
- Moedig die slagoffer aan om spesifiek God te dank vir dit wat sy as positief ten opsigte van haar liggaam ervaar. Aanvanklik sal sy byvoorbeeld eers net kan konsentreer op die funksionaliteit van haar liggaam. Sy sal die Here kan dank vir die feit dat haar liggaam kan praat, dat sy kan loop, hoor en sien - dat sy kon kinders baar en dat sy deur haar liggaam netjies kan wees. Wanneer sy dan op enige punt negatiewe gedagtes ervaar, kan sy dit weerstaan. [Iemand soos Tamar was na haar molestering byvoorbeeld nie die voorreg gegun om in die huwelik te tree en kinders te baar nie].
- Praktiese oefeninge soos die volgende kan die persoon help om uiteindelik beter te voel oor haar liggaam:
 - * Doen strekoefeninge
 - * Lê en haal diep asem - voel hoe jou liggaam ontspan.
 - * Skakel musiek aan en doen bewegings op maat van die musiek.
 - * Begin met oefeninge, swem, hardloop of stap in die natuur.
 - * Sluit by 'n groep aan waar die klem op fisiese beweging is soos dans of gimnastiek

5.2.7 Spontane reaksies

Juis omdat spontane reaksies so ontstellend, onvoorspelbaar en angswekkend is, is slagoffers dikwels skaam oor hulle reaksies en raak hulle ook maklik antagonisties hieroor. In sulke gevalle sal dit belangrik wees dat die tipiese verdedigings-

meganismes aan die persoon verduidelik moet word (vergelyk 3.5).

Dit sal byvoorbeeld nodig wees om vas te stel wat telkens die spontane reaksie stimuleer of sneller. So sal dit dalk iets in die vertrek wees of die manier waarop haar man haar vashou wat haar aan die molestering of verkragting herinner. Soms is dit egter moeilik om spesifiek vas te stel wat die oorsaak is vanweë verdedigingsmeganismes soos opsetlike vergeet en dissosiasie.

- Vrae soos die volgende kan egter help om moontlike leidrade te identifiseer:
 - * Hoe sal jy jouself beskryf ten tye van die molestering: Ouderdom? Gewig? Lengte? Hoe het jy gely? Kleredrag? Hoe het jy gevoel tydens die molestering?
 - * Waar was jy tydens die molestering: Tyd van die dag? Seisoen van die jaar? Was dit vakansie? Wat was die temperatuur? Beskryf waar jy was? Watter spesifieke objekte het jou aandag getrek? Enige klanke, reuke of iets visueels wat jou opgeval het?
 - * Hoe sal jy die oortreder beskryf: Hoe het hy gelyk? Hoe het hy beweeg? Het hy gerook of gedrink? Watter uitstaande kenmerke het jou opgeval? Stem, reuke en klanke?
 - * Hoe was jou verhouding met die oortreder tydens die molestering? Was die oortreder 'n vreemdeling voor die molestering? Hoe het jy aanvanklik gevoel oor die oortreder? Wat sou jy die graagste van hom wou hê? Watter emosie het die oortreder die meeste in die molestering getoon? Hoe het die oortreder teenoor jou opgetree? Wat het die oortreder tydens die molestering gesê? Hoe het jy gevoel oor jou verhouding teenoor die oortreder tydens die molestering?
 - * Watter fisiese en seksuele belewenis het jy tydens die molestering ervaar? Watter tipe aanraking het jy tydens die molestering beleef? Hoe het hy jou aangeraak? Watter dele van jou liggaam is die meeste aangeraak? Hoe het die aanraking gevoel? Watter seksuele klanke, smake en reuke het jy beleef? Watter seksuele optrede het plaasgevind? Watter beserings het jy opgedoen? Watter seksuele reaksies het jy beleef?
 - * Wat het tydens die molestering binne jou liggaam gebeur? Hoe het jy

fisies gevoel (verlam, swak, nie teenwoordig nie, oorweldig, opgewonde, koud, slaperig)? Watter psigosomatiese reaksies het jy beleef? (flou word, braking, sweet, huil, spoeg, bewe en so meer).

- * Hoe het jy emosioneel gevoel tydens die molestering? Watter emosies het jy voor die molestering ervaar? Wat het jy emosioneel tydens die molestering beleef? Watter emosies het jy na die mishandeling ervaar?
- * Enige ander pertinente belewenisse wat nie hierbo vermeld is nie?
- Deur hierdie snellers te identifiseer en te uit te spreek raak dit uiteindelik toenemend makliker om dit te hanteer. Wanneer snellers na vore kom, kan die volgende stappe gedoen word:
 - * Stop, en raak bewus van wat besig is om te gebeur. Probeer vasstel wat die sneller veroorsaak het.
 - * Kalmeer jouself. Fokus op jou liggaam. Sit en kalmeer jou hartklop en neem stadige rustige asemteue. Herinner jouself daaraan dat jy veilig is en dat niemand jou kan seermaak nie.
 - * Herinner jouself aan jou huidige situasie - dit wat nou gebeur, verskil van dié van jou molestering. Herinner jouself aan hoe oud jy nou is, kyk na jouself - die seksuele oortreder kan jou nie nou seermaak nie.
 - * Kies 'n nuwe reaksie.
 - * Distansieer jou van die sneller. Onthou. As seksuele gedrag jou bang maak, kan jy dit stopsit.
 - * Verander die sneller - sodoende kan verandering aan 'n situasie aangebring word. As liefkosing deur drukkie die slagoffer sneller, kan geoefen word om op ander wyses liefde te betoon. Humor kan ook 'n belangrike rol speel in die ontlooting van snellers.
- Aanvaar die sneller asook jou spontane reaksie daarop. Kyk mooi na die fantasie en probeer vasstel wat dit wil sê. So is dit soms nodig om die reaksie te herbeleef sonder om in destruktiewe gedrag oor te gaan.
- Om ander spontane reaksies te hanteer kan:
 - * rolspel ook soms effektief toegepas word.

- * Soms is dit vir die berader nodig om die sneller in besonderhede uit te speel. Om dit te kan doen, moet die berader egter emosioneel en geestelik sterk wees. Die berader sal dan die rol van die slagoffer speel en die slagoffer sal die besonderhede wat sy beleef aan die berader oordra. Op hierdie wyse kan die berader die slagoffer dan begelei om al die emosionele en fisiese sensasies te beleef wat aan die sneller gekoppel is. Op hierdie wyse kan die slagoffer haar eie reaksie op 'n afstand waarneem. Dit gee ook aan haar die versekering dat sy nie al een is wat dit so beleef nie en die volle krag van die sneller word op hierdie wyse aansienlik beperk.

5.3 BEWEEG NA GESONDE SEKSUELE GEDRAG

5.3.1 Maak 'n einde aan nadelige seksuele gedrag

Dit is soms vir die slagoffer moeilik om verkeerde en nadelige seksuele gedrag prys te gee, juis omdat dit in sekere gevalle al so deel geword het van die persoon se lewe. So 'n persoon sal byvoorbeeld die vrees hê dat indien sy haar seksuele fantasieë moet prysgee, haar seksuele lewe dan futloos en vervelig sal raak. Riglyne wat in hierdie verband kan help, is die volgende:

- Die slagoffer moet vir haarself duidelik maak waarom sy van die nadelige seksuele gedrag wil afsien. Die nadele van die gedrag moet vir haar duidelik word. In hierdie proses moet haar fokus in die eerste plek wees op seksuele gedrag wat krimineel van aard is, asook op dit wat vir haar gesondheid nadelig is. Sy kan as kind van God ook die geskenk van seksualiteit in die lig van die woord ondersoek en juis dit gebruik as motivering vir gesonde seksuele gedrag (vergelyk 2.6.7).
- Die slagoffer moet in hierdie proses ondersteuning van 'n terapeut ontvang, veral omdat die verandering van nadelige seksuele gedrag normaalweg 'n lang proses is.
- Wees realisties ten opsigte van die beëindiging van negatiewe gedrag. Die slagoffer moet geduldig wees met haarself en ook na haarself omsien. Sy moet besef dat die heelwordproses tyd sal neem. Die seksuele herstelproses sal die

slagoffer deur 'n wipplank van emosies stuur en sy behoort ondersteun te word daarin.

- Leer om te voorkom om terug te val in nadelige seksuele gedrag en dit telkens as 'n kruk te gebruik. Die slagoffer moet haarself afvra watter nut die nadelige seks vir haar gehad het. Indien dit byvoorbeeld die rol vervul het om stres te hanteer, kan die berader haar wys hoe om oor die Woord te mediteer en sodoende verligting van die stres te ervaar. As dit vir sosiale kontak was, kan sy by 'n Bybelstudiegroep of die een of ander sosiale groep aansluit. Dit is dus noodsaaklik om gesonde alternatiewe te skep. Wanneer die slagoffer by geleentheid wel terug val op nadelige seksuele gedrag moet sy uit die situasie leer, aangesien daar baie inligting in die terugval opgesluit lêis.

5.3.2 Vakansie vry van seks

Om volkome los te kom van die gevolge van seksuele mishandeling is dit soms nodig dat 'n 'rusperiode' moet voorkom met betrekking tot seksuele aktiwiteite. Hier is dit van belang dat die huweliksmaats saam sal besluit oor hoe hierdie rustyd of 'vakansie' aangepak gaan word. Hier moet die huwelikspaar in harmonie kan saamstem oor die aspek van weerhouding soos aanbeveel word in Korintiërs (vergelyk 2.6.7). Daar moet verkieslik in die teenwoordigheid van 'n terapeut of berader hieroor besluit word. Die lengte van so 'n rustydperk sal verband hou met die intensiteit en gevolge van die aanvanklike molestering. Dit is nodig om die volgende aspekte te bespreek:

- Algehele weerhouding van seksuele aktiwiteit en intieme aanraking
- Weerhouding van seksuele aktiwiteite wat genitale stimulering en masturbering asook omgang insluit. Intieme aanraking, drukkies en soene word egter toegelaat.
- Weerhouding van seks, maar laat stimulering toe.
- Weerhouding van slegs sekere seksuele aktiwiteite.

Soms is dit 'n tydperk lank nodig dat slegs die slagoffer seksuele omgang kan vra wanneer sy die behoefte het. Dit gee aan haar die geleentheid om in beheer te wees van haar eie seksualiteit. Slagoffers van seksuele molestering het nooit die reg

gehad om 'n kind te wees nie en met die seksuele “vakansie” herwin sy ook haar verlore kindwees. In 'n sekere sin gee dit aan haar ook die geleentheid om haar 'maagdelikheid' terug te win.

Dit bied aan haar ook die geleentheid om te leer om te praat oor haar gevoelens asook om liefde te ontvang in al die ander dimensies van haar menswees (dus bo en behalwe die seksuele). Wanneer druk dus nie meer op hierdie persoon geplaas word om seksueel te moet funksioneer nie, gebeur dit dan heel dikwels dat daar mettertyd 'n spontane behoefte begin ontwikkel om aan haar geliefde te raak en fisiese kontak te maak. Juis omdat daar nou nie meer die voortdurende druk ten opsigte van seksuele omgang voorkom nie, word dit nou ook makliker om aan die herstel van die molestering te werk. Al hoe meer herinneringe met betrekking tot die molestering kom sodoende na die oppervlak. Dit gaan dikwels egter ook gepaard met gevoelens van hartseer, aggressie, depressie en nagmerries. Dit is egter nodig om al hierdie aspekte deur te werk.

Die slagoffer kan nou ook begin ervaar dat sy bemin word vir wie sy is, en nie vir wat sy seksueel moet doen nie. Sy kan nou ook fisiese kontak ervaar wat nie noodwendig seks impliseer nie, omdat die huweliksmaats nou op ander maniere hulle liefde aan mekaar moet oordra. Op hierdie wyse word 'n geleentheid ook geskep om ware vriendskap op te bou. Dit is noodsaaklik om ook weer romantiese bande tussen huweliksmaats te smee. In hierdie opsig is dit byvoorbeeld nodig om geleenthede te skep om alleen by mekaar te wees. As bogemelde 'vakansie' verby is, is dit noodsaaklik om stadig weer te begin beweeg in die rigting van seksuele kontak, en hier behoort gesonde grondreëls neergelê te word waarop vooraf ooreengekom is. Deel hiervan sal byvoorbeeld die ooreenkoms wees dat slagoffers hulle die reg mag toeëien om nee te sê vir geslagsomgang, en ook in enige stadium die geslagsomgang mag staak wanneer dinge dalk vir hulle te oorweldigend raak.

5.4 GEBEDSESSIE

Tydens die gebedssessie kan daar veral op die volgende drie aspekte gefokus word:

- Vergifnis
- Die heelwordproses

- Die rol van gebed

Vervolgens word aan elk van hierdie drie aspekte aandag geskenk.

5.4.1 Vergifnis

Slagoffers worstel gewoonlik intens met die kwessie van vergifnis, aangesien hulle dit dikwels foutiewelik interpreteer dat hulle daardeur die oortreder se optrede regverdig en hom kwytskuldig van enige verantwoordelikheid. Die proses van vergifnis behoort indringend met die slagoffer bespreek te word (vergelyk 4.7.1 asook 3.3.3). Die volgende kan van hulp wees:

- Eerstens moet die slagoffer weet wát sy vergewe asook wíé.
- Sy moet toegelaat word om werklik uiting te gee aan emosies van woede met betrekking tot die oortreder.
- Dit is nodig dat sy sal besef wat sy verloor het, wat die molestering haar aangedoen het, en wat sy nooit sal hê nie as gevolg van die molestering.
- Vergifnis beteken ook nie dat die verkeerde daade noodwendig vergeet moet word nie. Nee, dit is juis deur te onthou dat die slagoffer kan leer hoe om dergelike sulke optrede in die toekoms teen haar te kan hanteer.
- Vergifnis beteken nie dat dit wat die oortreder gedoen het reg is nie.
- Vergifnis is 'n uiters belangrike aspek van genesing, maar dit kan 'n lang proses impliseer voordat dit ten volle realiseer.
- Vergifnis impliseer 'n wilsbesluit en 'n keuse, en dit is nie iets wat impulsief en oorhaastig gedoen kan word nie.
- Wanneer dit na 'n totale onmoontlikheid lyk, kan die slagoffer bid en vra dat die Here die negatiwiteit moet vergewe en die bitterheid moet wegneem.
- Soms help dit ook om 'n lys saam te stel van almal wat teen die slagoffer gesondig het en hierdie lys moet dan mettertyd deurgewerk word. 'n Gebed soos die volgende kan dan die proses aanhelp:
- *Here, ek vergewe(persoon se naam) vir..... (wat die persoon gedoen het), omdat.....(naam van die persoon) nie werklik geweet het wat hy*

aan my doen nie. Ek stel(naam) vry van enige blaam en ek vra U Here om hom te seën.

- Die slagoffer moet deeglik besin oor die nodigheid al dan nie van direk vergifnis uitspreek teenoor die oortreder. In sekere gevalle kan dit die indruk skep van geestelike hoogmoed en dan teenproduktief wees met betrekking tot die genesingsproses in die geheel.
- Dit is ook nodig dat die slagoffer deeglike selfondersoek doen en enige sondes voor die Here bely. Sy moet ook aktief hierdie vergifnis vir haarself toeëien (selfvergifnis).

5.4.2 Heelword

- Die gemolesteerde moet die innerlik besluit neem om verder op haar heelwordpad voort te beweeg.
- Help haar om die hartseer vry te stel. Dra die verantwoordelikheid aan haar op – sy self is verantwoordelik vir verandering in haar lewe.
- Sy moet weer vreugde in die gewone dinge begin vind.
- Bring onder haar aandag dat daar nie so 'n situasie is soos absolute herstel nie – dit bly egter 'n proses wat vir haar altyd verder en hoër neem.
- Sy moet probeer vasstel watter gedrag sy openbaar en waarom sy so optree.
- Sy moet leer om verdraagsaam te wees teenoor haarself.

5.4.3 Die rol van gebed

Gebed speel 'n baie belangrike rol as deel van die terapieproses. Alhoewel al die emosionele en fisiese fasette al onder die loep geneem is, is daar niks wat gebed kan vervang nie. Dit is die belangrikste ding wat vir die slagoffer gedoen kan word. Niks kan gebed vervang nie (Backus, 1996:109). Deur gebed kan die Heilige Gees gevra word om die slagoffer se herinneringe aan sekere insidente op te roep (vergelyk 3.3.4). Hy is in staat om ou herinneringe wakker te maak en die gemolesteerde bewus te maak van onderdrukte pynlike ervarings. Die gemolesteerde persoon moet ook daaraan herinner word dat Jesus Christus ook in

beheer van tyd is. Hy gaan saam met haar deur die tyd stap en die betrokke situasie hanteer.

Tydens die gebedssessie moet die persoon dan aangemoedig word om met Christus te praat asof sy die dogtertjie van ses jaar oud is toe die trauma van molestering plaasgevind het (Coetzer, 2005:106).

Die beradene kan verder gewys word op die aktualiteit van 'n gebed soos dié in

Ps 139:23-24 (1953-vertaling): *“Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!”*

God weet waar die pyn weggebêre is, al is die slagoffer nie daarvan bewus nie. God kan gevolglik deur Sy Heilige Gees aan die beradene sowel as die berader uitwys waar die seer is en waar heling benodig word. Namate die beradene die herinneringe onder woorde bring, kan die berader dit dan aan haar in sy/haar eie woorde herhaal. In gebed kan God gevra word om die 'kind' wat seergekry het te genees en heel te maak. Jesus Christus transendeer alle tydsgrense en Hy beweeg as't ware saam met die slagoffer terug na die oorspronklike situasie met al sy pynlike herinneringe.

Die slagoffer moet aangemoedig word om haar angs aan Christus oor te gee en al haar emosies te onder woorde te bring aangesien Hy by magte is om haar te heel en gesond te maak. Dit is van belang dat die proses nie oorhaastig afgehandel behoort te word nie en dat daar baie tyd in gebed aan elke belangrike detail en emosie gewy moet word (vergelyk Anderson *et al.*, 2000:235-236).

Die beradene kan ook deurgaans herinner word aan die belofte van 1Kor. 4:5 dat *“Die Here die verborge dinge van die duisternis in die lig sal bring en die bedoeling van die harte openbaar sal maak.”* God is getrou en Hy sal dit wat belangrik is na die oppervlak bring. Dit sal egter gepaard gaan met die volle samewerking en innerlike wilsbesluite van die slagoffer.

Traumatiese herinneringe sal egter in die algemeen meer hanteerbaar raak namate die slagoffer in groter afhanklikheid van God begin leef. Sy kan die Here ook vertrou om die vergete besonderhede na vore te bring sodat genesing kan plaasvind.

5.5 HUWELIKSTERAPIE : AANVAARDING EN VERBINTENIS

Die slagoffer moet vrede maak met die feit dat molestering geneig is om verhoudings te kompliseer. Daar sal noodwendig 'n gebroke verhouding wees tussen haar en die oortreder. Heel dikwels het dit wat gebeur het ook haar verhouding met God sowel as met haar huweliksmaat nadelig beïnvloed. Indien die slagoffer realisties is met betrekking tot hierdie aspekte help dit om die herstel te bespoedig.

Die huweliksmaat moet ook die feit aanvaar dat sy vrou gemolesteer is en bereid wees om as 'n spanmaat met haar saam te werk en haar in die proses te ondersteun. In hierdie verband is dit noodsaaklik dat die huwelikspaar saam leer omtrent die gevolge van molestering asook die verkragtingstrauma-sindroom. 'n Ooreenkoms (*Commitment*) vind plaas ten opsigte van die proses van restourasie en herstel, asook die identifisering van doelwitte rakende intimiteit. Die huwelikspaar moet ook aangemoedig word onderdanig aan mekaar te wees en respek aan mekaar te betoon (McBurney, 2004:2).

Seksuele herstel is harde werk, en die huwelikspaar kan gevolglik in 'n stadium emosioneel uitgeput raak. Die huweliksmaat van die slagoffer kan in 'n stadium voel dat hy voortdurend versigtig moet wees oor hoe hy optree en mooi moet dink oor wat hy sê en hoe hy reageer – dit alles kan vir hom mettertyd redelik bietjie oorweldigend raak. Hy kan ook voel dat hy in die proses 'n groot deel van die plesier van die huwelik moet prysgee. Dit kan selfs daartoe lei dat hy seksueel nie meer aantreklik voel nie of selfs volkome verwerp voel. Die berader sal dus ook aandag aan dergelike aspekte moet skenk.

Deur hierdie hele proses heen is dit belangrik dat die slagoffer ook haar eggenoot se pyn moet raaksien en erkenning daaraan moet gee. Dit kan selfs moeilik vir haar wees om te aanvaar dat haar eggenoot bereid is om soveel pyn vir haar te deurstaan. Op hierdie wyse kry sy egter die boodskap dat sy dit ook werd is dat sekere belangrike dinge vir haar opgeoffer word, en dit versterk haar selfvertroue en menswaardigheid.

5.6 SAMEVATTENDE OPMERKINGS

- Die eerste afspraak met die gemolesteerde persoon is van die uiterste belang. Die berader stel 'n beeld van die slagoffer se leëwêreld saam deur verskeie vrae te stel. Dit is ook tydens hierdie sessie dat die noodsaaklikheid van die slagoffer se samewerking aan haar verduidelik moet word asook die basiese reëls waarby gehou moet word.
- Daar moet erken en aanvaar word dat molestering plaasgevind het.
- Al die tipiese verdedigingsmeganismes wat in die algemeen 'n rol speel, moet aan die persoon verduidelik word.
- Sekere tuiswerkopdragte soos die hou van 'n dagboek kan gebruik word om die geheue aan te wakker.
- Die slagoffer word aangemoedig om haar verhaal te vertel.
- Die slagoffer word aangemoedig om te treur oor dit wat sy verloor het, en die treurproses word aan haar verduidelik.
- Die slagoffer se belewenis van God hou gewoonlik verband met die beeld wat sy as klein dogtertjie (toe sy gemolesteer is) van God gehad het. Dikwels is hierdie persoon kwaad vir God omdat sy voel Hy het haar in die steek gelaat. Sy moet gevolglik gehelp word om van hierdie aggressie ontslae te raak en ook met God daaroor te praat. 'n Gesonde beeld van God moet geskep word deur gesprekvoering en Bybelstudie.
- Aggressie moet vir die slagoffer in perspektief geplaas word. Om kwaad te word is nie 'n sonde nie. Sy moet begelei word om aggressie op 'n konstruktiewe wyse te ontloot.
- Angs moet hanteer word om te verhoed dat dit later in die vorm van terugflitse of nagmerries manifesteer.
- Skuldgevoelens speel gewoonlik 'n groot rol. Slagoffers van molestering voel dat hulle medespelers was van die molestering. Die realiteit van die leun moet aan hulle verduidelik word. Sy moet ook geleer word om te onderskei tussen ware en gewaande skuld.

- 'n Nieuwe verband bestaan tussen huidige seksuele gedrag en molestering wat in 'n vroeër stadium plaasgevind het.
- Tydens molestering sluit die persoon dikwels 'n 'innerlike verbond' wat verreikende gevolge op haar volwasse verhoudings en seksualiteit kan hê. Dit moet tydens die beradingsproses hanteer word.
- Vir die gemolesteerde is dit soms moeilik om liefde en seks as iets afsonderliks te sien en dit beïnvloed haar houding en ingesteldheid teenoor seks.
- Molestering beïnvloed die slagoffer se seksuele selfkonsep. Dit sal óf oordrewe wees óf sy sal seksueel niks van haarself dink nie.
- Dit is belangrik om spontane reaksies tydens seksuele omgang te identifiseer sodat daarmee gewerk kan word tydens die beradingsproses.
- Dit is belangrik vir die gemolesteerde persoon om begelei te word ten einde haar eie seksualiteit weer vir haar toe te eien – indien nie, sal sy steeds probleme ondervind met normale seksuele funksionering.
- Die leuen waarmee die gemolesteerde baie jare lank geworstel het, moet aan die kaak gestel word. Sy moet begelei word om te kan onderskei tussen haar eie stem, die oortreder se stem en God se stem. Sy moet haar houding teenoor seks toets en vasstel wat die leuen is wat sy oor seks glo. Die waarheid ten opsigte van seks moet aan haar verduidelik word – ook aan die hand van die Woord.
- Die beskouing van die seksueel mishandelde met betrekking tot haar eie seksuele waarde moet geëvalueer en hanteer word – dit hang ten nouste saam met haar selfbeeld en selfvertroue. Sy moet besef dat die molestering nie haar fout was nie en dat sy in Christus iemand baie spesiaal is.
- Die liggaamsbeeld van die gemolesteerde moet herstel word en sy moet haar liggaam as't ware van nuuts af aan leer ken. Sy moet ook vrede maak met haar liggaam.
- Indien sy in die verlede soms haar liggaam 'verlaat' het, moet sy probeer vasstel wat die proses gewoonlik gesneller het. Sy kan deur verskeie oefeninge weer leer om dinge te beleef deur haar liggaam.

- Slagoffers is intens skaam oor spontane reaksies, juis omdat hulle so onvoorspelbaar is. Deur in besonderhede te gaan kyk na die molestering (deur middel van 'n vraelys en gebed) kan vasgestel word wat spontane reaksies veroorsaak. Met die nodige begeleiding kan dit teëgewerk word.
- Die slagoffer moet begin besef dat sekere seksuele gedrag 'n uitvloeisel is van die molestering en dat dit verander kan word, en sy moet gevoglik begelei word in die rigting van gesonde seksuele gedrag
- Soms is 'n vakansie vry van seks nodig ten einde die greep van die gevolge van die molestering finaal te verbreek. Dit kan help om van nuuts af aan 'n verhouding tussen die twee huweliksmaats te vestig.
- Tydens die gebedssessie kan veral gefokus word op vergifnis, die heelwordproses en ook die rol van gebed as deel van die terapeutiese proses.
- Vergifnis moet in besonderhede aan die slagoffer verduidelik word. Die slagoffer moet duidelik onderskei wie en waarvoor sy vergewe. Sy moet toegelaat word om kwaad te word oor dit wat die oortreder haar aangedoen het. Vergifnis is 'n lang proses en die noodsaaklikheid daarvan moet verduidelik word.
- Wat die heelwordproses betref, moet die slagoffer self die besluit neem om gesond te wil word en die seer te laat wyk.
- Tydens die gebedssessie (of selfs meer sessies indien nodig) word die Here gevra om die slagoffer as't ware terug te voer na die oorspronklik traumatiese situasie. Omdat Jesus Christus nie aan tydsgrense gebonde is nie, is dit wel moontlik en kan genesing op hierdie wyse plaasvind. Die beradene gaan in gebed met Jesus Christus praat asof sy die sesjarige dogtertjie is wat gemolesteer is en al haar emosies en ervarings soos sy dit in daardie stadium beleef het, uitspreek. Elke emosie moet in besonderheid hanteer word en heelwat tyd kan aan hierdie fase bestee word – dit moet nie oorhaastig afgehandel word nie.
- Die slagoffer en haar eggenoot behoort as 'n span saam onderweg na seksuele herstel te beweeg. Dit kan slegs gebeur indien beide aanvaar dat die molestering plaasgevind het en dat dit wel 'n effek op hulle huwelik het. Die

huwelikspaar kan saamwerk deur hulle ten volle op hoogte te bring van die gevolge van molestering. Hulle kan hulle ook verbind tot die uiteindelijke herstel van hulle huwelik.

HOOFSTUK 6.

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING EN VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

Hierdie hoofstuk bied 'n samevatting van die konkl aan die einde dan ook voorstelle gemaak met betrekking tot moontlike verdere navorsing.

6.1 BASIS-TEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE GEMOLESTEERDE VROU

6.1.1 Bybelse kenmerke van 'n seksueel misbruikte vrou (2 Sam 13:1-22)

- Sy is gedwing.
- Sy het geen keuse gehad nie.
- 'n Verhouding wat vir haar veiligheid moes bring, het net gevaar ingehou.
- Haar stem is stilgemaak.
- Sy was hulpeloos: sy kon nie die verkragting of die gevolge daarvan beëindig nie.
- Sy word verneder.
- Sy word verrai.
- Sy verloor haar maagdelikheid of onskuld.
- Sy word deur haarself en deur die persoon wat haar seksueel misbruik het as verwerpe en vuil beskou.
- Haar kanse op 'n gesonde huwelik, of selfs enige huwelik is skraal indien sy nie hulp en begeleiding ontvang nie.
- Sy gaan deur 'n rouproses.
- Sy word dikwels aangeraai om nie 'n gesinsprobleem in die openbaar bekend te

maak nie.

- Hierdie dogter of vrou sterf in 'n sekere sin ten opsigte van haar menswees en sy word inderdaad 'n 'desolate woman.'

6.1.2 Basis-teoretiese konklusies met betrekking tot die liggaam (1 Kor 6:12-22)

Hierdie gedeelte het 'n besondere boodskap vir die vrou wat as kind gemolesteer is. Waar so dikwels as gevolg van sulke omstandighede 'n verdraaide beeld van die eie liggaam is, bring hierdie gedeelte 'n belangrike korreksie in hierdie verband:

- Paulus se gebruik van die term 'liggaam' dui op veel meer as net die fisiese dimensie – daar is ook 'n geestelike dimensie aan verbonde.
- Die uitdrukking, 'die Here is vir die liggaam', dui op die feit dat daar 'n betrokkenheid van Jesus Christus self by hierdie aangeleentheid is.
- God het nie net vir Christus uit die dood opgewek nie maar Hy sal ook die gelowige se liggaam opwek tot die ewige lewe.
- Christene is deur hulle liggame so nou aan Christus verbonde dat hulle beskryf word as ledemate van sy liggaam. Dit beteken dat hy wat homself met Christus verbind, geestelik een met Hom is. Sodoende word Christus se persoonlikheid aan sy navolgers oorgedra.
- Wanneer 'n man seksuele gemeenskap met 'n prostituut het, word hy fisies met haar verenig. Sy hele persoonlikheid word egter ook met hare verenig en haar karakter word as't ware syne. So word die geestelike verbondenheid met Christus verbreek.
- Die liggaam van 'n Christen is 'n tempel van God, aangesien God self in die Christen is deur die inwoning van die Heilige Gees teenwoordig.
- Wie seksueel sondig, sondig teen sy/haar eie liggaam - die liggaam waarmee hy/sy God moes verheerlik.

6.1.3 Basis-teoriese konklusies met betrekking tot seksualiteit (1 Kor. 7: 1-5)

- Seks en geweld is nie versoenbaar met mekaar nie en daarom is seks ook nie veronderstel om 'n magspel te wees nie.
- Seks wat met geweld gepaard gaan, is 'n misdaad teen die slagoffer, teen die samelewing en teen God.
- Die feit dat die mens seksueel misbruik en mishandel word, val buite God se wil
- Seks en wedersydse respek en liefde hoort saam.
- Die seksuele binne die huwelik moet bespreek word.
- Man en vrou verkeer op gelyke voet wat die seksuele verhouding binne die huwelik betref. Dit is dus van belang dat beide die partye kan nee sê as dit moeilik is om met seksuele omgang voort te gaan.
- Man en vrou het wedersyds reg en bevoegdheid oor mekaar se liggame binne die huwelik.
- Seksuele omgang behoort gereeld plaas te vind sodat die huweliksmaats nie in die versoeking kom om seks buite God se wil te soek nie.
- Die klem in die huwelik en in die seksuele is om om te gee en te dien, en nie om te ontvang nie.
- Man en vrou is seks aan mekaar verskuldig.
- Die woord gee toestemming dat die vrou en die man mekaar kan sien met toenadering tot seksuele omgang
- Seks is mooi en maak 'n mens nie ritueel onheilig nie. Gebed en stiltetyd kan op dieselfde dag plaasvind as waarop 'n huwelikspaar omgang gehad het. Die huweliksband word sterker as die huwelikspaar saam kan bid

6.2 META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE GEMOLESTEERDE VROU

- Uit die bydraes van die ander vakdissiplines het geblyk dat die gemolesteerde persoon met baie kwelvrae worstel. In die verlede was dit so dikwels juis hierdie moeilike vrae wat die kerk en die gemeenskap laat wegstroom het van hul verantwoordelikheid om om na slagoffers van molestering om te sien.
- Dit het geblyk dat, tydens 'n lang fase in die geskiedenis, die gemolesteerde vrou nie net deur haar verkrachter of molesteerder mishandel is nie maar ook deur die wette van die tyd en die sosiale strukture - sy het geen regte gehad nie. Eers in 'n heel laat stadium in die geskiedenis is daar meer reg laat geskied aan die persoon van die verkrachte.
- Kulturele faktore het in die verlede grootliks die wyse bepaal waarop die seksueel mishandelde vrou hanteer is.
 - * Gedurende die tyd van die Grieke het 'n man van sy vrou geskei indien sy verkracht is en is sy as 'n sosiaal uitgeworpene beskou.
 - * Die Babiloniërs asook die Jode het die vrou beskou as die man se eiendom en verkrachting was dus eintlik 'n oortreding teen die man.
 - * Tydens die Middeleeue het adellikes vroue in laer stande verkracht en dit is beskou as aanvaarbare praktyk.
 - * Tydens die Franse Revolusie is verkrachting verkeerdlik beskou as die ontlooting van die massas se seksuele frustrasie.
 - * In 1285 is verkrachting vir die eerste keer beskou as 'n oortreding teen die *persoon* van die vrou. Dit is gevolglik beskou as 'n aangeleentheid van openbare veiligheid en strafbaar deur die staat.
- Gedurende die Hellenisme het die klem baie sterk op 'n dualistiese skeiding tussen liggaam en siel geval:
 - * Ware geestelikheid is van die liggaam en seksualiteit geskei.
 - * Die vrou se liggaam is as 'n leë dop beskou wat die gees van 'n man gehuisves het.

- * Die vrou se liggaam is as sterk en waardevol beskou as sy haar weerhou het van seksuele omgang en haar maagdelikheid het haar 'n beter kans op 'n plek in die hemel besorg.
- Die slagoffer van seksuele geweld dra haar verhaal op een van twee wyses oor: sy sal óf erg emosioneel optree (eksternaliseer), óf dit na binne kaats en besig wees met intense selffoltering (internaliseer).
- Die verkrachtingsindroom kan in twee fases ingedeel word. Die eerste word gekenmerk deur angs en vrese en emosionele uitbarstings. Die tweede fase hou verband met nagmerries, snellers en 'n intense behoefte aan ondersteuning.
- Trauma skud die basiese geloofsvertrekpunte van liefde, getrouheid, lojaliteit, konsekwentheid, gehoorsaamheid en hoop:
 - * Die slagoffer voel deur God verlaat.
 - * As sy as vyf-jarige gemolesteer is, is haar denkbild van God heel dikwels steeds dié van die vyf-jarige kind.
 - * Intense woede teenoor God kom soms voor omdat Hy die trauma toegelaat het.
- Tydens seksuele trauma word die slagoffer dikwels gekonfronteer deur haar eie sterflikheid.
- Slagoffers worstel in die algemeen met die begrippe verantwoordelikheid, vergifnis, skuldgevoelens, selfverwyte en 'n swak selfbeeld.
- As gevolg van die angs wat die slagoffer tydens molestering beleef het, het sy soms 'n krampagtige behoefte daaraan om voortdurend in beheer te wees.
- Die slagoffer van molestering ondervind by tye intense woede oor haar naïwiteit, vernedering en misbruik tydens molestering.
- Daar is 'n intense behoefte om skoongewas te word, asook gevoelens van onveiligheid en 'n gebrek aan sekuriteit.
- Wat betref tipiese verdedigingsmeganismes by die gemolesteerde persoon, het die volgende faktore in die algemeen geblyk aan die orde te wees:

- * Minimalisering van dit wat gebeur het
- * Rasionalisering
- * Ontkenning en vermyding van die onderwerp
- * Opsetlike vergeet of geheuehiate ten opsigte van die trauma.
- * *Splitting* – deur die skep van veelvoudige subpersoonlikhede kan die slagoffer die impak van die trauma hanteer
- * Om alles te wil beheer en te kontroleer – dit gee 'n mate van sekuriteit
- * Chaos – dit word soms gebruik ten einde die aandag van haar weg te kaats.
- * *Spacing out* - slagoffers het die vermoë om 'weg te beweeg' van wat emosioneel en geestelik net hulle gebeur. In die proses verloor hulle egter die vermoë om werklik te leef.
- * Om intens op die uitkyk te wees vir gevare (super-alert).
- * Die aanwend van humor om tydelik aan die hartseer te ontsnap.
- * 'n Oormatig besige program help die slagoffer ook om tydelik te oorleef
- * Ontsnapping – hetsy deur middel van fantasie of deur fisiese weg te hardloop.
- * Geestesiektes wat lei tot 'n onvermoë om te kan onderskeid tussen realiteit en fantasie. Hieruit kan gedragsafwykings volg soos selfmutilering of selfmoord.
- * Verslawing en isolering:
 - Eetversteurings soos bulimie en anorexia.
 - Leuentaal.
 - Diefstal.
 - Dobbelaar.
 - Veiligheid ten alle koste.
- Molestering of verkragting lei gewoonlik daartoe dat die slagoffer 'n verdraaide siening ten opsigte van haar eie liggaam het. Dit hou verband met die feit dat

die liggaam biologies positief reageer op seksuele stimulerings. Juis hierdie genieting van die liggaam word dan die basis van haar selfhaat aangesien sy deur haar eie liggaam verrai voel.

- Seksuele probleme by vroue wat as kind gemolesteer is het geblyk veral gefokus te wees op die volgende aspekte:
 - * Negatiewe houdings teenoor die seksuele.
 - * Verdraaide seksuele selfkonsep
 - * Spontane reaksies teenoor aanraking en seks - dit sluit angsaanvalle, terugflitse en ontoepaslike gedrag in.
 - * Raak maklik betrokke by gevaarlike en promiskue seksuele gedrag
 - * Beperkte insigte met betrekking tot intieme verhoudings.
 - * Angs speel 'n groot rol met betrekking tot die gemolesteerde se seksuele verhoudings as volwasse vrou.
- Wat betref die stem van die gemolesteerde is dit belangrik dat slagoffers gehelp moet word om hul verhaal te verwoord. Op alle moontlike wyses is hulle stilgemaak as hulle wou praat.

6.3 RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK DEUR MIDDEL VAN VRAELYSTE

Die respondente wat aan die ondersoek deelgeneem het, kom uit dieselfde sosiale en gemiddelde ekonomiese stand en is almal Afrikaanssprekend. Deur slegs na vier gevalle te kyk, is inderdaad nie genoegsaam om algemene gevolgtrekkings te maak wat van toepassing is op alle vroue wat gemolesteer is nie. Tog is daar 'n aantal belangrike aspekte wat uit hierdie vier gevalle na vore gekom het wat beslis van toepassing sal wees op talle ander wat dieselfde trauma deurgemaak het. Die belangrikste aspekte in hierdie verband kan soos volg opgesom word:

6.3.1 Skuldgevoelens

Drie uit die vier respondente worstel nog steeds met intense *skuldgevoelens*. Hulle

sien hulle as medeverantwoordelik vir die molestering en hulle is uiters skaam oor hierdie feit. Twee van die dames het juis na spiritualiste gegaan omdat hulle geglo het dat hierdie gevoelens daar hanteer sou word. Een van die drie dames het nooit gegaan om enige hulp rakende haar molestering aangeklop nie. Al drie die dames was onbewus van die feit dat verskeie kerke deesdae hulp beskikbaar stel aan vroue wat as kind gemolesteer is. Die enigste dame wat begrip gehad het vir die feit dat sy volkome die slagoffer van molestering was (en dus nie self verantwoordelik was daarvoor nie) het by 'n Christelike organisasie om hulp gaan aanklop (*Ellel-Ministries*).

6.3.2 Pastorale berading

Die dame wat na *Ellel-Ministries* gegaan het, is ook die enigste wat nie meer probleme ondervind met negatiewe implikasies wat met haar molestering verband hou nie. Sy is ook die enigste dame wat kan praat oor die insidente sonder dat sy emosioneel daardeur geraak word.

Die feit dat sy by Christelike beraders kon aanklop wat haar situasie met wysheid kon hanteer en deur die trauma van die molestering kon bid was vir haar van groot waarde. Hulle kon haar ook met praktiese riglyne rakende die hantering van snellers (*triggers*) help. God se oorspronklike bedoeling met die seksualiteit van die mense is baie duidelik aan haar oorgedra en sy is ook gelei op die pad na vergifnis. Nie een van hierdie aspekte is by enige van die ander dames hanteer nie.

6.3.3 Ouerhuis van die gemolesteerde

Die dame wat geen negatiewe gevolge oorgehou het van die molestering nie, is ook die enigste wat uit 'n liefdevolle en stabiele ouerhuis kom. Twee van die vier respondente se vaders is op 'n vroeë ouderdom oorlede. Dit is nie onmoontlik dat hierdie verlies aan 'n belangrike anker tot 'n gebrek aan innerlike sekuriteit kon lei nie, en dit kon weer die verwerking van die groot krisis rakende molestering later in hulle lewens kompliseer.

6.3.4 Die tydsduur en intensiteit van die molestering

Die dame wat deur 'n groot aantal mans gemolesteer en verkrag is, het ook die

grootste probleme ervaar met betrekking tot seksuele aanpassing in die huwelik. Haar desperaatheid om gehelp te word het haar na spiritualiste, persone wat alternatiewe geneeskunde beoefen en sielkundiges gelei. Haar weersin in die kerk asook weerstand teen sommige van die leerstellings van die kerk kan moontlik verband hou met die intensiteit van dit wat sy beleef het – so ook die ernstige vertrouenskewessies wat sy beleef en die feit dat sy nooit volkome haarself in die teenwoordigheid van haar huweliksmaat kan wees nie. Sy is ook die enigste van die respondente wat die behoefte uitgespreek het daaraan dat vir haar gewys moet word hoe om perke te stel. Die impak asook tydsduur van dit wat met haar gebeur het, het waarskynlik haar grense in 'n veel groter mate beïnvloed as in die geval van die ander respondente.

6.3.5 Buite-egtelike verhoudings

'n Opvallende aspek met betrekking tot hierdie hele aangeleentheid is die feit dat die persone wat by seksuele verhoudings buite die huwelik betrokke geraak het, nie dieselfde tipe probleme ervaar het as binne hul eie huwelike nie. Die twee dames wat by meer as een buite-egtelike verhouding betrokke was, het byvoorbeeld nie tydens sulke verhoudings probleme ondervind met vaginisme of dispareunie nie. Die dame wat voorhuwelikse seks met haar man gehad het, het ook in daardie stadium geen probleem met betrekking tot die seksuele ondervind nie.

6.3.6 Godsbeeld

Drie van die vier dames was nog steeds kwaad vir God en daar moes steeds gewerk word aan hulle ervaring van God as iemand wat daar vêr en kwaai en onbetrokke is. Dit is ook baie duidelik dat algehele herdefiniëring moet plaasvind ten opsigte van hulle geloofsoortuiging, wat impliseer dat die ware beeld van wie God is, aan die hand van die Skrif aan hulle oorgedra moet word.

6.3.7 Die kompleksiteit van molestering

Dit blyk baie duidelik dat die aangeleentheid van molestering uiters kompleks is. Die dames wat dokters en sielkundiges besoek het, het wel 'n mate van hulp ontvang - al was dit net om beter te kon onthou of om die fisiese aspekte van die seksuele meer

draaglik te maak. Wat wel kommerwekkend is, is dat van die dames vas glo dat spiritualisme hulle kon help met die hantering van skuldgevoelens asook met die geestelike dimensie van hulle stryd. Daar is beslis 'n behoefte aan gebalanseerde begeleiding vir sulke slagoffers, wat ruimte sal laat vir mediese en sielkundige insette sowel as pastorale riglyne en gebed. Sodanige begeleiding sal die fisiese, emosionele en geestelike dimensies van so 'n persoon se behoeftes behandel. In die opleiding van pastorale beraders sal dergelike aspekte besondere klem moet ontvang.

6.4 PRAKTYK-TEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE GEMOLESTEERDE VROU

Die oogmerk van hierdie hoofstuk was om 'n aantal praktiese riglyne te formuleer waarvolgens gemolesteerde vroue wat hulle binne 'n huweliksituasie bevind, pastoraal begelei kan word. Die volgende aspekte het in hierdie verband geblyk belangrik te wees:

- Die eerste afspraak met die gemolesteerde persoon is van die uiterste belang. Die berader vorm 'n beeld van die slagoffer se leëwêreld deur verskeie vrae te stel. Dit is ook tydens hierdie sessie dat die noodsaaklikheid van die slagoffer se samewerking aan haar verduidelik moet word asook die basiese reëls waarby gehou moet word.
- Daar moet erken en aanvaar word dat molestering plaasgevind het.
- Al die tipiese verdedigingsmeganismes wat in die algemeen 'n rol speel, moet aan die persoon verduidelik word.
- Sekere tuiswerkopdragte soos die hou van 'n dagboek kan gebruik word om die geheue aan te wakker.
- Die slagoffer word aangemoedig om haar verhaal te vertel.
- Die slagoffer word aangemoedig om te treur oor dit wat sy verloor het, en die treurproses word aan haar verduidelik.
- Die slagoffer se belewenis van God hou gewoonlik verband met die denkbild wat sy as klein dogtertjie (toe sy gemolesteer is) van God gehad het. Dikwels is

hierdie persoon kwaad vir God omdat sy voel Hy het haar in die steek gelaat. Sy moet gevolglik gehelp word om van hierdie aggressie ontslae te raak en ook met God daaroor te praat. 'n Gesonde denkbild van God moet geskep word deur gesprekvoering en Bybelstudie.

- Aggressie moet vir die slagoffer in perspektief geplaas word. Om kwaad te word is nie 'n sonde nie. Sy moet begelei word om aggressie op 'n konstruktiewe wyse te ontloot.
- Angs moet aandag geniet om te verhoed dat dit later in die vorm van terugflitse of nagmerries manifesteer.
- Skuldgevoelens speel gewoonlik 'n groot rol. Slagoffers van molestering voel dat hulle medespelers was van die molestering. Die realiteit van die leuen moet aan hulle verduidelik word. Sy moet ook geleer word om te onderskei tussen ware en gewaande skuld.
- 'n Nuwe verband bestaan tussen huidige seksuele gedrag en molestering wat in 'n vroeër stadium plaasgevind het.
- Tydens molestering sluit die persoon dikwels 'n 'innerlike verbond' wat verreikende gevolge op haar volwasse verhoudings en seksualiteit kan hê. Dit moet tydens die beradingsproses hanteer word.
- Vir die gemolesteerde is dit soms moeilik om liefde en seks as iets afsonderliks te sien en dit beïnvloed haar houding en ingesteldheid teenoor seks.
- Molestering beïnvloed die slagoffer se seksuele selfkonsep. Dit sal óf oordrewe wees óf sy sal seksueel niks van haarself dink nie.
- Dit is belangrik om spontane reaksies tydens seksuele omgang te identifiseer sodat daarmee gewerk kan word tydens die beradingsproses.
- Dit is belangrik vir die gemolesteerde persoon om begelei te word ten einde haar eie seksualiteit weer vir haarself toe te eien – indien nie, sal sy steeds probleme met normale seksuele funksionering ondervind.
- Die leuen waarmee die gemolesteerde baie jare lank geworstel het, moet aan die kaak gestel word. Sy moet begelei word om te kan onderskei tussen haar eie stem, die oortreder se stem en God se stem. Sy moet haar houding teenoor

seks toets en vasstel wat die leuen is wat sy oor seks glo. Die waarheid met betrekking tot seks moet aan haar verduidelik word – ook aan die hand van die Woord.

- Die beskouing van die seksueel mishandelde met betrekking tot haar eie seksuele waarde moet geëvalueer en hanteer word – dit hang ten nouste saam met haar selfbeeld en selfvertroue. Sy moet beseft dat die molestering nie haar fout was nie en dat sy in Christus iemand baie spesiaal is.
- Die liggaamsbeeld van die gemolesteerde moet herstel word en sy moet haar liggaam as't ware van nuuts af aan leer ken. Sy moet ook vrede maak met haar liggaam.
- Indien sy in die verlede soms haar liggaam 'verlaat' het, moet sy probeer vasstel wat gewoonlik die proses gesneller het. Sy kan deur verskeie oefeninge weer leer om dinge deur haar liggaam te beleef.
- Slagoffers is intens skaam oor spontane reaksies, juis omdat hulle so onvoorspelbaar is. Deur in besonderhede te gaan kyk na die molestering (deur middel van 'n vraelys en gebed) kan vasgestel word wat spontane reaksies veroorsaak. met die nodige begeleiding kan dit teëgewerk word.
- Die slagoffer moet begin beseft dat sekere seksuele gedrag 'n uitvloeisel is van die molestering en dat dit verander kan word, en sy moet gevoglik begelei word in die rigting van gesonde seksuele gedrag
- Soms is 'n vakansie vry van seks nodig ten einde die greep van die gevolge van die molestering finaal te verbreek. Dit kan help om van nuuts af aan 'n verhouding tussen die twee huweliksmaats te vestig.
- Tydens die gebedssessie kan veral gefokus word op vergifnis, die heelwordproses en ook die rol van gebed as deel van die terapeutiese proses.
- Vergifnis moet in besonderhede aan die slagoffer verduidelik word. Die slagoffer moet duidelik onderskei wie en waarvoor sy vergewe. Sy moet toegelaat word om kwaad te word oor dit wat die oortreder haar aangedoen het. Vergifnis is 'n lang proses en die noodsaaklikheid daarvan moet verduidelik word.
- Wat die heelwordproses betref, moet die slagoffer self die besluit neem om

gesond te word en die seer te laat wykgaan.

- Tydens die gebedssessie (of selfs meer sessies indien nodig) word die Here gevra om die slagoffer as't ware terug te voer na die oorspronklik traumatiese situasie. Omdat Jesus Christus nie aan tydsgrense gebonde is, nie is dit wel moontlik en kan genesing op hierdie wyse plaasvind. Die beradene gaan in gebed met Jesus Christus praat asof sy die sesjarige dogtertjie is wat gemolesteer is en al haar emosies en ervarings soos sy dit in daardie stadium beleef het, in woorde uitdruk. Elke emosie moet in besonderhede hanteer word en heelwat tyd kan aan hierdie fase bestee word – dit moet nie oorhaastig afgehandel word nie.
- Die slagoffer en haar eggenoot behoort as 'n span saam onderweg na seksuele herstel te beweeg. Dit kan slegs gebeur indien beide aanvaar dat die molestering plaasgevind het en dat dit wel 'n effek op hulle huwelik het. Die huwelikspaar kan saamwerk deur hulle ten volle op hoogte te bring van die gevolge van molestering. Hulle kan hulle ook verbind tot die uiteindelijke herstel van hulle huwelik.

6.5 FINALE GEVOLGTREKKING

Hierdie studie het gepoog om praktiese riglyne neer te lê waarvolgens vroue wat as kind gemolesteer is, ten opsigte van hul aanpassing in die huwelik pastoraal begelei kan word. Belangrike riglyne uit die Woord is geïdentifiseer, en tesame met belangrike bydraes uit die ander hulpwetenskappe is spesifieke areas geïdentifiseer wat by die begeleiding van die gemolesteerde vrou aandag verdien. Begrippe soos vergifnis, skuldgevoelens asook tipiese simptome van seksuele wanaanpassing is hanteer. Verder het geblyk dat aspekte soos vergifnis, die heelwordproses asook die kragtige rol van gebed van kardinale belang is as deel van die terapieproses. Innerlike genesing van emosies en herinneringe is uiters noodsaaklik vir so 'n persoon om seksueel gesond en normaal binne haar huweliksituasie te funksioneer.

Die studie het ook aangedui dat die nodige erkenning nie altyd in die verlede gegee is aan die nood van die gemolesteerde vrou nie – veral ook nie deur die kerk nie. Binne gemeenteverband in die algemeen kan veel meer gedoen word om hierdie probleemarea onder die loep te neem. Dit hou verband met 'n groot mate van

onkunde asook skaamte met betrekking tot seksualiteit in die algemeen. Tog het statistiek getoon dat een uit vier vroue gemolesteer is – wat net bevestig dat dit 'n area is hierdie wat dringende aandag verg, aangesien dit so dikwels uiteindelik in 'n heelwat later stadium sy tol binne die huwelik eis.

Dit het ook geblyk dat 'n behoefte aan meer toerusting en opleiding (veral van die kerk se kant af) ten opsigte van kennis rakende area van seksualiteit bestaan. Hier sou in besonder ook gefokus kan word op aanpassingsprobleme binne die huweliksituasie indien een van die twee partye in 'n vroeër stadium in hul lewe gemolesteer was. Talle van hierdie persone worstel dikwels ook met geloofsake, asook met 'n verdraaide Godsbeeld, en ook hieraan sal besondere aandag gegee moet word tydens die begeleiding van hierdie persone sowel as tydens die toerusting van diegene wat die begeleiding moet doen.

6.6 VOORGESTELDE TEMAS VIR VERDERE NAVORSING

- Pastorale riglyne aan diegene wat probleme ondervind met geheuehiate ten opsigte van molestering.
- Pastorale riglyne in die stel van nuwe grense en vertroue by die gemolesteerde persoon.
- 'n Pastorale ondersoek met betrekking tot die geestelike dimensie van seksualiteit.
- 'n Pastoraal-teologiese ondersoek met betrekking tot die spirituele aspekte wat negatief by die gemolesteerde persoon beïnvloed is.
- Pastorale riglyne ten opsigte van huweliksberading in gevalle waar een van die twee partye binne 'n milieu van mishandeling grootgeword het.
- Pastorale begeleiding aan mans wie se eggenotes as kind gemolesteer is.

BRONNELYS

- ACKERMAN, D. 1996. 'For such a thing is not done in Israel.' Violence against women. Cape Town: Human en Rousseau.
- ALLENDER, D. 1995. The wounded hart. A companion workbook for personal or group use. Colorado: Navpress
- ALEXANDER, N.M. 1998. 2 Samuel 13:1-22 Amnon rapes Tamar (*In New Interpreter's Bible*. 2:1199-1306).
- ALEXANDER, N.M. 2002. 1 Corinthians 5:1-13, The stain within: a treat to the holiness appropriate to the temple of the holy spirit and 1 Corinthians 7-40. Paul's response to questions about relations in sociosexual groups (*In New Interpreter's Bible* 5:845-873.)
- ADAMS, C.J. & FORTUNE, M. 1995. Violence against women and children: a Christian theological sourcebook. New York: The Continuum Publishing Company.
- ANDERSON, A.A. 1998. 2 Samuel (*In Word Biblical commentary*, 11:171-177.)
- ANDERSON, N.T., ZUEHLKE, T.E. & ZUEHLKE, J.S. 2000. Christ centred therapy. The practical integration of theology and psychology. Michigan: Zondervan Publishing House.
- BACKUS, W.D. 1996. The healing power of a Christian mind. How truth strengthens your immune system. Minnesota: Bethany House Publishers.
- BASS, E & DAVIS, L. 1992. The courage to heal. A guide for women survivors of child sexual abuse. London: Cedar.
- BIDWELL, D.R. 2002. Developing an adequate pneumatology: Understanding the spiritual impacts of traumatic injury. *The Journal of Pastoral care & Counseling*, 26(2):135-144.
- BOTHA, P.A. 2001. Seksuele reinheid voor die huwelik: 'n sosio-historiese studie van 1 Korintiërs 6:12-7:40. Potchefstroom: CHO.

- BREDENKAMP, D.S. 2002. Paulus oor seksuele selfbeheersing – *enkrateuomia* en *akrasie* in Korintiërs 7. *NGTT*, 43:(3&4):342-353.
- BRUCE, P. 1994. Principles of working with traumatized children. Houston Texas: Baylor College of Medicine.
- BRATTON, M. 1999. From surviving to thriving: a therapist's guide to stage 11 recovery for survivors of childhood abuse. New York: Haworth Press.
- BROWN. K. 1998. Surviving Sexual abuse. A creative response to child abuse. East Sussex: Monarch books.
- BRUEGGEMANN, W. 1990. First and Second Samuel (*In Interpretation. A Bible Commentary for teaching and preaching*, p. 284-287.)
- BIBLE. 1959. Revised Standard Version.
- BIBLE. 1996. The Holy Bible. New International Version. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Bible Publishers.
- BYBEL. 1953. Die Bybel. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- BYBEL. 1983. Nuwe Vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid- Afrika..
- BYBEL. 1983. Die Lewende Bybel. Roodepoort: Christelike Uitgewers Maatskappy.
- CANJE- FLING, M. A. & McCARTHY, P. 1996. The impact of childhood sexual abuse on client spiritual development. *Journal of Counseling & Development*, 74 (3):1-11.
- CARSON. D.A., FRANCE. R.T., MOTYER. J. A. & WENHAM. G.J. 1994. New Bible Commentary. 21st Century Edition. Leicester, England: Intervarsity Press.
- HADWICK, H. D.D. 1994. A commentary on the First Epistle to the Corinthians.(*In Black's New Testament Commentaries*, p. 1-159).
- COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In Floor. L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en wetenskap. Potchefstroom: PU vir CHO. p. 15-30*).
- COETZER, W.C. 2004. Trauma berading. Potchefstroom. Ongepubliseerde kursusnotas.

- COLLINS, G.R. 1998. Christian counseling. A comprehensive guide. Dallas: Word.
- DAVIS, D.R. 2001. 2 Samuel. Out of every adversity. Great Britain: Christian Focus Publishers.
- DAVIES, M. 1995. Childhood sexual abuse and the construction of identity. London: Taylor & Francis.
- DE KLERK, B.D. & VAN RENSBURG, F. J. 2004. Woordbediening, Gereformeerde eksegese vir prediking en pastorale berading. Potchefstroom: Fakulteit Teologie, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit.
- ESUA, W. 2000. The influence of atonement theories in the experience of sexually abused women. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Dissertation – MTh.)
- FLETCHER, S.B. 1977. Reader's Digest family word finder. A new thesaurus of synonyms and antonyms in dictionary form. New York: The Readers Digest Association.
- FREEMAN, H. 2003. Girls who cut. [Web:] <http://www.guardian.co.uk/health/story/0,3605,1033775,00.html>. [Datum van gebruik: 2 Sept. 2003].
- GERGEN, R.D. 1996. 1, 2 Samuel (In The New American Commentary, 7:295-381).
- GORDON, J.K. 1990. Triumph of the king. The message of 2 Samuel. London: Evangelical Press.
- GSCHWEND-BOSH, E. 2000. Help yourself – help others. Pietermaritzburg: Plumblin Publishers.
- GUY, R.G., EDGLEY, C.E., ARAFAT, I. & ALLEN, D.E. 1987. Social research methods puzzles and solutions. Toronto: Allyn and Bacon, Inc.
- HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria: Gnosis.
- HEATHER PINKS, M.T.S. 2003. Self mutilation: A spiritual endeavour. *The Journal of pastoral care and counselling*, 57(4):447-458.
- HORNER, H. 1994. Spiritual truth and sexual violence: The old English Juliana, Anglo-Saxon nuns, and the discourse of female monastic enclosure. *Signs*, Spring:658-674.

- JOHNSON, L.W. 1988. Kan jy of knak jy? Hoe God se trou die verskil kan maak. Kaapstad: Lux Verbi.
- KOLLAR, C.A. 1997. Solution-focused pastoral counseling. Grand Rapids, Mi: Zondervan Publishing House.
- KRAFT, C.H. 1993. Deep wounds deep healing. California: Regal books.
- KRITZINGER, M.S.B., SCOONEES, P.C. & CRONJE, U.J. 1986. Groot Woordeboek Afrikaans/Engels. Kaapstad: J. L. Van Schaik.
- LANGBERG, D.M. 1999. On the threshold of hope: opening the door to healing for survivors of sexual abuse. Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.
- LANGBERG, D.M. 2005. Couples in pain, the influence of child sexual abuse on marriage. *Christian Counseling*, First Semester: 6-7.
- LEONARD, L. M. & FOLLETTE. 2002. Sexual functioning in women reporting a history of child sexual abuse. Review of empirical literature and clinical implications. Reno, Nevada: University of Nevada.
- LION-CACHET, F.N. 1990. Die eerste boeke van die ou verbond en kanoniek van die Torah/Pentateug. Potchefstroom: PU vir CHO.
- LOBAIDO, A.C. 2001. Child-rape epidemic in South Africa fuelled by widespread belief that sex with a virgin cures AIDS. [Web:] <http://www.worldnetdaily.com/news/article.asp?ARTICLEID=25806> [Datum van gebruik: 26 Des. 2001].
- LOBAIDO, A.C. 2002. Little angels rescue of baby rape. Epic of abuse in South Africa fuelled by the belief it can cure AIDS. [Web:] <http://www.worldnetdaily.com/news/article.asp?ARTICLEID=27246> [Datum van gebruik: 17 Apr.2002].
- LOTTER, S. 1998. The connection between sexual molestation and the intimate relationship in the marriage. Pretoria: University of South Africa (Dissertation – MA.)
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English lexicon. Cape Town: United Bible Societies.

- MALTZ, W. 1991. The sexual healing journey: a Guide for survivors of sexual abuse. New York: Harper perennia.
- MACKNEE, C.M. 2002. Profound sexual and spiritual encounters among practicing Christians: a phenomenological analysis. *Journal of Psychology & Theology*, 30 (3):234-245.
- McBURNEY, L.M. 2001. Christian sex rules. A guide to what's allowed in the bedroom. *ChristianityToday.Com*. [Web:] <http://www.christianitytoday.com/mp/2002/001/4.34.html>. [Datum van gebruik: 9 Nov. 2004].
- MORRIS. C.L. 1989. The first Epistle of Paul to the Corinthians. Leicester, UK: Inter Varsity Press.
- MORGOLIN, J.A. 1999. Breaking the silence. Group therapy for childhood sexual abuse. A practitioner's manual. New York : The Haworth Maltreatment and Trauma Press.
- NEUMAN, W.L. 1997. Social research methods. Boston: Allyn and Bacon.
- OMARTIAN. S. 1991. Finding peace for your heart. A woman's guide to emotional happiness. Nashville: Thomas Nelson publishers
- PELLAUER, M. 1994. A theological perspective on sexual assault. *Christianity and crisis*, 44:220-225.
- PRIOR, D. 1985. The message of 1 Corinthians. Life in the local church. Great Britain: Inter- Varsity Press.
- PROPP, W.H. 1993. Kingship in 2 Samuel 13. *Catholic Biblical Quarterly*, 55 (1):1-53.
- PURNELLE, D. 2004. Pastoral ministry and fleshly body. *Pastoral psychology*, 53(1):81-84.
- ROGERS, C.L & ROGERS C.L. 1998. The new linguistic and exegetical key to the Greek New Testament. Michigan: Zondervan Publishing House.
- ROSENAU. D.E. & SYSMA, M.R.O. 2004. Theology of sexual intimacy: insights into the Creator. *Psychology & Christianity*, 23(3): 261-271.

- ROTH, S. 2003. Childhood trauma remembered. A report on the current scientific knowledge base and its applications. [Web:] http://www.istss.org/publications/childhoodtrauma_remembered. [Datum van gebruik: 12 Mrt. 2003].
- ROTHCHILD, B. 2000. The body remembers. The psychophysiology of trauma and trauma treatment. New York: W.W. Norton & Company.
- SANDFORD, J. & SANDFORD, P. 1985. Healing the wounded spirit. Tulsa: Victory House, Inc.
- SANDFORD, P. 1988. Garland for ashes. Healing victims of sexual abuse. Tulsa: Victory House, Inc.
- SCHIRALDI, G. R.. 2001. The post-traumatic stress disorder sourcebook. Illinois: Lowell House.
- SCHWENDIGER, H. 1982. Rape, the law, and private property: *Crime & Delinquency*; 28 (2): 271.
- SELLE, A.H. 2002. The bridge over troubled waters. Overcoming crippling fear by faith and love. *The Journal of Biblical Counseling*, Fall:34-41.
- SMITH, J. 1990. The discourse structure of the rape of Tamar. *Biblical and historical essays*, 20:21-42.
- SPINAL-ROBINSON, P. & WICKHAM, R.E. 1993. High tops. A workbook for teens who have been sexually abused. Notre Dame, Indiana: Jolice Publisher.
- STINSON-WESLEY, S.A. 1996. Daughters of Tamar: Pastoral care for survivors of rape. (In MOESSNER, J.S., ed. Through the eyes of women. Insights for pastoral care. Minneapolis: Augsburg fortress. p. 222-237.)
- STOOP, D. & MASTELLER, J. 1996. Forgiving our parents, forgiving ourselves. Healing adult children of dysfunctional families. California: Regal Books.
- STOPPARD, M. 1993. Die wonder van seks. Die boek wat alles sê vir mans oor vroue en vroue oor mans. Kaapstad: Struik.
- TAYLOR, K.L. 1974. Lewende briewe. 'n Parafrase van die Briewe in die Nuwe Testament. Kaapstad: Citadel Press.

- TESSIER, L.J. 1992. Women sexually abused as children. *Second Opinion*, 17(3):1-11.
- THERON, A. 1989. Seksuele versteurings. (In LOUW, D.A., red. Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag. Kaapstad: Southern Boekuitgewers. p. 303-340.)
- VAN ELFEN, J. 1998. Dokter in die huis. Kaapstad: Tafelberg.
- VAN GEMEREN, W. A. 1997. New international dictionary of Old Testament theology & exegesis. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.
- VENTER, C.J.H. 1988. Praktiese riglyne in die Nuwe Testament vir die pastorale gesprekvoering. *Praktiese Teologie in Suid- Afrika*, 5:29-38.
- WALTERS, C.S.B. 1992. The wounds of rape. How your church can help victims of sexual assault find healing and hope. *Christianity Today*, 36:30-33.
- WAEFEILD, B. B. 2001. Holy resentment of Jesus: 'For the innumerable dead is my soul disquieted'. *Journal of Christian Counseling*, 21(1):1-17.
- WELCH, E.T. 2004. Self-injury. When pain feels good. *The Journal of Biblical Counseling*, 22(2): 31-41.
- WIER, T. & CARRUTH. M. 1999. Holy sex. God's purpose and plan for our sexuality. New Kensington: Whitaker house.
- WILSON, P.R.. 1978. The other side of rape. The effect on the victim. Queensland: University of Queensland Press.
- WILSON, J.P. & MORGAN. T.A. 1998. Psychological trauma. Posttraumatic stress disorder and spirituality. *Journal of Psychology and Theology*, 26:68-178.
- WRIGHT, H. N. 2002: Trauma – a wound slow to heal. *Christian Counseling*, First semester:3.
- YARBROUGH, L. O. 1985. Not like the gentiles. Marriage rules in the letters of Paul. Atlanta Georgia: Scholar Press.
- ZERFASS, R. 1974. Praktische Teologie als Handlungswissenschaft. (In Klostermann, F. & Zeffass, R., reds. Praktische Teologie Heute. Munchen: Kaiser. p. 164-177.)

7. BYVOEGSEL 1 - VRAELYSTE

1. Vroue

- a. Ouderdom? _____
- b. Kerkverband? _____
- c. Wanneer het dit onder jou aandag gekom dat jy gemolesteer is?

- d. Hoe oud was jy toe molestering begin het? _____
- e. Hoe oud was jy toe molestering gestaak is? _____
- f. Deur hoeveel mense is jy gemolesteer? _____
- g. Wat dink jy het jou die molestering laat oorleef?

- h. Kan jy sê dat jy nou heel is en dat jy die lewe kan geniet ?

- i. Kan jy die besonderhede rakende die molestering alles onthou of is daar hiate (gapings) in jou geheue?

- j. Kan jy in besonderhede praat oor die molestering sonder om emosioneel oorweldig te raak?

- k. Kry jy nog baie nagmerries of onaangename drome van die molestering?

- l. Watter tipe snellers roep nog slegte herinneringe vir jou op?

2. Huwelik

- a. Hoe lank is jy nou getroud? _____
- b. Is jy al geskei? _____ Hoeveel keer? _____
- c. Het jy al ooit buitehuwelikse seksuele verhoudings gehad ? _____

- d. Watter huweliksprobleme het ontstaan wat voortspruit uit die feit dat jy gemolesteer is?

- e. Vertrou jy al jou huweliksmaat met al jou vrese?

- f. Het jy `n vrees vir intimiteit?

- g. Kan jy iets vra wanneer jy iets nodig het?

h. Neem jy dikwels die skuld vir probleme op jouself?

i. Weet jou huweliksmaat dat jy gemolesteer was?

j. Praat jy oor situasies wat jou ongemaklik en bang laat voel, met jou huweliksmaat?

3. Seksuele probleme

- a. Het jy dikwels geen belangstelling in seksuele gemeenskap nie?

- b. Het jy dikwels `n vrees vir omgang?

- c. Gaan seksuele gemeenskap dikwels gepaard met pyn?

- d. Is daar `n vrees vir penetrasie?

- e. Vind daar spierspasma plaas tydens penetrasie?

- f. Het jy ooit met *vaginismus* gesukkel (penetrasie is onmoontlik as gevolg van `n reflektiewe verstywing van spiere wanneer daar gepoog word om die vagina binne te dring)?

- g. Het jy al ooit gesukkel met *dyspareunia* (of pynlike geslagsomgang), brandgevoel, spasma of krampe wat tydens omgang kan ontstaan?

- h. Het jy jou al gedwing om voort te gaan met seksuele omgang al was dit seer en skrikwekkend?

- i. Bestaan daar 'n onvermoë om 'n orgasme te bereik?

- j. Vind jy dat jy 'n onvermoë het om tydens gemeenskap in jou liggaam te wees (*spacing out*)?

- k. Word sekere belewenisse tydens gemeenskap gesneller (*getrigger*) wat verband hou met jou molestering?

- l. Tree jy soms op onverklaarbare wyses op wanneer jy besig is om intiem met jou huweliksmaat te verkeer?

m. Voel jy skaam tydens gemeenskap?

n. Voel jy skuldig as jy plesier beleef tydens gemeenskap?

o. Bestaan daar by jou 'n onvermoë om eerste toenadering te soek as die behoefte aan gemeenskap by jou ontstaan?

p. Hoe voel jy wanneer toenadering van die hand gewys word?

q. Dink jy dat jou behoefte aan seksuele gemeenskap oordrewe is?

r. Voel jy dat seks geheimsinnig en gevaarlik is?

- s. Voel jy dat seks iets is waardeur iets anders verkry kan word (byvoorbeeld nuwe klere, geld, gunste en so meer)?

- t. Voel jy dat seks jou buite beheer laat?

- u. Voel jy dat daar geen morele perke aan seks is nie?

- v. Voel jy dat seks net seermaak?

- w. Dink jy dikwels aan die manlike geslagsorgaan as `n wapen wat verniel?

- x. Het jy ooit êrens om hulp aangeklop met die oog op seksterapie?

4. Waar het jy om hulp gaan aanklop?

Kerk

Sielkundiges

Mediese dokters

Psigiaters

Seksterapeute

Waarseërs

Alternatiewe geneeskunde? Watter?

Spiritualiste

Vriendinne

5. Waar het jy hulp gekry?

Kerk

Sielkundiges

Mediese dokters

Psigiaters

Seksterapeute

Waarsêers

Alternatiewe geneeskunde? Watter?

Spiritualiste

Vriendinne

6. Wat is jou belewenis van die Kerk se beradingsbenadering?

a. Is daar gepraat oor seksualiteit?

b. Is seksuele probleme ooit bespreek?

c. Is konkrete wyses van hoe om seksualiteit te hanteer bespreek?

d. Is God se besondere plan met betrekking tot seksualiteit aan jou verduidelik?

e. Is die leuen wat die vyand in jou hart kom lê ten opsigte van seksualiteit aan die kaak gestel?

f. Het jy gebed ontvang met betrekking tot die besonderhede van die molestering?

g. Is jy toegelaat om uiting te gee aan woede en aggressie?

h. Is daar aan jou uitgewys dat die reg om hierdie aggressie te beleef jou nader sal bring aan vergifnis?

i. Is daar vir jou konstruktief uitgewys hoe om die konkrete aspekte soos snellers, terugflitse en die gevoel van afwesigheid in jou daaglikse omgang te hanteer?

j. Hoe sou jy wou hê die kerk jou moet hanteer?

k. Voel jy die kerk doen te min vir persone wat gemolesteer word?

- l. Sou jy wou hê die kerk moet meer uitgesproke wees oor molestering en seksuele wanpraktyke?

- m. Het jy 'n behoefte om in die kerk meer betrokke te wees by 'n ondersteuningsgroep vir vroue soos jy?

- n. Sou jy graag verder in jou lewe sulke vroue wou help deur middel van die helingsproses?

7. Jou beleving van god

- a. Ken jy Jesus Christus as jou Verlosser en persoonlike Vriend?

- b. Beleef jy woede teenoor God?

- c. Voel jy in die steek gelaat deur God?

- d. Het jy `n intieme liefdesverhouding met Christus?

- e. Is jy nog betrokke by die kerk?

8. Jou behoeftes

- a. Wat was die hoofsaaklike dryfveer wat jou aangespoor het om hulp te gaan soek?

- b. Wat het aan jou die meeste frustrasie besorg tydens jou soeke na hulp?

- c. Wat was jou verwagtinge van die beradingsproses?

- d. Watter aspekte betreffende jou seksuele en intimiteitslewe het jy gevoel behoort veral aandag te geniet?
